

# **“Lewe met die Ewigheid in my Gedagtes”**

**‘n Openbaring van God - Aan Pastoor Dirk Flemix**

**Vertaal in Afrikaans deur Marisa Ferreira**

## **Hoofstuk Afdeling**

1. Die pad na Paradys.
2. Die “3 + 9” = \_\_\_ Openbaring.
3. Die Tabernakel van God vandag.
4. Die 12 stappe na die Hemel.
5. Al wat Jesus nog altyd wou gehad het.
6. Geloof in aksie.
7. Die Vuur Altaar van vandag.
8. Jy kan dood gaan.
9. In die Naam van...
10. Die vergifnis, genesing en bevrydings- maaltyd.
11. Die wierook altaar van vandag
12. Jy vra nie.
13. Bid oor alles.
14. Loof God, 24 uur ‘n dag
15. Aanvaar Dissipelskap.

## Hoofstuk 1: Die Pad na Paradys:

*Mat 7:13 “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.*

*14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.*

*15 “Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige Hier wolwe is.*

Hierdie woorde van Jesus Christus

Dit is vreeslik hartseer, dat ‘n groot persentasie mense en selfs ‘n nog groter getal Christene die Hemel nooit sal haal nie.

Die finale eindbestemming van ons geloof

Hierdie verklaring bring altyd ‘n magdom argumente in verskeie kerke voort. Daar word dan aan die Onderwyser gevra “Hoe kan u so sê dat ‘n groot persentasie Christene nooit die Hemel sal sien nie?” Ja, dit is hartseer dat slegs ‘n handvol die Nuwe Jerusalem, die Hoofstad van die Hemel in God se Koningryk, sal bereik.

Waarom het Jesus dit gesê?

Dit is baie eenvoudig.

Om die volkome Gees gevulde, kind van God te word, is nie ‘n maklike taak nie. Dit is waar dat nie almal wat hulself ‘n Christen noem die Hemel eendag sal sien nie.

Daar is miljoene Christene reg oor die wêreld; die meerderheid van ons word slegs “Christene” genoem omdat ons in ‘n Christelike gesin of ‘n Christelike Land soos Suid-Afrika, gebore is.

Maar die meerderheid van ons Christene het nie ‘n verhouding met die Titelhouer van die naam Christenskap = Jesus Christus nie.

Ja, ek is ‘n Christen en woon in Suid-Afrika. Ek ken die eerste demokratiese President, Mr. Nelson Mandela. Maar ek het nog ooit ‘n verhouding met hom

gehad nie. Maar ek ken Jesus Christus, met wie ek nog nooit 'n aangesig tot aangesig ontmoeting gehad het nie, maar die verskil is dat ek 'n verhouding met Jesus het.

As jy nie 'n verhouding met die 3 Persone van die Drie-eenheid, God die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees, het nie, sal jy nie die Hemel bereik nie. EN dit is 'n feit.

Die waarheid is dat niemand die Koningryk van God kan ingaan, sonder om weer gebore te word uit water en uit die Gees nie.

In Jesus se eerste preek op die Berg het Hy ons die wet van die Hemel gegee, genaamd die SALIGSPREKINGE (In Engels word dit mooi uitgedruk as die "BEATTITUDES" en ons kan ook dan nou sê dit is 'n lys van "ATTITUDES" (houdings) wat ons nodig het om te "BE"(word) = BEATTITUDES

Hierdie reëls en regulasies moet gevolg word om 'n Burger van die Hemel te word.

Matt 5 v 1-12

Ons moet hierdie lys van HOUDINGS + WORD, voordat ons die Ewige Lewe of Burgerskap van die Koningryk van God, kan verkry.

En dan laastens "WORD" ons ook "apart gestel as Heilig vir die Here".

Regdeur die Bybel vind ons baie riglyne wat ons kan volg om te verseker dat ons, ons finale eindbestemming sal bereik. Die pad na die Paradys is genoem die weg na die Ewige Lewe en die Tuin van Eden.

Jesus het nog 'n verklaring gemaak.

*Mat 7:21 "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die Koningryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.*

*22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?*

*23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"*

Sal alle Christene die Hemel bereik? Sal alle Christene die Heilige Stad ingaan?  
En sal alle Christene die Ewige Lewe ontvang?

**NEE!**

Ons almal ken die Goeie Nuus Evangelie van Jesus Christus. En dit is die  
waarheid. Ons almal weet dat ons eindbestemming net één van twee kan wees.

Hemel of Hel

Maar die grootste en mees bedrieglikste en misleidendste leuen in die Heelal is  
wanneer daar vir jou vertel word dat jy die Hemel sal bereik terwyl jy in  
werklikheid in die verkeerde rigting in beweeg. Hierdie leuens saam met die  
valse en misleidende informasie word deur die Satan en sy volgelingen aan mense  
vertel. En die leuen is; “dat jy met jou lewe kan voortgaan in sonde, en dat God  
se genade vir jou genoeg is. Moenie bekommerd wees nie, jy sal die Hemel  
haal.”

Maar in werklikheid is jy nie eers naby die regte pad wat na die Paradys toe lei  
nie.

Hierdie leuen van Satan het sowat ± 2000 gelede begin en is steeds besig om  
baie Christene te mislei.

Die grootste misleiding ooit is om Christene te maak glo dat hy/sy oppad is na  
die Hemel. Satan sal jou verskeie padkaarte en verlossings planne wys. Maar  
almal van hulle is misleidend en jy sal die Hemel met kilometres mis.

Satan sal die waarheid verander en aanpas, of eerder verdraai, op so ‘n wyse dat  
dit toets die beste Christene sal mislei. En dit sal die rede wees waarom jy die pad  
na die Paradys sal mis.

Ja, Satan verander die verlossings plan om ons as Christene te mislei.

Hoe kan ons dan toelaat dat hierdie uitgedrewe en gevalle engel, ons kom  
ontwortel van ons ware eindbestemming na die Hemel wat die Hoofstad van die  
Koningryk van God is?

Dit was die hoofsaaklike rede waarom Jesus gebid het tot die Vader om vir ons  
die vertrooster te stuur, om ons na die Hemel te lei.

Sonder die Doping van die Heilige Gees en die Vertrouwing en Leierskap Krag van die Gees van God kan ons baie maklik ontwortel word en deur Lucifer mislei word, totdat ons die duiwel self sou volg en saam met sy demone en volgelinge in die poel van vuur gewerp sal word (Hel).

Huidiglik is Satan self ook besig om die Doping van die Heilige Gees te na-aap. Christene glo dat hulle werklike met die Heilige Gees gedoop is, terwyl hulle nie is nie. Die valse Profete doen hulself voor as die Engel van die Lig. Of soos Jesus dit gestel het in *Mat 7:15* “*Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.*”

Dit is ook die rede vir hierdie Openbaring vanaf God. So ook in die volgende boek getiteld “ Not just a Spirit”.

Ons moet terug gaan na die oorspronklike plan van God. En ons moet dit stap vir stap volg.

Die oorspronklike verlossingsplan van God is vir ons gegee in die Ou Testament en in die Nuwe Testament vind ons die presiese replika daarvan (’n stap vir stap Verlossingsplan).

Dit word genoem die Tabernakel van God asook die Goeie Nuus Verlossings plan.

Ons moet die 12 stappe na die Hemel volg en dit bemeester tot in die fynste detail. En hierdie stappe moet ons stap-vir-stap volg totdat ons bestemming, die Hemel, bereik is.

Ons kan dit nie bekostig om mislei te word nie. Ons moet ons finale eindbestemming deur hulp van Jesus Christus en die Gees van God se leiding, bereik

Ons, *ek en jy*, moet in die Hemel opeindig. Dit is eintlik waaroor Christenskap gaan. Om saam ons Meester en Redder = Jesus Christus te wees in die plek wat Hy gegaan het om vir ons voor te berei.

**Wil jy die Hemel bereik?**

As jou antwoord JA is!

Kom en neem die stappe een vir een saam met my. Dit is nie 'n maklike pad nie, maar die eindbestemming is 'n verstommende, beeldskone plek.

“Hou my hand, en ek sal by jou wees” sê Jesus.

Kom ons neem die Stappe saam.

### **Nog 'n verklaring van Jesus**

*Joh 3:5 “Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie”.*

### **'n Toneel uit die Toneelstuk**

“Die Plek van Dood” – geskryf deur Dirk Flemix.

#### **Op die Pad na die Paradys.**

#### **Toneelstuk: Die Plek van Dood.**

#### **Toneel**

7.

#### **Akteur**

Leser

#### **Draaiboek**

Jesus, Adam en die ander Profete was op die pad na die Paradys vanaf die Plek van Dood toe hulle 'n man te voet tegemoet gekom het. Die man was nederig en het 'n hout kruis op sy skouers gedra

#### **Aksie**

Adam wat agter geloop het, het stilgehou.

**Akteur**

Adam

Middag Vriend, wie is jy?  
Jy lyk soos 'n rower, maar jy dra 'n kruis op jou skouers, van waar af is jy?

**Draaiboek**

**Aksie**

Adam loop om die rower.

**Akteur**

Die Rower

Ja, ek was 'n rower op die Aarde en die Jode het my gevang. Ek was verhoor en gevonnissen en uiteindelik is ek gekruisig saam met die Meester Jesus Christus die Gesalfde wat aan die middel kruis gesterf het.

**Draaiboek**

**Aksie**

Wys na die regterkant

**Akteur**

Die Rower

en terwyl Jesus nog op die Kruis was, het ek die tekens rondom ons begin sien en het ek in Hom begin glo. Ek het toe na Jesus toe gedraai en tot Hom gebid. Ek het van Hom versoek

**Draaiboek**

**Aksie**

Plaas sy hande saam en bid

**Draaiboek**

Jesus, Seun van God, onthou my asseblief wanneer U die Koningryk vandag ingaan, en Jesus het Sy kop in pyn na die rower gedraai. En Jesus het gesê!

**Aksie**

sy hoof gebuig

**Akteur**

Jesus

Dit verseker ek jou; vandag nog sal jy in die Paradys ingaan saam met My!

**Draaiboek**

**Aksie**

Hard en Duidelik

**Akteur**

Die Rower

Dit is die rede vir die hout kruis op my skouers, want ek is haastig oppad na die Paradys toe.

**Draaiboek**

**Aksie**

Begin verby Adam loop, na die Engel toe

**Akteur**

Die Rower

Boodskapper Engel, Aartsengel Migael, asseblief ons Meester Jesus Christus, die Gekruisigde, het aan my beloop dat ek vandag saam met Hom die Paradys sal ingaan. Wys asseblief aan my waar is die Hekke van Eden,

**Draaiboek**

**Aksie**

loop verby die Engel

**Akteur**

Die Engel

Wag asseblief net 'n oomblik, moet tog nie so haastig wees nie, Adam, Koning Dawid, Abraham, Jesaja en al die ander profete wat van die plek van Dood af kom, moet saam met jou gaan.

**Draaiboek**

**Aksie**

Die Engel stop die rower en wys na die ander.

**Akteur**

Die Engel

Maar eers moet jy na die Jordaan Rivier gaan, sodat julle almal gedoop in die water en in die Gees kan word voordat julle die Hemel kan ingaan.

**Draaiboek**

**Aksie**

Wys na die Rivier

**Akteur**

Die Engel

Ja, slegs dan eers kan jy die Paradys na die Nuwe Jerusalem ingaan, om die Groot Feesmaal wat vir almal voorberei is, om die opstanding van die

**Draaiboek**



Koning van Glorie, Jesus Christus, die Lewende Seun van God, te kan gaan vier.

**Aksie**

Almal begin om in die rigting van die Rivier te loop, vol opgewondenheid.

## **Hoofstuk 2: Die “3 + 9”= Openbaring.**

My vraag aan God het hierdie Openbaring getitel  
“Lewe met Ewigheid in my gedagtes” begin.

### **Die Vraag in gebed aan God**

God, met my huidige lewe en geloof, sal ek die Hemel bereik as my finale  
eindbestemming?

### **God se antwoord aan my:**

3+9=

Ek het nie verstaan nie, en so het ek weer gebid. God, ek verstaan nie die  
antwoord nie. Verduidelik asseblief.

### **God se tweede antwoord aan my:**

Jy is ‘n gekwalifiseerde Rekenmeester, werk dit uit!

Die antwoord op die som wat ek gehad het was: 3+9=12.

Dit was die maklike gedeelte. Maar vir die antwoord hiervoor moes ek na die  
Woord van God, die Bybel, gegaan het. Ek het in alle erns gaan soek in die  
Woord.

- 0-1.** Die nommers 0 en 1, volgens die Bybel – Die Begin en die Einde, die Alfa en die Omega. Rekenaar-taal is opgemaak uit hierdie simbole, 01110001101100110. Genesis tot Openbaring.
- 2.** Die nommer verteenwoordig ons as Mense, met 2 arms, 2 bene, 2 oë en so meer, 2 Rigtings van Ewigheid, wanneer 2 of 3 saam is, daar is Jesus in die teenwoordigheid.
- 3.** Hierdie nommer behoort aan Jesus. Jesus was 33 jaar oud toe Hy met Sy Bediening begin het en Sy Bediening het 3 bestaan. Daar was ook die 3 Wyse manne. 3 Dae in die Graf, die 3 Kruise op Golgota, en die 3 Ure van duisternis nadat Jesus gesterwe het. Dit was een van die Nommers wat God aan my gegee het.

(Ook stap 3 van die 12 stappe na die Hemel).

### **3 = JESUS**

### **JESUS + 9 = 12**

- 4.** Die nommer van veranderinge, 4 seisoene, 4 kwarte van 'n sirkel, 4 siklusse van die Maan.
- 5.** God se verhouding met mens. God se Hand wat ons hand raak, as ons bid plaas ons ons hande teenmekaar, 5 vingers per hand.
- 6.** Ons almal ken die nommer, die nommer van Satan = Lucifer. Die merk van die dier, die nommer is 666. 'n Omgekeerde en verdraaide 9.
- 7.** Behoort aan God, God het die Hemele en die Aarde geskape in 7 dae, en gerus op die 7de dag, Aarde het 7 kontinente, alles wat God geskape het is in die vorm van 'n 7. Ons arms, bene, vingers, neus en nog ander dele is in die vorm van 'n 7, die golwe van die Oseaan kom in intervalle van 7's.
- 8.** Ons weet die 8 stel die teken van oneindigheid voor. Alles in die Heelal sal voortbestaan totdat God dit stop deur Jesus Christus wat terug sal kom na die aarde toe op Oordeelsdag.
- 9.** Hierdie nommer was moeilik om eers te vind, maar ek het naderhand besef dat dit die nommer is wat die Heilige Gees van God voorstel.

Die Heilige Gees het eers gearriveer by die Doping op die Pinkster dag teen die 9de uur; die Heilige Gees het 9 Gewese van die Gees – 1 Kor 12

Die Heilige Gees het 9 Vrugte van die Gees – Gal 5 v 22 – 23

So ook is stap 9 van die 12 stappe na die Hemel

### **9 = HEILIGE GEES**

### **JESUS + DIE HEILIGE GEES = 12**

- 12.** Die nommer was baie maklik om te vind. Die nommer behoort aan die Hemel.

Die 12 hekke na die Stad, die 12 maande van die jaar, die 12 dissipels van  
Jesus en die 12 stamme van Israel.  
So ook is stap 12 van die 12 stappe na die Hemel

**12 = HEMEL**

**JESUS + DIE HEILIGE GEES = HEMEL**

*Joh 3:5* Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as  
**niemand** gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk  
van God nie ingaan nie.

*Joh 3:16* Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore  
Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie,  
maar die ewige lewe kan hê.

*Mat 3:16* En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water  
opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van  
God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.

### **Hoofstuk 3: Die Tabernakel van God vandag.**

Die Tabernakel van God van gister en vandag.

Die ou verbond en die nuwe verbond – die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die ou verlossingsplan en die nuwe verlossingsplan.

Met hierdie studie van die Tabernakel van God en dan later die Tempel van God.

God het duidelike instruksies gegee aangaande die presiese plan van die Tabernakel aan Moses en Aaron en later aan Israel en aan Salomo met die konstruksie van die Tempel van God in Jerusalem.

Ons gaan nou van nader kyk na die planne in die uitleg van die oorspronklike Tabernakel asook die betekenis van elke item in die Tabernakel. Ons sal met elke item die rede vir daardie item asook die stap in die nuwe verlossingsplan vind, volgens die Ou Plan.

Die studie is ‘n spieëlbeeld van God se openbarings aan my.

Die 12 Stappe na die Hemel “Lewe met die Ewigheid in my gedagtes”

Die oorspronklike Tabernakel was ‘n groot tent met ‘n opening aan die een kant en binne in hierdie tent was ‘n kleiner tent wat verdeel was in twee seksies deur middel van ‘n gordyn.

As jy aan die buite kant van die buitenste tent was, dan was jy sonder die teenwoordigheid van God in jou lewe. Jy moes die hoof tent area binne gegaan het om jou offer vir sonde vergifnis te bring.

In vandag se terme lewe jy in ‘n sondige Wêreld, sonder God in jou lewe.  
Eksodus 38 v 9-20

*Eks 38:9 Hy het ook die voorhof gemaak. Aan die suidekant, na die suide toe, was daar die behangsels van die voorhof, van fyn dubbeldraad-linne, honderd el lank;*

*10 daarby twintig pilare met hulle twintig kopervoetstukke; die kramme en die ringe van die pilare was van silwer;*

*11 en aan die noordekant honderd el; daarby twintig pilare met hulle twintig*

- kopervoetstukke; die kramme en die ringe van die pilare was van silwer.*
- 12 En aan die westekant was daar behangsels, vyftig el lank; daarby tien pilare met hulle tien voetstukke; die kramme en die ringe van die pilare was van silwer.*
- 13 En aan die oostekant, teen sonop, was daar vyftig el;*
- 14 vyftien el behangsels vir die een kant, daarby drie pilare met hulle drie voetstukke;*

### **Stap 1:**

Erken dat jy 'n sondaar is, sonder God in jou lewe, dat jy in sonde lewe in 'n sondige Wêreld.

Soos jy die Hoof tent binne tree, draai jy weg van sonde af en beweeg jy nader aan God se teenwoordigheid. Eksodus 38 v 1-7

- Eks 38:1 Hy het ook die brandofferaltaar van akasiahout gemaak. Vyf el was sy lengte en vyf el sy breedte, vierkantig, en drie el sy hoogte.*
- 2 En hy het sy horings op die vier hoeke gemaak; sy horings was, daarmee saam, uit een stuk: en hy het dit met koper oorgetrek.*
- 3 Hy het ook al die gereedskap van die altaar gemaak: die potte en die skoppe en die komme, die vurke en die vuurpanne. Al dié gereedskap het hy van koper gemaak.*
- 4 Ook het hy vir die altaar 'n traliewerk gemaak, 'n netwerk van koper, onder sy lys, onderaan tot by die helfte van die altaar.*
- 5 En hy het vier ringe aan die vier ente van die kopertraliewerk gegiet, as plekke vir die draaghoute.*
- 6 En hy het die draaghoute van akasiahout gemaak en dit met koper oorgetrek.*
- 7 En hy het die draaghoute in die ringe gesteek, aan die kante van die altaar, om dit daarmee te dra; hy het dit hol, van planke, gemaak.*

## **Stap 2:**

Draai weg van sonde af en beweeg na God toe vir verlossing.

Sodra jy die hooftent binne getree het, aan die linkerkant was die plek waar die offeringe gedoen was.

Hierdie was die plek waar die offer voorberei geword het, indien dit 'n lam was, was dit h er waar die lam geslag was. Hierdie was die plek van bloed en veranderinge. Eksodus 38 v 8

*Exo 38:8 Hy het ook die koperwaskom gemaak met sy kopervoetstuk, uit die spie ls van die diensdoende vroue wat by die ingang van die tent van samekoms gedien het.*

## **Stap 3:**

Aanvaar Jesus Christus as jou persoonlike redder.

Die bloed van Jesus (Die Lam van God) wat gestort was vir ons sondes op Golgota 1983 jaar gelede toe Jesus op die ou ruwe kruis vir ons sondes gesterf het.

Soos jy jou offer voorberei het, het jy nader na die vuur altar beweeg en in geloof gestaan: geloof dat God jou nederige offer as betaling vir jou verlede sondes sal aanvaar.

## **Stap 4:**

H  geloof in God, Jesus en die Heilige Gees (Die Drie-Eenheid) Dit is om te glo in vergifnis en aanvaarding.

Nou plaas jy jou offer op die vuur altaar en sien hoe die vlamme van die altaar jou offer brand en hoe die rook van jou offer optrek na God toe vir goedkeuring.

**Stap 5:**

Gee en ontvang vergifnis. Gee en vra omvergifnis aan ander mense en ontvang vergifnis van God.

Sien die Hoofstuk: die vuur altaar van vandag.

Na jou offer geoffer is, beweeg jy na die Koperwaskom toe om jou bloed bevlekte hande skoon te was.

**Stap 6:**

Die Doping van Water, skoon gewas deur die Bloed van Jesus en nou kan ons die Wedergebore status ontvang. Eksodus 38 v 8

Hierna beweeg jy verby die Koperwaskom en gaan staan jy voor die Heilige tent. Hierdie Heilige afdeling van die Tabernakel wat dan ook later alleenlik beskikbaar was vir die Priester wat in die Tempel gewerk het, en nie vir die algemene mens beskikbaar was nie. Enige iemand anders as die Priester self, kon net toestaan ek kyk hoe die Tempel Priester die offer gaan offer het aan God, en mag self nie in hierdie Heilige deel gegaan het nie en moes uit die hoof tent area uit gegaan het.

Maar toe Jesus aan die Kruis gesterf het, het die Heilige van die Heiliges afdeling vir ons oopgegaan deur die Gees.

**Stap 7:**

Bestudering van die Woord van God (Die Bybel) en lees die beloftes van God, leer meer oor die Drie-Eenheid net soos die Priester van Oud die kennis gehad het, so ook leer ons nou meer oor ons toekoms en ons lewe vorentoe saam die Drie-Eenheid.

Let wel: Dat hierdie die punt is waar 'n groot hoeveelheid Christene vassit op hulle reis na die Hemel. Net soos in die OU Testament, is dit ook by hierdie punt waar die meeste mense terug draai.



Om Jesus as jou Redder te aanvaar, beteken dat jy 'n mede-erfgenaar van die Heilige Afdeling word. Daardeur ontvang jy jou Priesterskap om na die volgende plek in die Tabernakel, die Heilige Afdeling in die tent voor jou, te kan beweeg.

Soos jy die Heilige Afdeling van die tent betree, is die eerste item aan jou regterkant die Tafel van Toonbrode en Wyn offer; verder na die linkerkant is die Goue Lamp Staanders; en reg voor die gordyn is die Wierook altaar.

### **Stap 8:**

Die Tafel van Toonbrode en Wyn – die Paasmaaltyd. Op hierdie stadium word dit die Vergifnis, Genesing en Verlossings maaltyd genoem. Eksodus 37 v 10-16

*Exo 37:10 Hy het ook die tafel van akasihout gemaak. Twee el was sy lengte, en 'n el sy breedte, en anderhalf el sy hoogte.*

*11 En hy het dit met suiwer goud oorgetrek en daarvoor 'n goue krans gemaak rondom.*

*12 Hy het ook daarvoor 'n lys van 'n handbreed gemaak rondom; en hy het 'n goue krans vir die lys gemaak rondom.*

*13 Hy het ook vier goue ringe daarvoor gegiet; en hy het die ringe vasgesit aan die vier hoeke van die vier pote.*

*14 Naby die lys was die ringe as plekke vir die draaghoute om die tafel te dra.*

*15 Hy het ook die draaghoute van akasihout gemaak en dit met goud oorgetrek om die tafel te dra.*

*16 En hy het die gereedskap gemaak wat op die tafel moes wees: sy skottels en sy rookpanne en sy bekere en sy kanne waarmee gegiet moes word, van suiwer goud.*

Die Goue Lamp Staanders: Bou geloof in jou lewe – 7 vlakke van Geloof.  
Eksodus 37 v 17-24

Die Wierook altaar = Gebed, Lofprysing en Aanbidding. Eksodus 37 v 25-29

*Exo 37:25 En hy het die reukaltaar van akasihout gemaak; 'n el was sy lengte en 'n el sy breedte, vierkantig, en twee el sy hoogte. Sy horings was, daarmee saam, uit een stuk.*

- 26 *En hy het dit met suiwer goud oorgetrek: die plaat, die sykante en die horings. En hy het daarvoor 'n goue krans gemaak rondom.*
- 27 *Hy het ook twee goue ringe daarvoor gemaak, onderkant die krans aan weerskante, aan die twee sykante, as plekke vir draaghoute om dit daarmee te dra.*
- 28 *En hy het die draaghoute van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek.*
- 29 *Hy het ook die heilige salfolie gemaak en die suiwer reukwerk van speserye, soos 'n salfmenger dit maak.*

Slegs 'n klein persentasie maak dit tot by hierdie punt om verder voort te gaan.

### **Stap 9:**

**Alleenlik wanneer jy sonder sonde en vry van onvergewensgesindheid is kan jy die Doping van die Heilige Gees ontvang.**

Agter die Wierook Altaar is die Hoof Gordyn wat die Heilige van die Heiliges (ook die Allerheiligste) afskort. Hier was die Ark van God gehou = die Teenwoordigheid van die Almagtige God.

Voorheen kon slegs die Hoë Priester agter die gordyn gegaan het en ook net een maal 'n jaar om die Bloed van die offer op die Ark van God te besprinkle. En selfs dan moes hy sy oë toe gehou het, anders as hy sy oë oopgemaak het of selfs net aan die Ark van God geraak het, het hy oombliklik gesterf.

Maar nou is hierdie area oop vir ons en die proses om tot hier te kom word die Doping van die Heilige Gees genoem. Toe Jesus aan die Kruis gesterf het, het God hierdie gordyn van bo na onder oopgeskeur vir dié wat hierdie stappe volg.

Stap 9: Die Doping van die Heilige Gees. Sien ook die Openbaring boek getitel: "Not just a Spirit"

Nadat jy die Doping van die Heilige Gees ontvang het en jy die Allerheiligste ingegaan het, sal jy die Ark van God sien. Dit verteenwoordig die Glorie en Teenwoordigheid van God Almagtig.

## **Stap 10:**

Aanvaar jou Dissipelskap, van Jesus af volgens Matteus 28 v 19.

*Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*

*19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

*20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*

Jesus het aan Sy dissipels opdragte gegee om te gaan wag vir die Doping van die Heilige Gees – Om vir die Vertrouster te wag. Soos in Handeling Hoofstuk 2

Daarna het Hy hulle bevel gegee. Soos ons sien in Matteus 28 v 19 Nadat jy hierdie bevel van Jesus aanvaar het, kan jy nou gaan en voor die Ark van God gaan staan en die Glorie van die Hemel aanskou. Maar jy moet sterwe (die 1ste Dood) om die volle Glorie van God te sien = Die Ewige Lewe. Of die Ewige Straf!

Jy moet nou goedgekeur word om die Hoofstad van die Koningryk van God, genaamd die Hemel, die Paradys of Tuin van Eden, in te gaan.

## **Stap 11:**

Ontvang die Merk van God = Die Seël van God wat jou seël vir die Ewigheid. Dit is om goedkeuring van die Heilige Gees te ontvang om die Hemel in te mag gaan.

Sien ook die volgende Openbaring boek “Are you Heaven ready”.

Dan die Ark van God (Ewige Lewe) Eksodus 37 v 1-9

*Exo 37:1 En Besáleël het die ark van akasihout gemaak; twee en ‘n half el was sy lengte, en anderhalf el sy breedte, en anderhalf el sy hoogte.*

*2 En hy het dit oorgetrek met suiwer goud, van binne en van buite; en hy het daaraan ‘n goue krans gemaak rondom.*

*3 En hy het daarvoor vier goue ringe gegiet, aan sy vier voete, só dat twee*

- ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant was.*
- 4 En hy het draaghoute van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek;*
  - 5 en hy het die draaghoute in die ringe gesteek aan weerskante van die ark om die ark te dra.*
  - 6 Hy het ook 'n versoendeksel van suiwer goud gemaak. Twee en 'n half el was sy lengte, en anderhalf el sy breedte.*
  - 7 Ook het hy twee gérubs van goud gemaak. Van dryfwerk het hy hulle gemaak, aan die twee ente van die versoendeksel.*
  - 8 Een gérub aan die een ent en een gérub aan die ander ent. Uit een stuk, saam met die versoendeksel, het hy die gérubs gemaak, aan die twee ente.*
  - 9 En die gérubs het die vlerke boontoe uitgesprei gehou, terwyl hulle met hul vlerke die versoendeksel beskut; en hulle aangesigte was na mekaar toe. Die gesigte van die gérubs was op die versoendeksel gerig.*

**Stap 12:**

Ontvang en gaan die Ewige Lewe in na die Groot Wit Troon Oordeel.

Ons sien dat volgens die Plan van die Tabernakel in die Ou Testament, dat hierdie stappe 'n spieëlbeeld stap-vir-stap is soos die Nuwe Testament se Nuwe Verlossingsplan wat vir ons gegee is.

Ons moet hierdie stap-vir-stap volg om eendag die Hemel in te kan gaan.

(Sien onder die tekening van die Tabernakel plan)


## DIE TABERNAKEL VAN GOD

### Die Oorsprong in die Ou Testament

1. Buitekant die Tabernakel
2. Die Ingang na die Tabernakel
3. Die Offer voorbereidings gedeelte
4. Offer jou offer aan God
5. Plaas jou offer op die altaar
6. Waskom
7. Voor die Heilige gedeelte
8. Binne in die Heilige gedeelte
9. Die Hoof Gordyn
10. Die Bloed Offeringspunt
11. Die Allerheiligste
12. Die Ark van God, God se Teenwoordigheid

### Die verlossingsplan van die Nuwe Testament.

1. Erken dat jy 'n Sondaar is, sonder God.
2. Draai weg van sonde af.
3. Aanvaar Jesus as jou Verlosser
4. Geloof in die Drie-Eenheid
5. Gee en ontvang vergifnis
6. Die Doping in Water
7. Bybelstudie, Lees God se Woord
8. Bou op Gebed, Geloof en Vergifnis
9. Die Doping van die Heilige Gees
10. Aanvaar jou Dissipelskap.
11. Geseël vir die Ewige Lewe
12. Hemel, die Nuwe Jerusalem



## Hoofstuk 4: Die 12 Stappe na die Hemel.



### 'n Sondaar in 'n Wêreld vol sonde, sonder God

Elke stap is van uiterse belang en moet ten volle voltooi en bemeester word, voordat jy na die volgende stap toe kan beweeg in jou geestelike lewe.

Nie een enkele stap kan oorgeslaan word nie, of gemis word nie, of enigsins half hartig gedoen word nie. Ieder en elke stap moet 100 % gedoen word, voordat jy kan aan beweeg na die volgende stap in die gees.

Die hartseerste van dit alles is dat slegs 'n handjievol Christene die bokant van die stel trappe, wat die Hemel is, sal behaal. Meeste behaal nie eers stap 10 van hierdie openbaring nie.

'n Baie groot persentasie Christene sal nie Stap 11 bereik nie, en sommiges sal selfs struikel en van die trappe afval terug tot op die vloer.

Maar as jy dit eendag tot in die Hemel wil maak dan moet jy elke stap 100% bemeester. En dan beweeg jy nader en nader aan God en die Hemel.

Die Verlossingsplan is niks nuut nie, maar slegs 'n spieëlbeeld van die oorspronklike verlossingsplan van die Ou Testament wat die plan van die Tabernakel van God volg. Ook is dit dieselfde plan van die Tempel van God wat later deur God aan Moses gegee is.

Kom ons begin nou ons reis na die Hemel.  
Almal begin op die vloer:

*Sonder God in 'n Wêreld vol sonde!*

*Efes 2:12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.*

Kom ons beweeg na Stap 1, op die pad na die Hemel.

### **Stap 1: Erken jy is 'n sondaar.**

Jy moet hierdie stap self neem en jy moet erken dat jy as 'n sondaar in 'n sondige wêreld sonder God lewe. Jy moet besef dat as jy voortgaan om sondig te lewe dat jy nooit die Hemel sal bereik nie.

Erkenning is stap nommer 1.

God, ek is 'n sondaar, en ek besef dat met hierdie sonde in my lewe sal ek nie naby U kan lewe nie! En ek sal ook nooit die geskenk van die Ewige Lewe kan ontvang nie.

Ek weet dat ek nodig het om op te hou sondig en dat ek nodig het om U omvergifnis te vra vir my verlede oortredings. Ek het nodig om Jesus Christus in my hart in te nooi om in te kom en my gedagtes en my gees reinig te kom maak van alle sondes van my verlede.

Wat is sonde? Sonde is alles wat tussen jou en God staan. Met sonde in jou lewe, sal God nie deel van jou lewe wees nie.

Ja, God is lief vir jou! Maar Hy hou nie van sonde nie en daar is geen verhouding tussen jou en God as jy voortgaan in jou sondige maniere nie. Jy moet die verhouding tussen jou en God herstel.  
Deur hierdie stap te neem!

**Alle mense het gesondig.**

*Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God,*

**Sonde is versoeking.**

*Jak 1:15 Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.*

**Sonde begin in die verstand.**

*Mat 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.*

*Mat 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.*

**God moet sonde straf.**

*Exo 32:34 Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek.*

**Ons behoort nederig ons sondes te bely.**

*2Sa 24:10 Maar Dawid se gewete het hom gekwel nadat hy die volk getel het, en Dawid het aan die HERE gesê: Ek het swaar gesondig deur wat ek gedoen het; HERE, vergeef dan nou tog die skuld van u kneg, want ek het baie dwaas gehandel.*

*11 Toe Dawid die môre opstaan—die woord van die HERE het naamlik tot die profeet Gad, die siener van Dawid, gekom en gesê:*

*12 Gaan heen en spreek met Dawid: So sê die HERE: Drie dinge lê Ek jou voor; kies vir jou een daaruit, dat Ek jou dit kan aandoen—*

*13 toe het Gad by Dawid gekom en dit aan hom bekend gemaak en aan hom gesê: Wil jy dat daar sewe jaar lank hongersnood in jou land kom, of wil jy drie maande lank vlug voor jou teëstanders uit dat hulle jou agtervolg, of moet daar drie dae lank pes wees in jou land? Ondersoek nou en sien watter antwoord ek my Sender moet bring.*

*14 Daarop sê Dawid vir Gad: Ek is baie benoud; laat ons tog val in die hand*



van die HERE, want sy barmhartighede is groot, maar laat my in die hand van mense nie val nie.

- 15 En die HERE het 'n pes onder Israel beskik van die môre af tot op die bepaalde tyd, en van Dan tot Berséba het daar van die volk sewentig duisend man gesterwe.

### **Sonde lei tot die ewige dood.**

*Esr 9:5* Maar op die tyd van die aandoffer het ek opgestaan uit my verootmoediging; en terwyl ek my kleeed en my mantel skeur, het ek op my knieë my gebuig en my hande uitgebrei na die HERE my God

- 6 en gesê: My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregthede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog.

- 7 Van die dae van ons vaders af tot vandag toe is ons in 'n groot skuld, en oor ons ongeregthede is ons self, ons konings, ons priesters oorgegee in die hand van die konings van die lande, aan die swaard, aan gevangenskap en aan plundering en beskaming van die aangesig soos dit vandag is.

- 8 En nou was daar vir 'n klein oomblik genade van die kant van die HERE onse God, om vrygeraaktes vir ons te laat oorbly en ons 'n pen te gee in sy heilige plek, sodat onse God ons oë verhelder het en ons 'n bietjie verademing geskenk het in ons diensbaarheid.

- 9 Want slawe is ons; in ons slawerny egter het onse God ons nie verlaat nie, maar Hy het ons guns laat vind voor die konings van Persië, sodat hulle ons verademing geskenk het om die huis van onse God weer op te rig en sy puinhope te herstel en ons 'n muur te gee in Juda en Jerusalem.

- 10 En wat sal ons nou ná hierdie dinge sê, onse God? Want ons het u gebooie verlaat

- 11 wat U deur u knegte, die profete, beveel het deur te sê: Die land waar julle inkom om dit in besit te neem, is 'n onrein land vanweë die onreinheid van die volke van die lande, deur hulle gruwels waarmee hulle dit van die een end tot die ander vervul het in hulle onreinheid.

- 12 Gee dan nou julle dogters nie aan hulle seuns en neem hulle dogters nie vir julle seuns nie, en soek tot in ewigheid nie hulle vrede en geluk nie, sodat julle kan sterk word en die goeie van die land geniet en dit aan julle kinders as besitting kan gee tot in ewigheid.

- 13 En ná alles wat oor ons gekom het vanweë ons slegte daede en ons groot skuld—want U, onse God, het ons minder toegereken as wat ons

- ongeregtighede verdien het, en aan ons nog soveel vrygeraaktes gegee—*
- 14 *sal ons weer u gebooie verbreek en ons verswaer met hierdie gruwelike volke? Sal U nie op ons vertoorn wees, totdat ons vernietig is, sodat daar geen oorblyfsel of vrygeraakte meer is nie?*
- 15 *HERE, God van Israel, U is regverdig; want ons het as vrygeraaktes oorgebly soos dit vandag is. Hier is ons in ons skuld voor u aangesig, want niemand kan om sulke dinge voor u aangesig bestaan nie.*

### **Sondes gaan oor tot die dood.**

*Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.*

### **God sal ons, ons sondes vergewe as ons vergifnis vra.**

- 1Jn 1:8 *As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.*
- 9 *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

### **In sonde is ons sonder God.**

*Efes 2:12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.*

### **Mens het 'n sondige natuur.**

- Gen 3:1 Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?*
- 2 *En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,*
- 3 *maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe.*
- 4 *Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;*
- 5 *maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle*

- soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*
- 6 *Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.*
- 7 *Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.*
- 8 *En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God tussen die bome van die tuin.*
- 9 *Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy?*
- 10 *En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg.*
- 11 *En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?*
- 12 *En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet.*
- 13 *Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.*
- 14 *Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.*
- 15 *En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*
- 16 *Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers.*
- 17 *En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.*
- 18 *Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.*
- 19 *In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*

**God vereis 'n skoon hart; 'n rein hart.**

*Psa 51:12 Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.*

**Die Vlees bring voort Sonde; Die Gees bring voort Vryheid van sonde.**

*Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.*

*2 Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.*

**Stap 2: Draai weg van sonde.**

Jy het nou aan God en jouself erken het dat jy 'n sondaar is, en nou moet jy die besluit maak om weg te draai van sonde af. Jy moet nou die keuse maak om 'n 180 grade draai te maak weg van sonde af en na God toe; in die rigting van die Kruis. 'n Paar stappe sal in hierdie proses geneem word; Aanvaar Jesus, Vergifnis en dan uiteindelik die skoon was van alle sondes van jou lewe deur die Water Doping.

In hierdie stadium op die pad na die Hemel behoort daar een of ander vorm van emosie te wees in die vorme van trane, hartseer en/of berou.

Praat met God in gebed en wees opreg en maak jou hart oop teenoor Hom. Erken al jou sonde aan Hom, en vra Hom om jou te help met die oorwinning van sonde en om van sonde af weg te loop. Die Trane van hartseer en berou word in die geestes wêreld die Wedergebore genoem. Jou gedagtes en gees word nou skoon gemaak en jy word vrygelaat van die bindings van sonde.

Jy gaan voel of 'n las van jou skouers afgehaal is en jy gaan soos 'n nuwe persoon voel.

Jy ontvang nou 'n skoon bladsy in jou lewensverhaal van God af. Maar jy moet jou leefstyl van nou af verander en jy moet weg loop na die teenoorgestelde rigting van sonde af weg.

Op hierdie stadium sal jy altyd die stem van die grootste bedriëer hoor – Satan sal jou nou 'n lys van dinge vertel om jou te belemmer om voort te gaan na die

volgende stap. Ondermeer sal hy jou dinge vertel soos: Hoe kan jy verwag dat God jou sal vergewe vir al die vreeslike dinge wat jy in sonde gedoen het, of hy sal jou vertel dat jy nie so maklik net van sonde af kan wegloop nie.

Onthou: God het jou 'n skoon begin gegee, en niemand sal ooit hierdie dinge teen jou kan bring nie. Hy het hierdie sonde so vêr soos die weste van die ooste is, van jou af verwyder. Ja, Satan sal jou altyd kom herinner van jou verlede. Maar al wat jy moet doen is om hom van sy toekoms te herinner. Volgens Openbaring 20: Satan jy sal in die poel van vuur (Hel) gewerp word en jy sal tot in ewigheid gepyning word.

Draai weg van jou verlede en sondes af weg en stap na Jesus Christus toe, sonder om ooit weer terug te kyk.

Hier is paar voorbeelde van sonde:

### **Die Tien Gebooie.**

*Exo 20:1 Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê:*

- 2 Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.*
- 3 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*
- 4 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.*
- 5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat;*
- 6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.*
- 7 Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*
- 8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.*
- 9 Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;*
- 10 maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.*

- 11 *Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.*
- 12 *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.*
- 13 *Jy mag nie doodslaan nie.*
- 14 *Jy mag nie egbreek nie.*
- 15 *Jy mag nie steel nie.*
- 16 *Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.*
- 17 *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.*

Die Vrugte van die vlees = Sonde.

- Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;*
- 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;*
- 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.*

### **Stap 3: Aanvaar Jesus as jou persoonlike Redder.**

By hierdie stap – wag Jesus in afwagting vir jou.

By hierdie stap ontmoet jy die Koning van Konings, die Here van alle here, jou Redder Jesus Christus die Seun van die Almagtige God. Moenie bang wees nie, Hy is 'n God van Liefde. Hy sal jou met ope arms ontvang.

Hier sal jy erken dat Jesus aan die Kruis op Golgota vir jou sonde gesterf het en dat Sy Liggaam vir jou gegee is vir genesing en Sy Bloed is vir jou gegiet vir jou verlossing. Sy Bloed is die skoonmaak middel wat jou sondes weg was.

By hierdie stap gaan jy jou enigste ware vriend ontmoet. Van hierdie stap af loop jy vir die res van die pad, nooit weer alleen nie.

Jesus gaan langs jou loop.

God het Sy Seun gegee om vir ons sondes te sterf.

*Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

*Joh 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.*

*Joh 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

*Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;*

*26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?*

*Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.*

*Hand 16:31 Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.*

*Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.*

#### **Stap 4: Geloof in die Drie-Eenheid.**

By hierdie stap sal jy jou mosterdsaadjie geloof ontvang, nie net alleen om te glo dat Jesus nou binne jou woon nie, maar ook om te glo in God en die Heilige Gees wat jy persoonlik sal ontmoet op stap 9 en stap 12. Dit is nodig vir jou om te glo dat die Bybel God se woorde is. En ook dat jy oppad is na die mees wonderbare Stad wat jy al ooit gesien het. En baie gou sal jy die Koningkryk van die Hemel sien. Nou gaan jy op hierdie nuutgevonde vriendskap en geloof begin bou.

Geloof is nodig vir verlossing.

*Rom 3:28 Ons neem dus aan dat die mens geregtig word deur die geloof sonder die werke van die wet.*

God is Geloof.

*Efes 4:5 een Here, een geloof een doop,*

Slegs 'n klein hoeveelheid geloof is nodig.

*Luk 17:6 En die Here sê: As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant—en hy sou julle gehoorsaam wees.*

Geloof kom deur die gehoor, deur Bybel te lees en God se Woord uit te leef.

*Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.*

Geloof is die hoop op die dinge wat ons nie kan sien nie.

*Heb 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Geloof vergesel gehoorsaamheid aan God.

*Heb 10:7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God.*

*8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie—wat volgens die wet geoffer word—*

*9 het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.*

*10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.*

*11 En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie;*

*12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God*

Om in God te glo neem geloof.

*Gen 15:6 En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*



Geloof plaas ons in die regte verhouding met God.

*Rom 5:1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;*

**Stap 5: Gee en Ontvang Vergifnis.**

Hierdie is 'n baie belangrike stap in enige Christen se lewe want hierdie is die stap waar 'n groot persentasie Christene vassit op hulle pad nie die Paradys.

Hierdie stap is van uiterse belang. Hier is dit waar jy vergifnis gee en ontvang.

Om vergifnis te gee aan die wat teen jou gesondig het in die verlede, hetsy jou familie lede, vriende en selfs ook jou vyande. Hoe kan jy verwag dat God jou moet vergewe, as jy nie ander mense kan vergewe nie? Weereens sal hierdie stap ook belaaï wees met emosies soos tranes en hartseer. Maar dit gaan ook 'n berg van jou skouers af haal.

As jy nie ander mense vergewe en vergifnis ontvang nie, sal jy nie na die volgende stap toe kan beweeg nie. Party mense beweeg wel na die volgende stap, maar vind gou dat hulle nie na stap 7 en 8 toe kan gaan nie en moet dan terug draai en stap 5 eers behoorlik afhandel en bemeester.

Restorering en die genesing van verhoudinge is in die orde van die dag. Gaan en kyk wie jy moet skakel en vergifnis vra. Gaan na jou naaste en gaan vra om vergifnis en vergewe mense wat teen jou gesondig het.

Jy moet skoon word in jou binneste, so stoot daardie bitterheid uit, en vergewe ander. Stel vry en word jy ook self vry gemaak deur ander. Verwyder jou siel en gees van onvergewensgesindhede.

Doen dit en beweeg aan!

God vergewe menigte sondes.

*Psa 65:4 Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad, maar U versoen ons oortredinge.*

God vergewe ons omdat Hy ons liefhet.

*Psa 86:5 Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep.*

Die Bloed van Jesus was ons skoner as sneeu.

*Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.*

God sal ons onreinhede verwyder.

*Ese 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.*

Ons moet die wat teen ons gesondig het, vergewe.

*Mat 6:14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.*

*15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.*

Moenie slegs een keer vergewe nie.

*Mat 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?*

*22 Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.*

*23 Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken.*

*24 En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tien duisend talente skuldig was.*

*25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.*

*26 Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.*

*27 En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en*

*hom losgelaat en hom die skuld kwytskeld.*

- 28 Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.*
- 29 Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.*
- 30 En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.*
- 31 En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het.*
- 32 Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytskeld, omdat jy my gesmeek het;*
- 33 moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?*
- 34 En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.*
- 35 So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.*

Vergewe vrylik soos God ons vergewe.

*Kol 3:13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.*

God sal ons vergewe vir ons sondes.

*1Jn 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.*

*9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

**Let wel:** Hierdie 5 stappe kan maklik en vinnig bereik word deur gebede en deur 'n paar oproepe en besoeke aan mense. Teen hierdie stadium behoort jou kop te draai en jou emosies mag dalk op 'n heel ander nuwe hoogte vlak wees. Neem 'n paar oomblike om terug te kyk op al die positiewe dinge wat jy vir jouself gedoen het. Let op hierdie nuwe verandering in jou geestelike lewe en dank God en Jesus vir al die wonderlike dinge wat plaasgevind het in die 5 stappe tot nou toe.

Oorwinnig is slegs 'n paar stappe weg en dan bevind jy jou in 'n Heilige plek. Op hierdie stadium stap Jesus langs jou al die pad to by Stap 9.

As jy 100% tevrede is dat jy al die stappe tot op hierdie punt tot die beste van jou vermoë voltooi het, kan ons nou aan beweeg na Stap 6. Hierdie is die half-pad merk na die Paradys.

### **Stap 6: Doping in Water.**

Hierdie stap seël jou besluit om Jesus te volg en om die Hemel jou tuiste te maak. Jy het nou 'n nuwe lewe gekies in Christus en is op die regte pad na die Hemel toe. Jy is ook nou alreeds 'n Burger van die Koningryk van God. Nou moet jy jou nuwe vriend se voorbeeld volg – die perfekte voorbeeld van ons geloof. Volg Jesus deur die Doping van die Water. Die Doping van die water manifesteer en bewys jou geloof aan jou familie, vriende en ook jou vyande. Dit is die bewys dat jy 'n nuwe lewe in die Drie-Eenheid gekies het. Dit is 'n bewys dat jou ou lewe dood en begrawe is, in die watergraf en dat jy net soos Christus op sal staan as 'n nuwe kreatuur of maaksel. Jy is nou skoon gewas deur die nuwe verbond, skoon gewas en afgespoel tot voortrefflike skoonheid. Neem hierdie stap as 'n finale bewys van jou nuutgevonde geloof. Nooi vriende en familie lede uit na hierdie gelukkige begrafnis en opstandingsdag van jou lewe.

Jy het nou as 'n nuwe persoon opgestaan en is gereed om aan te beweeg na die volgende stap.

#### **Doping simboliseer bekering.**

*Mat 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur.*

**Alle volgelingen van Jesus moet gedoop te word.**

*Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Jesus was gedoop in water.

*Mar 1:9 En in daardie dae het Jesus van Násaret in Galiléa gekom en is deur Johannes in die Jordaan gedoop.*

Die doping hou verwant met 'n veranderde lewe.

*Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

Alle nuwe Christene behoort gedoop te word.

*Hand 8:12 Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.*

*13 En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.*

*14 En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaría die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.*

*15 Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang,*

*16 want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus.*

*17 Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.*

Die doping inisieer ons in Christus.

*Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?*

*4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.*

- 5 *Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;*
- 6 *aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.*
- 7 *Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.*
- 8 *As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,*

Verlossing word geïdentifiseer met die Doping.

*1Pe 3:21 waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus*

Na hierdie stap is jy 'n "Nuuw Gebore Christen". Maar dit beteken nie dat die pad nou gaan maklik wees vorentoe nie.

Jy is nou 'n nuwe mens met 'n silwerskoon bladsy en almal om jou gaan die verandering in jou sien. Ja, daar sal nog moeilike tye en dinge kom. En jy moet ook beseft dat jy vriende en selfs familieledes gaan verloor weens hulle gaan afstand doen van jou, omdat hulle sal begin "anders" reageer teenoor jou.

Meer spesifiek sal jy jou vriende wat nog in die sondige wêreld in sonde lewe, verloor. Maar jy kan altyd nuwe vriende maak wat op dieselfde lewenspad as jy is; skoongewas van sonde, wedergebore en oppad na die Hemel.

Op hierdie stadium raak 'n groot persentasie Christene stagnerend en val selfs terug as gevolg van die aanvalle deur wolwe (Valse Leraars). Jy het nou in hierdie stadium meer ondersteuning van Jesus, God en jou nuwe Christen vriende nodig, deur middel van gebed, om jou te help om dit tot op veilige gronde te maak tot by die Doping van die Heilige Gees. (Stap 9)

Die probleem is dat wanneer jy terug val na jou sondige lewe toe en weer in die sondige wêreld is, dit geweldig moeilik is om weer terug te kom by hierdie punt in jou geestelike lewe. Slegs 'n handjie vol maak dit weer terug tot by stap 7 maar ongelukkig sal meer verlore gaan eerder as om dit terug te maak. Satan weet hierdie ook baie beter as enige een, en sal sy bes probeer om jou weg te hou van die regte pad wat na die Hemel loop.

Onthou ook dat indien jy wel terug val, sal Jesus die 99 ander skape los, en jou kom soek. Want Hy is die Goeie Herder.

Hierdie is my persoonlike opinie.

Ek glo dat hierdie die punt is waar die moderne Kerke verbrou omdat hulle die Wedergebore nuwelinge los om na hulle self om te sien en dit is juis hier waar die wolwe hulle wag. Jy het beskerming, leiding en 'n leier nodig om saam met jou die res van die pad te stap tot by stap 10 ten minste.

Vra asseblief die altaar werker; die Pastoor of Evangelis om saam met jou die res van die pad te stap. Ja, Jesus is saam met jou in Gees, maar jy het iemand nodig (wat in hierdie tyd en lewe leef) wat jou kan leiding gee en jou deur die gevare van die Wêreld kan help.

As jy hierdie openbaring gebruik om die pad na die Hemel te stap, bel my, e-pos my of sms my. Ek sal die pad saam jou loop. Maak ook gebruik van ons webtuiste en kom meer te wete oor ander openbarings en studies wat jou sal help om geestelik te groei.

<http://trulightradioxm.org.za/>

Maar as jy in die Hemel wil woon eendag, neem dan asseblief die volgende stap saam my.

### **Stap 7: Bybel Studie.**

Begin om die Woord van God te eet – Lees en Studeer die Goeie Nuus Bybel. Sluit aan by 'n studie groep, sluit aan by 'n gesonde Kerk (Vra vir Jesus om jou te lei).

Luister na preke, lofprijs en aanbid die Drie-Eenheid, groei, groei, groei.

Kom in kontak en hê interaksie met ander Christene, en met Geesge vulde kinders van God wat self op stap 10 in hul geestelike lewe is.

Leer en memoriseer Bybel versies, en laat die Skrif deel word van jou lewe, bou op jou nuutgevonde Mosterdsaadje geloof.

Onthou, daar sal nogsteeds hier en daar, baie min, sonde in jou lewe wees. Wees ook paraat want jou vriende en familie en selfs jou mede Christene sal van tyd tot tyd teen jou sondig op jou pad na die Paradys.

Neem 'n standpunt in jou lewe in vandag. Vergewe oombliklik, en vra vir God omvergifnis vir jou sonde, elke dag. Hierdie is nie die sonde wat jy op stap 2 agter gelaat het nie. Daar is nie so iets soos “klein en groot” sonde nie. Sonde is sonde in God se oë. Onthou jy loop saam Jesus Christus, en ek is oortuig daarvan dat Hy jou weg van sonde sal lei, jy moet net na Sy Stem luister.

Lees jou Bybel, bid elke dag, vergewe dadelik, draai weg van sonde af en bou op jou nuutgevonde geloof.

Begin om na God se stem te luister. Eet die Woord van God. Dit is soeter as heuning

En gebruik jou Bybel om jouself te skerm teen Satan.

### **Stap 8: Gebed, Bou jou Geloof en voortdurende Vergifnis.**

Leer hoe om te Bid, Bou op jou Geloof en Gee en Ontvang voortdurend vergifnis. Begin met 'n gebedsverhouding met die Drie-Eenheid; Bid en Luister. Laat God toe om ook met jou te praat.

Onthou om te vergewe 70 x 7 keer 'n dag. En herinner God aan Sy belofte om jou jou sondes te vergewe net soos jy die wat teen jou gesondig het vergewe het.

Bid sonder ophou!

Let wel: Hier en daar sal 'n sonde sy kop uitsteek in jou lewe, maar dit sal gou verdwyn. Die oomblik wat jy stap 8 bemeester het, wag die Heilige Gees op stap 9, reg om jou te doop met Vuur en Krag.

Die volgende stap is die mees belangrikste stap wat jy kan neem in hierdie lewe asook in jou komende lewe.

Jy moet die Heilige Gees versoek om jou te doop, Hy is 'n Gentleman. H sal wag vir jou uitnodiging en Hy sal Homself nooit op jou af dwing nie.



Let wel dat die Heilige Gees staan reg en gereed, en wanneer jy gereed en – baie belangrik: sonde vry- is, sal die “Vertrooster Doping Span” jou nader tree en jou vervul met ‘n leër van Karakter, Vermoëns, Gawes en Vrugte van die Drie-Eenheid.

Vra God vir hulp!

*Psa 40:14 Laat dit U behaag, HERE, om my te red; HERE, maak tog gou om my te help!*

God sal nie na ons gebede luister as ons met opset sondig nie.

*Mik 3:4 Dan sal hulle die HERE aanroep, en Hy sal hulle nie antwoord nie; maar Hy sal sy aangesig in dié tyd vir hulle verberg, omdat hulle verkeerde dinge gedoen het.*

Gebed moet nie vertoon word nie.

*Mat 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.*

Jesus leer ons hoe om te bid.

*Mat 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;  
10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;  
11 gee ons vandag ons daaglikse brood;  
12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;  
13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.  
Amen.*

Bid in nederigheid.

*Luk 18:9 En Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel.  
10 Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een ‘n Fariseër*

*en die ander 'n tollenaar.*

- 11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.*
- 12 Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.*
- 13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!*
- 14 Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregtig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.*

#### Bid in die Naam van Jesus Christus.

- Joh 16:23 En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee.*
- 24 Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.*

#### Bid die heelyd.

*Efe 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges*

#### Bid sonder twyfel.

*Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.*

#### Bid met die regte motiewe.

*Jak 4:3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.*

Bid volgens God se wil.

*1Jn 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.*

*15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.*

Bid sonder om op te gee.

*Luk 18:1 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,*

Jy moet geloof hê as jy bid.

*Mat 21:21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.*

Vergewe en jy sal vergewe word.

*Mat 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;*

*10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*

*11 gee ons vandag ons daaglikse brood;*

*12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;*

*13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

## **Stap 9: Die Doping van die Heilige Gees**

### **(“Not Just a Spirit”)**

Hierdie stap word ten volle bespreek in my Boek – “Not just a Spirit. In hierdie Openbaring van God af sal jy sien dat hierdie stap die mees belangrikste stap in jou hele lewe is. Dit is selfs belangriker as om jou lewensmaat te kies en ook belangriker as enige waardevolle bate wat jy ooit kan koop.

Teen hierdie tyd is jy silwer skoon – totaal en al sonde vry. Jou gebedslewe is besonder fantasties, jy vergewe oombliklik en jou mosterdsaad geloof het ontkiem en is besig om in ‘n jong boompie in te groei.

Slegs wanneer die Doping plaas gevind het kan jy weet jy is oppad na die Hemel toe wat jou laaste bestemming sal wees. Die Heilige Gees wat nou in jou woon sal jou van sonde af weg lei, en jou lei na die Hoofstad van die Koningryk van die Hemel lei. En as jy binne-in die Gees kan bly, sal Hy jou ook uiteindelik met die Merk van God verseël.

Hierdie verseëling is die Here wat Sy Heiliges apart van die res stel, en hulle verseël vir die Ewigheid.

Op hierdie stadium sal jy ‘n kombinasie van Vermoëns, Gawes en Vrugte van die Gees ontvang wat jou daartoe sal stel om jou Bediening te doen, asook jou in staat stel om Dissipelskap te aanvaar.

Die baie belangrike feit wat Teoloë mis, is dat jy ook met sommige karaktereenskappe van God en Jesus toegerus sal word. Voorbeelde hiervan is Liefde, Vrede, Geduld, Wysheid en meer.

### **Die 9 Vrugte van die Gees**

Gal 5:22 – 23

Maar die vrug van die Gees

Is Liefde – Blydskap – Vrede – Lankmoedigheid – Vriendelikheid – Goedheid – Getrouheid – Sagmoedigheid - Selfbeheersing.

### Die 9 Gawes van die Gees

- 1Co 12:1 *En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.*
- 2 *Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is.*
- 3 *Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.*
- 4 *Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;*
- 5 *en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here;*
- 6 *en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.*
- 7 *Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.*
- 8 *Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees;*
- 9 *aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;*
- 10 *aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.*
- 11 *Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.*
- 12 *Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.*
- 13 *Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.*
- 14 *Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie.*
- 15 *As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?*
- 16 *En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?*
- 17 *As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees?*

- 18 Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het.
- 19 As almal een lid was, waar sou die liggaam wees?
- 20 Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam.
- 21 En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie.
- 22 Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk;
- 23 en dié lede van die liggaam wat vir ons minder eerbaar lyk, beklee ons met oorvloediger eer, en so het ons onsierlike lede oorvloediger sierlikheid,
- 24 terwyl ons sierlike lede dit nie nodig het nie; maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee,
- 25 sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.
- 26 En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.
- 27 Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.
- 28 En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.
- 29 Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie?
- 30 Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê?
- 31 Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg.

Jesus was met die Gees gedoop.

- Joh 1:32 En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.
- 33 En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.

Jesus het die vervulling van die Gees ontvang.

*Mat 3:16 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.*

Gelei deur die Heilige Gees.

*Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.*

Pinkster – Die Doping van die Heilige Gees

*Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.*

*3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.*

*4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.*

*Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

**Stap 10: Aanvaar Dissipelskap.**

Die Groot Opdrag van Jesus soos in Matt 28 v 19

**Gaan** (Nadat julle in Jerusalem vir die Doping van die vertrooster gewag het en die Doping van die Heilige Gees ontvang het) **en maak nuwe dissipels van elke nasie. Leer hulle al die dinge soos Ek julle geleer het** (Neem en lei hulle deur die 12 stappe na die Hemel) **en wees verseker hiervan.** (Maak doodseker hulle bereik Stap 9 en wees hulle leidsman sodat hulle stap 10 bereik) Lei hulle na Jesus toe en assisteer hulle tot by die Doping van die Heilige Gees.

Die 3 + 9 = Chapter.

Loop saam hulle tot by Stap 10 en hou aan bid vir hulle sodat hulle Stap 11 in hulle Geestelike lewe bereik.

En sodat hulle ook uiteindelik die Hemel, ons finale Huis, sal bereik.

Gees gevulde Kinders van God moet nuwe dissipels maak.

*Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Christus se volgelinge word geken deur hulle liefde.

*Joh 13:35 Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.*

Christene is veronderstel om ander Christene te help op hulle pad na die Hemel toe.

*Hand 14:21 En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië,*

*22 en die siele van die dissipels versterk en hulle vermaan om in die geloof te bly deur te sê: Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan.*

- 1. Maak nuwe Dissipels van alle Nasies.*
- 2. Lei hulle tot by Jesus.*
- 3. Doop hulle in water.*
- 4. Doop hulle in die Heilige Gees.*
- 5. Leer hulle alles wat Jesus jou geleer het.*
- 6. En maak seker hulle bereik die Hemel.*

**Stap 11: Ontvang die Merk (Seël) van God tot die Ewige Lewe.**

Om te Lewe met Ewigheid in my gedagtes – Maak nuwe dissipels, laat toe dat die Heilige Gees jou lei en vertroos, bou in die Gees, Dra die Vrug van die Gees wat jy ontvang het, Gebruik jou Gees gevulde vermoëns, wys die Karakter van die Drie-Eenheid tussen jou Familie, vriende en baie belangrik; jou vyande. Gebruik jou Gawes van die Gees binne die Liggaam (Kerk) van God om die Koningkryk van God te bou.



En maak seker jy ontvang die “Merk van God” sodat jy “ Apart gestel kan word as Heilige van die Here” verseël met die 999.

Heilig, Heilig, Heilig, tot die Almagtige God.  
Jy kan dit net sing na die Groot Wit Troon Oordeel saam met die res van die Hemel.

Ewige lewe is slegs vir dié wat die wil van God doen.

*Mat 25:46 En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.*

Die regverdiges sal die Ewige lewe verkry.

*Joh 3:15 sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

*16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Bose mense sal die ewige straf ontvang.

*Joh 5:28 Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor  
29 en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

Jesus het gekom on ons die Ewige Lewe te gee.

*Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.*

*Joh 11:25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;*

Jesus is die Ewige Lewe!

*Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie*

Ewige Lewe kom van God af.

*Tit 1:2 in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het,*

*Efe 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;*

*9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.*

Ewige Lewe gee ons Hoop.

*Tit 3:7 sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.*

### **Stap 12: Die Ewige Lewe – Hemel ons Huis.**

Daar is slegs 2 maniere om in die Hemel te kom –  
Wanneer jy Stap 11 in jou Geestelike lewe bereik het, is dit natuurlike vir jou om na die volgende stap te beweeg en dit is om die Wêreld te verlaat.

Die eerste manier om in die Hemel te kom is deur om dood te gaan en die tweede manier is deur die Wegraping as jy nog lewe wanneer Jesus terug kom om Sy Bride te kom haal en Huis toe te neem na die plek wat Hy vir ons gaan voorberei het.

Stap 12 na die dood – die eerste dood soos genoem in God se Woord.  
Na die Great Wit Troon Oordeel, wanneer die finale boek deur die Lam van God (Jesus) geopen word. En dit is wanneer jou finale eindbestemming geopenbaar sal word.

#### **Hemel of Hel**

Maar as jy hierdie stappe volg en dit bemeester tot in die fynste detail, dan sal die Hemel jou volgende Tuiste wees.

Jesus gaan ons die skitterende prag van die Hemel wys.

*Openb 7:13 Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?*

*14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat*

*uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.*

*15 Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.*

*16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;*

*17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle tranes van hulle oë afvee.*

Slegs 'n paar gaan die Hemel vind.

*Mat 7:13 Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.*

*14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.*

Slegs die Regverdige mense sal die Hemel ingaan.

*Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.*

*3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

*2Kor 5:2 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,*

Jesus is tans besig om 'n plek vir jou in die Hemel voor te berei.

*Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.*

*3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

*4 En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.*

Ons lewens sal nie volledig wees sonder die Hemel nie.

*2Kor 5:2 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,*

Ons het positiewe vooruitsigte vir die Hemel.

*Kol 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.*

*2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.*

*3 Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.*

*4 Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar word.*

*5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,*

Die Hemel is ons Huis!

*2Pe 3:13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.*

Eendag sal ons saam met God in die Hemel wees.

*Openb 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.*

Volgens Jesus in Johannes 3 vers 3

***Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.***

En weer in Johannes 3 vers 5

***Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.***

Ons sal nie in staat wees om die Koningryk van God te kan sien nie en geen een sal die Koningryk van God kan in gaan - hierdie wys vir ons die twee belangrike aksies van die Wedergebore prosesse in die Geestelike lewe.

As jy al ooit die Geboorte van 'n Baba aanskou of selfs al ervaar het, sal jy in staat wees om die 12 stappe na die Hemel met hierdie Godegewe proses te kan vergelyk. Jy sal in staat wees om elke fase van die baba se geboorte met die stappe wat jou na die Ewigheid gaan lei, te kan vergelyk.

Die modern Wêreld se Kerk verstaan nie hierdie proses ten volle nie – die proses van die weer-geboorte – hulle dink die wedergeboorte eindig by die doping van water nadat jy Jesus Christus aanvaar het in jou lewe. Dan noem hulle die persoon 'n wedergebore Christen.

Dit is ook net na hierdie punt wat die Kerk die nuut wedergebore Christen alleen laat om vir hom/haarself te sorg.

Nee! Die proses van die wedergeboorte is nog nie voltooid nie, en die nuut, wedergebore kind kan nie alleen gelaat word om vir hom of haarself te sorg nie.

Daar is prosesse en aksies wat moet plaasvind om te verseker dat dit 'n suksesvolle geboorte is. Ons gaan nou weer kyk na die planne van die Tabernakel van God wat in Hoofstuk 3 bestudeer is. God het die stappe van die wedergeboorte gegee – en hoe om dit met sukses doen.

Dit kan vergelyk word met die geboorte van 'n mens.

As jy die 9 maande proses van die begin af tot by die werklike geboorte van 'n baba volg, dan sal jy die volgende sien: Die fetus lewe in die baarmoeder van die moeder en vir die eerste 8 maande tydperk is die fetus in 'n regop posisie. Eers in die 9de maand begin die baba om te draai en beweeg dan, met die koppie eerste, in die geboorte kanaal in. En dan eers is die baba gereed om gebore te word. Die water in die baarmoeder moet breek, voordat die geboorte pyne werklike eers begin. Die plasenta is hier nogsteeds vasgeheg aan die naelstring. Sodra die baba in die Dokter se hande is na die geboorte, dan word die naelstring (koord) wat die moeder en die baba aan mekaar heg, geknip.

Let wel: dat hierdie alles nie beteken dat die geboorte nou ‘n sukses was nie, NEE!

Die baby haal nog nie asem by hom/haarself nie; want die baba se longe moet nog met suurstof gevul word. Soms het die baba hulp nodig – met ‘n klap op die boudjies. Die baba moet by hom/haarself asem haal. En dit gebeur gewoonlik wanneer die baba begin huil!

Sodra die baba begin huil dan is almal gerus: die ouers, die mediese span en die Dokter.

Die baba is gebore en die geboorte was ‘n sukses!

En net soos hierdie proses moet die 12 stappe na die Hemel ook voltooid word.

Die 8 maande wat die fetus in die baarmoeder van die moeder is kan vergelyk word met die eerste 8 stappe van die 12 stappe na die Ewigheid.

En stap 9 bestaan uit die geboorte proses – 5 aksies vind plaas in die mens se geboorte.

1. Water breek,
2. Die geboorte pyn,
3. Die werklike geboorte,
4. Die naelstring (koord) word geknip en
5. Laastens kom die eerste asem, hierdie stap is die Doping van die Heilige Gees.

Sodra die baba gebore is, en die geboorte was suksesvol, dan word die baba in sy moeder se arms geplaas en die band tussen moeder en kind kan begin.

In die mediese wêreld is die oomblik waar die baba sy eerste asem haal genoem die “ die baba ontvang sy gees”

Dit is ‘n teken van lewe! So ook is dit met die Doping van die Heilige Gees. Nou ontvang die Christen sy titel van

***“Wedergebore, Geesge vulde Kind van God”***

As die baba nie by hom/haarself asem haal nie, dan sal dit doodgaan.

Dieselfde samevatting gebeur in die geestelike lewe; die Christen kan nie op stap 7 of 8 bly vir lank nie. Hulle moet aanbeweeg na stap 9 so vinnig as moontlik.

Ek het dit seker al genoem, maar in die 1960 – 1970 in die eerste Pinkster kerk in Suid-Afrika was daar 'n reel;  
Sodra 'n persoon Jesus Christus in sy hart en siel aanvaar het, was hy/sy nie toegelaat om die kerk perseel te verlaat voordat hy/sy die Doping van die Heilige Gees ontvang het nie. Selfs al het dit beteken dat hulle vir 'n paar dae moes afneem by die werk. En slegs dan, wanneer die Doping bevestig is, was die Wedergebore, Geesge vulde Kind van God in staat om terug in die sondige wêreld in te gaan. Want nou kon hulle, toegerus met die Leier en Vertrouster van die Hemel, “Die Heilige Gees”, die sondige wêreld in stap.

Ongelukkig het hierdie lewens veranderlike reel verdwyn met die behulp van Satan.

Maak seker dat jy so gou as moontlik jou nuwe siel na stap 9 toe lei. Nadat jy hom of haar behoorlik opgelei het om 'n nuwe dissipel te word, dan eers kan jy verseker wees van 'n suksesvolle geboorte. En nou kan jy aanbeweeg na 'n nuwe kraamsaal toe.

Kyk na die nommer 9.

9 maande neem die Mens se geboorte proses.

9 is die nommer van die Heilige Gees

En volgens die mediese rigting, is daar 9 fases van 'n baba se geboorte.

Dit is nie toevallig nie!

Die boodskap is: hierdie is die reël van die natuur en kan met die 9 stappe van die Doping van die Heilige Gees vergelyk word.

Dan stap 9. Die baba haal asem en sy longetjies word met suurstof gevul. Hierdie is die norm in die geestes wêreld ook. Sodra die persoon met die Gees gevul word, sal hy of sy lewe om die Hemel eendag te sien.

Ons moet besef dat hierdie 9 maande geboorte proses alleenlik +- 10 % van die baba se lewensverwagting is.

Dit is dieselfde in ons geestelike lewe. Ons lewens as Christene begin eers wanneer ons die doping van die Gees ontvang het. Tydens die doping word ons gevul met 'n kombinasie van die sewe Geeste van God, wat die Karakter van God en Jesus vir ons bring, asook ontvang ons 'n leër van Gawes en Vrugte van die Gees. Ons ontvang ook die vermoëns om ons bediending uit te kan voer; en dit alles ontvang ons van die Hemel af.

Hierdie is alles deurgegee en Verduidelik in God se openbaring aan my in my boek "Not just a Spirit"

Die Koningryk van God is die tydperk waarin ons naby aan God is, maar steeds op die aarde lewe.

Die Koningryk van die Hemel is na die eerste dood, en net na die Groot Wit Troon Oordeel.

Die pas-wedergebore kan nou net die Koningryk van God sien nadat hy/sy Jesus Christus as sy/haar persoonlike redder aanvaar, en ook die water doping ontvang het. (Stap 3 en 6 van die 12 stappe na die Hemel) Dit is baie duidelik dat ons slegs die Koningryk sal "sien" en nie sal in gaan nie.

Nadat die pas-wedergebore die Doping van die Gees ontvang het, sal hy/sy nou in staat wees om in die Koningryk van die Hemel in te gaan.

Is dit nie dan wat Jesus bedoel het toe Hy aan Nikodémus in Johannes 3 vers 3 gesê het; Sien die Koningryk van God.

En weer in Johannes 3 vers 5, sê Hy; die Koningryk van God in gaan.

Ons ontvang dieselfde bevestiging wanneer ons na die planne van die Tabernakel van God se Tempel, kyk.

Die Koningryk van God = die binne-tent van die Tabernakel.

Die Heilige gedeelte en die Allerheiligste gedeelte word afgeskort deur die hoof gordyn.



Die Koningkryk van die Hemel = Die Ark van God – verteenwoordig die Hemel.

Maar die waarheid in al hierdie is; as jy nie sonde-vry is nie, sal jy nie die Koningkryk van die Hemel in gaan nie, want geen sonde word in die Heilige, Heilige, Heilige stad van God toegelaat nie.

Jy moet die titel hê;

“Wedergebore, Geesge vulde, Kind van God, geseël deur die Heilige Gees met die Merk van God, toegelaat om die Hemel in te gaan;

Ja, jy moet vir ‘n geruime tyd, vry van sonde in die Koningkryk van God wees om hierdie titel te kan verdien.

Hierdie maak nie stappe 1-8 minder belangrik nie. Nee, al die stappe moet volkome en sonder feil geneem word om aan te kan beweeg na stap 3, 6 en 9 en al die stappe tussen-in.

Goue stappe wat na die Koningkryk van die Hemel lei.

Ons moet verstaan dat daar baie duidelike verskille is tussen die Koningkryk van God en die Koningkryk van die Hemel.

Die Koningkryk van die Hemel is die finale eindbestemming binne-in die Koningkryk van God.

Die Allerheiligste is die werklike Koningkryk van God. Wanneer jy nog aan die buitekant is kan jy net die Koningkryk van God sien.

Dit is in die binne-tent agter die gordyn net na die Doping van die Heilige Gees waar jy verskeie vermoëns sal ontvang.

1. Jy sal sekere Karaktereieenskappe van God en Jesus ontvang.
2. Jy sal ‘n kombinasie van die 7 Geeste van God ontvang, soos dit aan jou gegee word deur ‘Die vertrooster Doping Span’ oftewel die Heilige Gees wat hierdie gawes uitdeel.
3. Jy sal die Gawes van die Gees waarmee jy gedoop is, ontvang.
4. Jy sal die Vrugte van die Gees waarmee jy gedoop is, dra.
5. Jy sal Dissipelskap van Jesus Christus ontvang.
6. Jy sal jou Bediening binne in die Koningkryk van God ontvang.

7. En jy sal van sonde af weg gelei word deur die Heilige Gees.
8. Dan die uiteindelige Gawe wat jy sal ontvang (wanneer jy vir 'n geruime tyd sonder vry bevind word) is om GESEËL te word vir die Ewigheid – geseël deur die Heilige Gees met die Merk van God.

***“Afgesonder as Heilige vir die Here”***

Ons werk dan as Geesge vulde dissipels in die Koningkryk van God, ons assisteer die Kerk van Christus met ons vermoëns en ons gawes. Ons maak ander dissipels en ons lei hulle tot by die Hemel, stap-vir-stap.

En uiteindelik leer ons hulle, wat Jesus ons geleer het!

Die Koninkryk van die Hemel kan slegs in gegaan word na die dood. En minute daarna sal jou naam in die Boek van die Lewe gelees word. Dáár sal jy saam met God en Jesus stap en tot in alle Ewigheid woon.

Jou verklaring aan my tot en met nou

***Dit is 'n baie moeilike pad!***

Onthou Jesus se woorde in Matteus 7 verse 14.

***Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.***

Nog 'n verklaring van Jesus in Matteus 6 vers 33

***Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.***

Ons weet dat as ons die Koningkryk van God in gaan deur die Doping van die Heilige Gees, dat ons lewe as 'n Christen dan eers begin en daarby word 'n lys van gawes ook nog by toegevoeg.

Jou vraag op hierdie stadium

Wat is ***al hierdie dinge?***

Die antwoord: om nie bekommerd te wees oor enige iets nie, alles sal bygevoeg word.

Voorsorg teen siektes en beserings  
Genesing, bevryding, vryheid van alle probleme, voorsiening in jou elke behoefte, beskerming, vertroosting en 'n bron van krag, werd om aangeteken te word.

Die Heilige Gees sal optel, aanmoedig en vertroos.

**Opsomming:** Wat anders het jy in jou lewe nog nodig?

As jy in die Koningryk van God werk, sal jy versorg word deur die Koningryk van God.

Selfs jou gebed, lofprysing en aanbidding sal fantasties wees. Die seëninge van God sal daagliks oor jou gestort word.

***Maar maak vir julle skatte in die Hemel bymekaar.***

Jou volgende Vraag

Wat is die skatte?

Die antwoord: Die Wedergebore, Geesge vulde Kinders van God wat jy na die Koningryk van God gelei het, en wat daadwerklik die Koningryk van die Hemel bereik het.

**Opsomming:** Is daar enige skat meer waardevol?

Onthou, as dit maklik was om in die Hemel te kom dan sou almal daar gewees het!

My vraag aan jou!

Waar is die siele wat jy na Jesus toe lei? Is hulle nog steeds oppad na die Hemel toe?

Maak asseblief seker dat jy die Hemel bereik jouself, en maak dubbel seker dat jy die siele waarvoor jy verantwoordelik is in die Hemel in kry. Maak doodseker hiervan!

In Johannes 21 verse 15 tot 17 vra Jesus vir Simon Petrus 3 vrae en gee aan hom 3 bevele.

Die 3 bevele:

1. Voer dan My lammers!
2. Pas My skape dan op!
3. Voer dan My skape!

### **Voer dan My Lammers!**

Die Lammers is die Wedergebore Christene net na stap 3 waar hulle Jesus as hulle Redder aangeneem het.

Lei hulle na – voer hulle die inligting.

Stap 4: Geloof in die Drie-Eenheid.

Stap 5: Gee en ontvang vergifnis.

Stap 6: Doping van water.

### **Pas dan My skape op.**

Skape = Volwasse Wedergebore Christene.

Net na die doping van water. Beproewinge, versoeke en toetse begin.

Help, assisteer, leer en bid gedurig saam hulle gedurende die volgende stappe wat volg.

Stap 7: Bybel studie.

Stap 8: Leer hoe om te bid, bou op Geloof, en voortdurende vergifnis.

En maak seker hulle ontvang Stap 9: Die Doping van die Heilige Gees.

### **Voer dan My skape.**

Geesge vulde Kinders van God. Voer hulle met inligting.

1. Om hulle nuutgevonde karaktereenskappe, vermoëns, gawes en Vrugte te verstaan en te gebruik.
2. Help hulle om hulle Bediening binne die Koningryk van God te vind.
3. Sorg dat hulle toegerus is om suksesvolle Dissipels van Jesus te word om in die Koningryk van God te werk.
4. Leer hulle om die Leierskap van die Heilige Gees te erken sodat hulle uiteindelik sonde-vry kan wees om met die Merk van God beseël te word

Stap 10: Aanvaar Dissipelskap.

Stap 11: Word geseël vir die Ewigheid.

As jy God en Jesus liefhet, sal jy Hulle Lammers voer, jy sal Hulle Skape versorg en jy sal Hulle Skape voer!

Lei hulle van Stap 1 tot by Stap 10 en maak seker hulle ontvang Stap 11.

Maak vir jou Skatte in die Hemel bymekaar!

En ek sal jou sien by die Kroning Seremonie van die Hemel,

***Lewe met die Ewigheid in my Gedagtes!***

## **Hoofstuk 5: Al wat Jesus nog altyd wou gehad het.**

‘n Pragtige prent speel homself af een vroeg oggend 2013 jaar gelede, net buite Jerusalem. Daar is hartseer in die lug, Jesus het 3 dae gelede gesterf. Hy het aan die Kruis op Golgota gesterf en is begrawe in ‘n geleende graf net aan die kant van Jerusalem.

Net soos die eerste sonstrale oor die graf werf strek, daal die Engele neer vanuit die Hemel. Een van die Engele land voor die groot klip wat die graf opening bedek. Die wagter wat die Joodse Raad opdrag gegee het om die graf op te pas het die Engel van God gesien, en tot ‘n skielike halt gekom. Die Engel breek die seël en rol die klip voor die ingang van die graf weg.

Die Glorie van die Koning is op die punt om te verwesenlik. Die hele Koningkryk van die Hemel is daar as getuie oor die gebeurtenisse wat besig is om te ontvou wat 740 jaar gelede oor geprofeteer is.

**Jesus stap uit in die sonlig in en word deur die eerste oggend sonstrale begroet nadat Hy vir 3 dae in die Graf was.**

God Self is teenwoordig in die verwelkomingspartytjie van die Hemel.

Onoortreflike vreugde en blydskap heers oor elke Engel se gesig want Jesus, die Seun van die Almagtige God, het die dood oorwin nadat Hy vir die Wêreld se Sonde gesterf het.

Jesus stap uit in die sonlig en word deur die eerste oggend sonstrale begroet nadat Hy vir 3 dae in die Graf was.

Met groot opwagting stap Jesus uit en kom tot ‘n stilstand net buite die graf. Hy kyk rond Hom en sien die samekoms van miljoene Hemel inwoners.

Jesus deursoek die skare voor Hom, Sy oë beweeg tussen die Hemel wesens deur.

Hy soek iemand spesifiek in die skare.

Van alle kante is Hy omsingel met 'n gejubel en lofsange. Die Hemel verwelkomingspartytjie het begin en daar is groot vreugde in elke gesig waar Hy kyk.

Maar Jesus se oë beweeg steeds soekend na iemand.

Nee, dit is nie Sy Vader – God Almagtig, waarna Hy so dringend soekend rondkyk nie. God weet alreeds ook waarna Jesus opsoek is, of na wie Jesus opsoek is.

Jesus se gesig verander van opwagting na hartseer; Hy het die hele menigte voor Hom deursoek.

Hy draai na die Engel wat op die klip sit wat voor die graf was en vra aan hom: “Waar is My Dissipels, My volgelinge?”  
'n Enkele traan rol oor Sy wang. Droefheid en hartseer vul die werf om Hulle.

### ***(Jesus dink terug)***

Weereens geen Geloof! Ek het aan My dissipels en volgelinge gesê dat Ek op die 3de dag sal opstaan. Nie eenmaal nie – telke male. Maar nie één is hier teenwoordig nie; nie een van hulle wat beweer het hulle glo is hier op hierdie dag om My Glorieryke Opstanding te sien nie.

Niemand het dan geglo?

Al wat Ek ooit wou gehad het was geloof, geloof in die dinge wat Ek hulle geleer het. Om te glo in wat Ek hulle gewys het, geloof in alles wat ek gedoen het maar nie een is teenwoordig hier vanoggend.

Hy vee die traan van Sy Gesig af en gee die Engele opdrag om by die oop graf te wag.

Miskien sal iemand tog glo, en miskien arriveer hulle net bietjie later. Jesus het nogsteeds hoop gehad.

Engele wag hier en vertel die laatkommers van my Opstanding.

Met 'n bewoë gemoed kyk Jesus terug nog een maal voor Hy saam met die Hemel gevolg begin aan beweeg na Sy Tuiste toe. Hy hoop dat iemand tog aangehardloop sou kom. Iemand wat geglo het.

Maar niemand het geglo.

Geen geloof!

Al waarna Jesus ooit gekyk het was vir selfs net 'n klein korreltjie geloof.

En nie een enkele het Hom geglo nie. Hy het slegs geloof so klein soos 'n mosterdsaadjie gesoek, maar het geen gekry nie.

Jesus en die Hemel gevolg het toe van daardie plek af weg gegaan, terug na Hulle Ewige tuiste, en was al lankal nie meer by die graf werf nie, toe die Engele 'n klein groepie vroue sien aankom. Ten minste nou kan die Engele aan Jesus vertel dat daar tog iemand was wat onthou het, iemand wat geglo het.

Die Engele se opwinding het egter nie lank gehou nie en gou het hulle, hulle koppe laat sak in teleurstelling toe hulle die linne en speserye sien wat die vroue gebring het om Jesus se liggaam mee te behandel.

Geen Geloof, het die Engel gesien,  
Geen Geloof.

**Hoekom soek julle tussen  
die dooies na Iemand  
wat dan Lewe.**

Nie een enkele persoon op hierdie Aarde het geglo wat Jesus hulle gesê het nie.

Al wat Jesus ooit wou gehad het was geloof. Selfs in Sy Bediening op die Aarde wou Hy altyd net 'n klein hoeveelheid geloof gesien het. Net genoeg om 'n wonderwerk te doen. En wanneer Hy iemand met 'n klein hoeveelheid geloof teëgekome het, het Hy altyd met 'n wonderwerk gereageer.

*Luk 24:1 En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was.*

Die vroue het die leë graf gesien en het skaam gekry want skielik onthou hulle. “ Jesus het uit die graf uit opgestaan, net soos Hy ons gesê het Hy sal. En nie een van ons het Hom geglo nie!



En kyk nou staan ons hier met linne en speserye in ons hande soos dwase. Wat 'n teleurstelling.

Ons het die Opstanding van ons Leermeester gemis.

### **Te danke aan On-Geloof!**

Die Engel, aan wie Jesus opdrag gegee het om by die oop graf te wag, spreek toe tot die vroue en vryf toe hulle On-Geloof behoorlik in.

“Hoekom soek julle tussen die dooies na Iemand wat dan Lewe?”

*Luk 24:2 En hulle het die steen van die graf afgerol gevind.*

*3 En toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie.*

*4 En terwyl hulle hieroor in verleentheid was, staan daar twee manne by hulle in blink klere.*

*5 En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies?*

*6 Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galiléa was:*

*7 Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan.*

*8 En hulle het sy woorde onthou.*

*9 Hulle gaan toe terug van die graf en vertel dit alles aan die elf en aan al die ander.*

*10 En dit was Maria Magdaléna en Johanna en Maria, die moeder van Jakobus, en die ander vroue saam met hulle wat dit aan die apostels vertel het.*

*11 En hul woorde het vir hulle na onsinnige praatjies gelyk, en hulle het hul nie geglo nie.*

*12 Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop; en toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.*

Ek is seker dat Maria Magdalena, Maria en Marta daar gestaan het met rooi gesigte. Die Engele het hulle behoorlik laat nadink oor hulle ON-geloof en hulle

herinner aan wat Jesus hulle gesê het gaan gebeur: Onthou wat Jesus julle vertel het in Galiléa, dat die Seun van die Mens verraai moet word (Judas) in die hande van sondige mense (Jode) en dat Hy Gekruisig sal word op die Kop van Golgota en dat Hy sal opstaan uit die dood op die 3de dag (Vandag).

Die vroue het van die graf werf af weggehardloop om aan die Dissipels wat nog rou oor die afsterwe van hulle Leermeester, te gaan vertel dat Hy Opgestaan het, en dat Hy Lewe!

Ons het die Glorieryke Opstandingsdag van Jesus Christus gemis te danke aan ons ON-geloof.

Maar steeds het die Dissipels en volgelinge van Jesus nie geglo nie. Die woorde van Tomas was: “Om te sien is glo”,

Paulus verklaar:

*Heb 11:1 Die geloof dan is ‘n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*

Geloof is die vertrouwe in dit waarvoor ons hoop, werklike sal gebeur. Dit gee ons die versekering oor die dinge wat ons nie kan sien nie.

**Ek sê vir julle, Ek het nog nie sulke  
Geloof in die hele Israel gesien nie.**

### **‘n Tweede keer dink ons terug:**

Hierdie Toneel speel af tydens Jesus se Bediening op die Aarde.

Jesus het sopas sy preek gelewer op die Berg soos in Lukas 6 opgeteken is.

Soos Hy Kapernaum ingaan, kom ‘n baie belangrike Romeinse Offisier se vriend na Jesus toe en versoek dat Jesus saam met hom na sy huis toe sal gaan en een van sy geliefde slawe sal kom genees. Maar oppad daarheen kom daar ‘n ander vriend van die Offisier met die boodskap: “My meester sê dat hy nie dit waardig is dat U na sy huis toe sal kom nie, en ook is my meester nie waardig om na U toe te kom nie. Spreek tog asseblief net ‘n woord en sy slaaf sal gesond word.”

Toe Jesus dit hoor was Hy verbaas. Hy het terug gedraai en aan die menigte Jode wat Hom gevolg het, gesê: “Ek sê vir julle, Ek het nog nie sulke geloof in die hele Israel gesien nie”.

Jesus was so verwonderd oor hierdie groot geloof; Hy het nie eers nodig gehad om ‘n woord te spreek nie. En toe die vriend van die Romeinse Offisier by sy huis gearriveer het, was die slaaf alreeds gesond.

*Luk 7:1 En nadat Hy voor die ore van die volk al sy woorde beëindig het, het Hy in Kapérnaïm ingegaan.*

*2 En die dienskneg van ‘n sekere hoofman oor honderd, wat vir hom baie werd was, was ongesteld en het op sterwe gelê.*

*3 Toe hy dan van Jesus hoor, het hy ouderlinge van die Jode na Hom gestuur met die versoek aan Hom dat Hy moes kom en sy dienskneg gesond maak.*

*4 En toe hulle by Jesus kom, het hulle Hom dringend gesmeek en gesê: Hy is dit werd dat U dit vir hom doen;*

*5 want hy het ons volk lief en het self die sinagoge vir ons gebou.*

*6 En Jesus het saam met hulle gegaan; maar toe Hy nie meer ver van die huis af was nie, stuur die hoofman oor honderd vriende na Hom om vir Hom te sê: Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie.*

*7 Daarom het ek my ook nie waardig geag om na U te gaan nie; sê dit maar met ‘n woord, en my kneg sal gesond word.*

*8 Want ek is ook ‘n man wat aan gesag onderworpe is, en ek het soldate onder my; en vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir ‘n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit.*

*9 Toe Jesus dit hoor, was Hy oor hom verwonderd, en Hy draai Hom om en sê vir die skare wat Hom volg: Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so ‘n groot geloof nie gevind nie.*

*10 En toe die wat gestuur was, teruggaan na die huis, vind hulle die siek dienskneg gesond.*

*Mat 8:5 En nadat Jesus in Kapérnaïm ingegaan het, kom daar ‘n hoofman oor honderd na Hom toe en smeek Hom*

*6 en sê: Here, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyne.*

*7 Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak.*

- 8 *En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word.*
- 9 *Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my diensknege: Doen dit! en hy doen dit.*
- 10 *Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.*
- 11 *Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele.*
- 12 *Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.*
- 13 *Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur.*

### **'n Derde keer dink ons terug.**

Jesus arriveer van Sy reis op die See van Galiléa af, net nadat Hy op die water geloop het en 'n man van 'n legioen van demone bevry het en hulle in die 2000 varke ingestuur het.

**Sy het Geloof aangeraak!**

'n Groot menigte van mense het vir Jesus aan die oewer gewag.

***Glo net in my! Glo net in wat Ek julle geleer het!***

***Glo net wat ek julle vertel het!***

### **Jesus sien die Geloof van die sondige Heidene.**

Jesus sien geloof en genesing vind plaas.

*Mat 15:21 En Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek.*

22 *En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete.*

- 23 Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan.
- 24 Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.
- 25 Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my!
- 26 Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.
- 27 En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.
- 28 Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.

Jesus het Galiléa verlaat en Noord gereis tot buite die area waar die Jode gewoon het toe 'n vrou na Hom toe gekom het. Di e vrou het goed geweet wie Hy was!

(Here-Seun van Dawid)

Sy het om genade gepleit en Jesus gesmeek, want haar dogter was met 'n demon besete. Jesus het haar nie geantwoord nie en het aangehou loop. Die vrou het egter aangehou kla en naderhand het Jesus se dissipels Jesus versoek om haar weg te jaag.

### **Hoe kry ek geloof?**

Kom ons kyk na wat die Bybel ons van geloof leer.

1. Geloof affekteer die manier hoe ons lewe.  
*Mar 1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.*
2. Slegs 'n klein hoeveelheid Geloof is nodig.  
*Luk 17:6 En die Here sê: As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant—en hy sou julle gehoorsaam wees.*
3. Geloof is nodig om gered te word.

*Rom 3:28 Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.*

4. Geloof herstel ons verhouding met GOD.

*Rom 5:1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;*

5. Geloof groei deur die bestudering van die Woord van God.

*Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.*

6. Geloof is om te luister na God.

*Heb 11:7 Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.*

*8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.*

*9 Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.*

*10 Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is.*

*11 Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.*

*12 Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.*

7. Geloof maak ons geregtig.

*Gen 15:6 En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*

8. Geloof in God gaan oor in werke.

*Deu 27:10 Daarom moet jy na die stem van die HERE jou God luister en sy gebooie en sy insettinge volbring wat ek jou vandag beveel.*

9. Geloof is glo in iets wan jy nie kan sien nie.  
*Heb 11:1 Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*
10. Geloof is belangrik vir verlossing.  
*Efe 4:5 een Here, een geloof een doop,*
11. Geloof moet op gevolg word deur 'n aksie.  
*Jak 2:21 Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?*

**Geloof is die Sleutel to die Hemel  
– deur Gebed.**

Geloof is die Sleutel to die Hemel – deur Gebed.

*Mat 8:13 Toe sê Jesus vir die hoofman oor honderd: **Gaan**, en laat dit vir jou wees **soos jy geglo het**. En sy kneg het gesond geword in daardie uur.*

*Mat 6:8 Moet dan nie soos hulle word nie, want **jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra**.*

*Luk 18:8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, **sal Hy wel die geloof op die aarde vind?***

### Die Geloof van 'n Kind van God!

1. Jesus beveel geloof in God.  
*Mar 11:22 Jesus antwoord en sê vir hulle: **Julle moet geloof in God hê**.*
2. Geloof maak God gelukkig!  
*Heb 11:5 Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat **hy God behaag het**.*
3. Jy sal verwerp word as gevolg van jou Ongeloof.  
*Deu 32:20 En Hy het gesê: **Ek wil my aangesig vir hulle verberg**, Ek wil sien wat hulle einde sal wees; want 'n heeltemal verkeerde geslag is hulle, kinders in wie geen trou is nie.*

4. Israëliete kom nie die land Kanaan binne gaan weens hulle Ongeloof.  
*Heb 3:19 En ons sien dat hulle **deur ongeloof** nie kon ingaan nie.*
5. Sonder geloof sal God ons nie help nie.  
*Heb 4:2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.*
6. Sonder geloof kan ons nooit God behaag nie.  
*Heb 11:6 En **sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag**; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.*

### Wat is Geloof?

**Gebed met Geloof,  
is uiters kragtig.**

1. Geloof is om te Weet.  
*1Jn 5:19 Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.*  
*20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.*
2. Geloof is om op God se getrouheid te staan.  
*Heb 11:17 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, 18 aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; 19 daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.*
3. Geloof is om God se Woord te staan – Die Bybel.  
*Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;*
4. Geloof is om op te tree volgens God se Wil.  
*Heb 11:7 Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige*



*urees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin, waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.*

*Heb 11:8 Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.*

### **Geloof is 'n fondasie van die Kind van God se lewe.**

1. Ons sal gered word deur ons geloof.  
*Rom 3:28 Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.*
2. Ons ontvang ons verlossing deur die geloof.  
*Hand 15:19 Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie,*
3. Ons oorwin die sonde met geloof.  
*1Jn 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.  
5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?*
4. Ons kan versoeking weerstaan.  
*Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.*
5. Ons ontvang alles wat ons nodig het deur die geloof.  
*2Ko 1:20 Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.*
6. Jy is in staat om geloof te wys!  
*Fill 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.*

## **Karaktereienskappe van 'n Getroue Persoon**

### 1. Jesus is ons bron van geloof.

*Efe 1:20* wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,  
*21* bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.

*22* En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,

*23* wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

### 2. Geloof is nederigheid.

*Mat 15:27* En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.

*28* Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.

### 3. Geloof deurstaan tot die einde.

*5* En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode,

*6* want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie—

*7* en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.

*8* Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.

*9* En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.

### 4. Geloof is om te glo in die antwoord wat jy nog nie kan sien nie.

*Heb 6:15* En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het.

### 5. Geloof is om kalm te bly gedurende moeilike omstandighede.

*Heb 4:3* Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het:

Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie— alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.

*Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;  
Heb 4:10 want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos  
God van syne.*

## Hoe Bou ek Geloof?

# **DIE 7 FASES VAN GELOOF BOU**

### **Bou die Muur van Geloof / Die skuld van Geloof**

**Fase 7: Dissipelskap Geloof – Lewe in Geloof.  
Matt 28 v 19**

**Fase 6: Die gawe van Geloof deur die Heilige Gees ontvang.  
1 Kor 12**

**Fase 5: Bou op tot Heilige Geloof – Glo en ontvang.  
Efes 4 v 5, Efes 6 v 10-17**

**Fase 4: Geloof in Aksie, Manifestasie van Geloof.  
Jak 2 v 21**

**Fase 3: Bou op Geloof deur die Woord van God te lees en te luister.  
Rom 10 v 17**

**Fase 2: Die Sondaar se Geloof in die Drie-Eenheid  
Rom 3 v 28**

**Fase 1: Almal is gebore met 'n klein hoeveelheid Geloof.  
Rom 5 v 1**

Fase 1: Almal is gebore met 'n klein hoeveelheid geloof.

Fase 2: Die sondaar se geloof in die Drie-Eenheid.

Fase 3: Bou geloof op deur om die Woord van God te lees en te luister.

Fase 4: Geloof in aksie, manifestering van geloof.

Fase 5: Bou op tot die Heilige Geloof. Glo en ontvang.

Fase 6: Die Gawe van Geloof van die Gees van God.

Fase 7: Lewe met Geloof, Dissipelskap geloof.

1. Almal besit 'n klein hoeveelheid Geloof en dit vergroot tydens die Wedergeboorte. Rom 12 v 3 en Matt 18 v 3
2. Geloof is 'n gawe van God af. Num 23 v 19, Ps 119 v 89 en 1 Sam 15 v 2.
3. Geloof word verkry deur die lees en memorisering van die Woord van God (Bybel versies uit die Bybel). Johannes 20 v 31, Rom 10 v 17 en Handeling 18 v 8.

### **Wat verhoed/stop Geloof in ons lewens.**

1. As jy vergeet om die Woord van God te lees/bestudeer.
2. Sonde in ons lewens.  
*Jn 3:20 want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.*  
*21 Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God;*  
  
*Psa 66:18 As ek ongeregtheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie.*
3. Om nie God se Wil ons lewens te aanvaar nie.  
*1Jn 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.*  
*15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.*  
  
*1Jn 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooi bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.*
4. Om ander antwoorde te soek by iemand anders.  
*Joh 5:44 Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie?*

## As jy Geloof het, wat sal volgende in jou lewe gebeur?

1. Jou sonde en Ongeloof is vergewe.  
*Hand 10:43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, **vergifnis van sondes** deur sy Naam ontvang.*
  2. Jy sal die gawe van geloof van die Gees van God ontvang.  
*Gal 3:2 Dit alleen wil ek van julle weet: het **julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?***  
*Gal 3:14 sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons **die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.***
  3. Jy sal die belofte ontvang. Ewige lewe.  
*Joh 20:31 maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.*  
*Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat **elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.***
- God sal jou nie  
Teleurstel nie**
4. Jy sal vrede in Jesus hê.  
*Joh 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.*
  5. Jou gees word 'n fontein van Lewende Water.  
*Joh 7:38 **Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.***  
*39 (En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie. )*
  6. Jou gebede word beantwoord.  
*Mar 11:24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*
  7. Jy sal in staat wees om wonderwerke soos Jesus te doen.

*Joh 14:12 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.*

8. Ons kan genesing ontvang.

*Mat 9:12 Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is.*

*Luk 7:50 En Hy sê vir die vrou: **Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.***

**Hoe bou ek op my nuutgevonde geloof?**

1. Deur vas en deur gebed, deur om kommunikasie na die Hemel toe op te bou.

*Mat 17:20 En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.*

*21 Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.*

2. Ondervinding, Gebed, Hê Geloof, moenie twyfel nie, en ontvang van God af. Dit sal dag-na-dag beter word.

*Mat 21:21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.*

**Ek wil hê jy moet**

**Glo en dan sien!**

Die **Goue Reël** van die geestelike Wêreld.

Spieëlbeeld (teenoorgestelde)

Sê dankie, voor jy ontvang.

**BID, GLO, MOENIE TWYFEL NIE, DANK GOD, DAN MAAK JY JOU HAND OOP, EN ONTVANG!**

Almal is gebore met 'n klein hoeveelheid geloof; selfs kinders het geloof in hulle ouers of pleegouers. Maar geloof raak minder en minder soos ons volwasse raak

en intellek oorneem. Slegs met wedergeboorte as 'n Christen sal hierdie klein hoeveelheid van geloof terug geplaas word in ons lewens.

Mosterdsaad geloof groei deur om die geloof opbouing stappe te volg en dan deur die gawe van geloof soos gegee deur die Heilige Gees.

Geloof is 'n vaste hoop, nie 'n onvastheid nie. Dit is om te staan op waarvoor jy hoop. Hoop in God vir die antwoord vir jou probleme van die oomblik wat jy God gevra het tydens gebed. Op hierdie stadium moet danksegging begin word.

Bedank God vir die voorsiening van jou elke behoefte!

### **My Gebed vir Geloof**

Almagtige God in die Hemel, ek kom na U toe my Voorsiener in die Magtige Naam van Jesus Christus, U Seun. Here, volgens die beloftes in U Woord (Die Bybel) weet ek dat U God, weet wat ek nodig het nog voor ek dit van U kan vra Here.

Ek wil U loof en prys vir U antwoorde op my versoeke. Ek wil U prys want U is alreeds besig om 'n wonderwerk vir my te bewerk!

Maar ek sal op U wil staan God.

Dankie vir die wonderwerk waarvan ek 'n getuienis gaan wees. Jesus en God, sien asseblief my mosterdsaadjie geloof. En my nederige gebed.

U het my gebed verhoor en ek wag nou op U Glorie.

Amen en Amen.

Nadat jy gebid het, sal die prins van leuens dadelik vir jou vertel dat God nie jou gebed gehoor het nie, en dat Hy jou nie gaan antwoord nie. Maar glo en moenie twyfel nie en jy sal ontvang.

Weerstaan die vyand, en hy sal van jou vlug!

Ek herinner hom (duiwel) altyd aan sy toekoms as hy my aan my verlede herinner.

Volgens Openbaring 20 v 15, sal die duiwel en sy volgelinge in die poel van vuur gewerp word. En hulle sal tot in alle Ewigheid gepyning word.

Staan vas op jou geloof, toets God eenkeer vir 'n antwoord. En wag net geduldig want God sal jou nie teleurstel nie!

Ek Verduidelik altyd aan die Christene waarmee ek in kontak kom;  
Bid en moenie opgee nie, môre mag dalk die dag wees wat God jou antwoord!

### **Dit is so hartseer!**

Jesus is so onseker oor die geloof van Sy Christene volgens Lukas 18

Niemand was daar toe Hy opgestaan het uit die dood en uit die graf geloop het daardie oggend nie. Hy is onseker oor die dag van Sy wederkoms; Sal daar iemand vir Hom wag?

Gaan jy daar wag vir Jesus as Hy weer kom op 'n wolk van Glorie? Of gaan jy soos die Dissipel wees wat gesê het "Sien is glo"?

Gaan Jesus geloof vind? Gaan jy daar wees?

Gaan jy saam die verwelkomings sang sing?

*Seun van God ons het op U gewag*

*Ons het geloof in U gehad.*

*Ek is reg om te gaan!*

*Saam U, na die Nuwe Jerusalem.*

In Openbaring 22 v 12, sê Jesus vir Johannes.

*Kyk ek kom gou, en ek bring My belongings saam My!*

Sal Jesus geloof in jou vind?

Die Engel by die graf het gesê : Matt 28 v 6

Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het.



Selfs die Joodse Raad het meer geloof gehad; hulle het 'n wag by die graf  
geplaas. Matt 27 v 63

Die Engel het die vroue berispe oor hul ON geloof.

In die Hoofstuk wil ek dat jy jou manier van dink verander.

Jy sal sien waarin jy glo, en nie om te sien is glo nie.

Ons moet beseef dat in die geestes wêreld is alles 'n spieëlbeeld van die dinge hier  
op die Aarde.

**Bedank God net en ontvang.**

**Moenie éers ontvang en dan God dank nie!**

## Hoofstuk 6: Geloof in aksie.

Geloof gepaard met gebed is 'n baie belangrike faset wat tot ons Christene se beskikking is, en iets wat ons moet hê. Maar geloof sonder enige aksies het geen krag. Geloof moet gemanifesteer word om dit waarvoor ons hoop te verseël.

Om in iets te glo is fantasties, maar as jy jou geloof kan manifesteer deur 'n aksie uit te voer, dan is dit net soveel meer kragtig.

Wanneer ek aan manifestering dink, dink ek altyd terug aan in die Bybel se geskiedenis en aan spesifiek drie mense in die Bybel: die stories van Moses, Abraham en Elisa.

Ons lees oor Moses, die broer van die Hoë Priester, Aaron. Moses se geloof het begin net na sy geboorte toe die Pharaoh die opdrag gegee het vir al die eersgeborene seuns van Israel om dood gemaak te word. Ons almal ken die storie van die biesies mandjie en die rivier en die prinses baie goed. Dit is hier waar sy moeder se geloof hom gered het.

Moses het later 'n prins van Egipte geword en met geloof in God het hy 2,5 miljoen Israëliete uit slawerny uit Egipte gelei. 1250 VC  
Eksodus 2 en 3

Al die wonders en wonderwerke wat Moses gedoen het, het hy gedoen deur 'n manifestasie van sy geloof in God.

- Toe hy met sy staaf aan die Rooisee geraak het.
- Toe hy sy staaf geneem het en op die klip geslaan het en vars water het uit die klip gevloei. En vele ander wonderwerke.

Daar was altyd 'n tipe aksie van sy kant af, en dan het God voorsien.

Die volgende storie is oor Abraham en sy seun Isak in Genesis 22 v 1 – 14  
Abraham se geloof was getoets deur God omdat God vir Abraham 'n opdrag gegee het om sy enigste seun te offer. Abraham was bitterlik lief vir sy seun Isak, maar sy liefde vir God was groter. Oppad na die altaar toe het Isak aan sy pa die vraag gevra: “waar is die lammer wat dan geoffer moet word?”, waarop sy vader beantwoord het: “God sal voorsien,” maar Abraham het nodig gehad om 'n aksie uit te voer om God se seëninge vry te laat oor hom.

Abraham moes Isak vasgebind het en op die altaar geplaas het. Terwyl Abraham die mes in sy hand om hoog gehou het, het hy tot God gebid.

‘n Engel het hom gestop net voor hy Isak kom offer. Ja, God het voorsien op die laaste minuut, maar Abraham moes die geloof oorgesit het in ‘n daadwerklike aksie, in ‘n manifestasie.

Gemanifesteerde Geloof het ontsaglike groot belonings. En terselfdertyd bou dit jou geloof boompie wat jy geplant en water gegee het, maar onthou God is die een wat die saad maak groei.

Dan is sekerlik die grootste manifestering van geloof verhaal, die verhaal van Elia.

Elia en die droogte – 1 Konings 17 v 1 – 7

Elia en die Baäl priesters – 1 Konings 18 v 1 – 40

Die geloof wat Elia gehad, het altyd gemanifesteer.

Die land was deurtrek met droogte en Elia het by ‘n fontein gesit waar daar toe ‘n vrou aangekom het om water te skep toe Elia vir haar opdrag gegee het om a brood vir hom te bak. Haar antwoord aan hom was dat sy nie genoeg het te ete vir 3 nie, maar net genoeg het vir nog een maaltyd vir haar en haar seun.

Maar Elia leer haar dat haar geloof moet oorgaan in aksie, en die broodmeel in die kruik asook die water vanuit die fontein het vir 3 jaar vol gebly, voordat dit weer gereën het.

Sonder geloof kon Elia ‘n ander opdrag gegee het.

Maar geloof was gemanifesteer tot in aksie, en die vrou by die fontein het Elia se geloof gesien en het toe haar eie geloof gemanifesteer deur om die laaste van die bestandele te neem en ‘n maaltyd vir hulle voor te berei. Vir die volgende drie jaar het sy, haar seun en Elia soos konings, drie maal ‘n dag geëet.

Geloof is om in God se vermoëns te vertrou. Doen dit net – God sal voorsien

Wys geloof en manifesteer dit dadelik, God, Jesus en die Heilige Gees wil ‘n mate van geloof sien.

God sal nooit teleurstel wanneer geloof oorgaan in aksie nie. Dit gaan hand-in-hand. Hy sal tot die volheid van Sy rykdom en genade voorsien.

Die volgende storie is die beste voorbeeld van manifestering van geloof. Elia gaan kop-teen-kop met die Baäl priesters, want hy het al God in aksie gesien.

Wanneer jy jou geloof manifesteer – Sal God voorsien.

Elia het gewaagde opdragte gegee vir altare van klip om gebou te word en vir twee osse om voorberei te word sodat dit geoffer kan word. Een os vir hom en een os vir die Baäl priesters.

Hy het toe aan hulle beveel om water oor sy altaar te gooi sodat sy altaar deurdrenk moes wees van die water.

Die priesters was oortuig dat geen Aardse vlam ooit Elia se altaar sou kon aansteek.

Hulle het egter baie verbasend gestaan en toekyk hoe God magtiglik voorsien het. Ons almal ken die storie baie goed. God het geantwoord met ‘n reuse vuur van die Hemel af en het Elia se altaar tot op die grond afgebrand.

Manifestering bou geloof. God sal voorsien. Na manifestasie in Gebed met geloof moet jy nie twyfel nie want JY SAL ONTVANG.

Wanneer alles wanhopig lyk, manifesteer jou geloof. En wag vir ‘n wonderwerk van God af.

Wanneer jy nodig het om ‘n maaltyd voor te berei, en die bestandele is uitgeput, manifesteer jou geloof en dek die tafel vir die maaltyd wat oppad is. Indien jy ‘n werk nodig het, manifesteer jou geloof deur om vir jou ‘n kosblikkie te pak om saam jou te neem vir die werk wat oppad is.

As jy God vertrou vir ‘n voertuig, gaan en koop solank ‘n nuwe sleutel houer en hang dit op ‘n plek waar jy dit gereeld kan sien. Wys na die sleutel houer terwyl jy bid en vertrou en wag vir die wonderwerk.

Indien jy vir jou finansies bid, gaan solank en koop vir jou ‘n groter beursie.

Indien jy bid vir reën, gaan kry jou reënjas of jou sambreel. Dra dit saam met jou oral waar jy gaan want dit gaan kom reën.

Wys jou geloof deur dit te manifesteer deur aksie. En herinner God aan hierdie aksie elke keer as jy bid.

Elia bid vir reën. 1 Konings 18 v 41 – 46

In hierdie Hoofstuk gaan Elia na 'n berg toe waar hy dan biddend op sy knieë bly totdat God 'n reënstorm voorsien. Hy het een van sy dienaars aangestel om op die uitkyk te wees vir reën wolke terwyl hy tot God gebid het.

Dit wys my dat jou geloof moet oorgaan in 'n aksie, wat dan geloof in die mense om jou sal bou.

As jy volgens die boek bid, en daar is steeds nie antwoord van God nie, moenie opgee nie, want die antwoord is alreeds oppad. Onthou ook ons tyd is nie God se tyd nie. Maar God sal nooit laat wees nie!

En selfs wanneer die antwoord op jou gebed gekom het, en dit is nie waarvoor jy gebid het nie, moet jy die antwoord aanvaar, want onthou God weet beter.

As jy bid, hê geloof en manifesteer jou geloof deur aksies, moenie twyfel nie en maak jou hand oop om te ontvang.

Matt 21 v 21 – 22

*21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.*

*22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.*

Psalm 138 v 2 – 5

*2 Ek sal my neerbuig na u heilige paleis en u Naam loof, om u goedertierenheid en om u trou ontwil; want U het vanweë u ganse Naam u toesegging groot gemaak.*

*3 Die dag toe ek geroep het, het U my verhoor, my moedig gemaak met krag in my siel.*

*4 Al die konings van die aarde sal U loof, o HERE, as hulle gehoor het die woorde van u mond;*

*5 en hulle sal sing van die weë van die HERE, want die heerlijkheid van die HERE is groot.*

- 6 *Want die HERE is verhewe; nogtans sien Hy die nederige aan, en die hoogmoedige ken Hy uit die verte.*
- 7 *As ek te midde van benoudheid wandel, behou U my in die lewe; U steek u hand uit teen die toorn van my vyande, en u regterhand verlos my.*
- 8 *Die HERE sal dit vir my voleindig! U goedertierenheid, HERE, is tot in ewigheid: laat nie vaar die werke van u hande nie!*

Lukas 18 v 1

*En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,*

Matteus 7 v 7

*Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.*

### **Soek / Klop – Manifestasie van Geloof**

Manifesteer jou Geloof! – Net om jou 'n paar voorbeelde meer van manifestasie te gee

As dit 'n nuwe tuiste is wat jy benodig, en dit is waarvoor jy bid, gaan en koop 'n nuwe sleutelhouer vir daardie nuwe huis. Plaas die sleutelhouer iewers waar dit maklik sigbaar is en elke keer wat jy bid dan wys jy na daardie sleutelhouer.

Indien jou Bure lawaaimakers is (bure vanuit die Hel). Pak hulle tasse in geloof en in die gees en dan vra jy God om hulle te vervang met beter bure. Hou so aan totdat hulle trek. Maar as jy nie van jou huidige adres hou nie, vertrou God vir 'n nuwe plek.

As jy God vertrou om jou te help om gewig te verloor, gaan en koop 'n nuwe rok of broek in die grootte wat jy graag wil wees, en God sal assisteer.

As jy God vertrou vir 'n welverdiende Vakansie, gaan en kry die vakansie brosjure van die reisagentskap en plaas dit in jou Bybel.

Bid, glo en moet nie twyfel nie en ontvang nadat jy jou geloof in aksie gemanifesteer het.

Dit is baie belangrik dat jy God loof en prys vir die antwoord nog voordat jy dit ontvang het. Dit wys geloof in God en Hy sal in verwondering staan hieroor.

Doen jou deel en God sal jou halfpad ontmoet.

Maar daar moet 'n verhouding tussen jou en God wees. **Geen** sonde en dissipelskap is nodig.

Geniet jou tye van gebed, van lofprijsing en aanbidding aan God. Geniet dit terdeë en opreg uit jou hart uit, na jou manifestasie van jou geloof. En dan die mees belangrikste stap....

Maak slegs jou hand oop en ontvang!

Al jou gebed versoeke moet opreg en nederig wees, en die versoek self, moet nie oorboord en sonde georiënteerd wees nie.

Sommige versoeke sal langer neem as ander. God se tydsberekening is perfek. Manifesteer jou Geloof deur Gebed, Wys Geloof, moenie twyfel nie, Bedank God en ontvang. Hierdie is die stappe na die Voorsieningskrag van die Hemel.

## **Hoofstuk 7: Die Vuur altaar van vandag.**

Die kerk van vandag sien die Vuur altaar as die oorspronklike deel van die Ou Testament Tabernakel of Tempel. Maar hulle beskou dit as ou gebruike en nie deel van die verlossingsplan van God volgens die doktrine van die Nuwe Testament nie. Die vuur altaar was die voorwerp wat jy eerste gevind het soos jy die oop area van die Tabernakel van God ingekom het.

Die Tabernakel tent wat in Moses se tyd in gebruik was, was heeltemal mobiel maar in die Tempel van God was dit 'n vaste vesting. Dit was dus ingebou en deel van die konstruksie. Die betekenis agter elke item binne in die Tabernakel en die Tempel het verander toe Jesus aan die Kruis gesterf het. Oorspronklik was die altare altyd van klip gemaak en gebruik vir die offering van offers aan God vir die sondes van die Israëliete.

Ons lees in die begin – Genesis, oor die eerste vuur altaar wat gebruik was. Die kinders van Adam en Eva was die eerste om hierdie Vuur altaar te gebruik. Kain en Abel het aan God offeringe gebring en seëninge van God af ontvang. Die offers wat hulle gebring het, was die goedere wat hulle geproduseer het in hulle onderskeie boerderye.

As jy die uitleg of plan van die Tabernakel of die Tempel soos in Jerusalem, bestudeer, sal jy sien dit is 'n spieëlbeeld van die verlossingsplan van die Nuwe Testament. Die 12 stappe van die Ou Testament verlossingsplan is nogsteeds dieselfde as die 12 stappe na die Ewige lewe.

- 1.** Die ingang van die Tabernakel = erken dat jy 'n sondaar is sonder God.
- 2.** Die binnehof van die Tempel = Draai weg van sonde af. In hierdie deel van die Tabernakel was almal welkom om hulle offers te bring vir hulle sonde.
- 3.** Nogsteeds in die binnehof, die plek waar hulle die offer voorberei het. Hierdie plek aan die linkerkant van die ingang was gevul met die bloed van diere. Die diere was by hierdie punt geslag = Aanvaar Jesus Christus as jou Persoonlike Verlosser, Sy Bloed was vir jou gegiet en Hy het aan die Kruis gesterwe vir jou sondes.
- 4.** Nogsteeds in die binnehof, reg voor die Vuur altaar en gereed om jou offer op die altaar te plaas = Geloof in die Drie-Eenheid en geloof in God vir vergifnis van jou sonde en geloof in die Bloed van Jesus Christus wat beskerming en genesing bied.
- 5.** Die vuur altaar is waar die offer op die altaar geplaas word = Gee en ontvang vergifnis aan ander en ook van God af. Jy is nou 'n wedergebore Christen.



6. Nogsteeds in die binnehof tussen die altaar en die Koperwaskom (Die tweede item in die Tabernakel) Hier was dit nodig om die bloed van jou hande af te was = Doping in water. Die watergraf, wat die 3 dae wat Jesus in die graf was en as nuwe persoon in Christus opstaan, simboliseer.

7. Nogsteeds in die binnehof. Die binnehof was oop vir die hele nasie in die Ou Testament. Normaalweg nadat die hande gewas was, het hulle voor die Heilige afdeling, voor die binne tent, gaan staan. Vandaar af kon hulle slegs die wonder van God aanskou, maar was nie toegelaat om in die gedeelte in te gaan nie. Die gedeelte was slegs toeganklik vir die priesters en die hoë priester.

Aan die binnekant van die binne tent agter die gordyn was die Allerheiligste en daar was die Ark van die Verbond bewaar. Hierdie gedeelte het die teenwoordigheid van God Almagtig voorgestel. Hierdie gedeelte was ook net toeganklik vir die Hoë Priester en ook net een maal per jaar. Die Bestudering van hierdie Heilige gedeelte = Bybel studie van die Woord van God. Leer meer van die Drie-Eenheid. En leer oor die stappe wat nog voorlê tot by die finale eindbestemming wat die Ewige lewe, Hemel in sy volle glorie, is.

My waarneming is dat hierdie die punt is waar 'n groot hoeveelheid van Christene terug draai, net soos in die Ou Testament. 'n Groot hoeveelheid Christene weet nie hoe om van hierdie punt af verder te gaan nie. Slegs 'n klein persentasie Christene aanvaar hulle Priesterskap en beweeg dan vorentoe na die Heilige afdeling.

Hierdie is die halfpad merk in jou reistog na die Paradys toe.

Na die doping in water en na'n paar Bybel studies, verloor Christene belangstelling en beweeg terug en baie selde (en baie hartseer) verlaat hulle die Tabernakel geheel en al en val terug in die sondige wêreld.

Hulle beweeg nie aan na die binne tent toe nie. En sonde begin dan weer om op te bou.

Jy het op twee opsies op stap nommer 7. Een; jy beweeg aan en bou jou gebedslewe op, bou jou geloof op, gee en ontvang vergifnis, hê deelname in genesing, beskerming en die vergifnis maal. òf ; jy verlaat die Tabernakel geheel en al en gaan terug in die sondige wêreld in. Jy kan slegs koud òf warm wees. Indien jy voor die in die binne tent bly dan sal jy wees soos die Bybel sê; loutwarm en dan sal God jou uit spuug.

Ja, sommiges sal terug val, in die hoop dat hulle een dag terug sal kom tot by hierdie punt. Ja, Jesus en God sal ons 'n miljoen keer weer vergewe. Maar die doping van water kan slegs een keer gebeur. Ek het nie 'n problem met weer-doping nie. Dit kan wees dat jy die eerste keer met jou doping nie ten volle sonde vergifnis gedoen het nie. Jesus se bloed het jou skoon gewas van die sonde, maar as jy jou tyd neem om in die Heilige gedeeltes in te gaan, dan gaan sonde wees opbou.

Maar die doping in water moet ten volle bemeester word voordat jy die Heilige deel van die geestelike lewe kan ingaan.

- 8.** In die Ou Testament se tye was slegs die Tempel Priester toegelaat om in die binne tent gedeelte in te gaan om offers aan God te bring. Soos wierook brand. In hierdie gedeelte sien ons die drie items; die tafel met brood en wyn offers wat voor die Hoof Gordyn staan, die wierook altaar en verder aan die linkerkant het die sewe lampstaanders gestaan = Die Heilige Nagmaal, Gebed, Lofprysing en Aanbidding en Geloof opbouing. Gebed, Geloof en voortdurende Vergifnis. In hierdie deel was daar vir 12 maande van die jaar voorbereidings gedoen vir die Heilige Priester om die Allerheiligste agter die Hoof Gordyn in te gaan. 'n Plek van voorbereiding waar jy jouself sonde vry moet kry. Want geen sonde kan die Allerheiligste ingaan nie. Hier sal jy die medalje met die gegraveerde woorde **“Apart gestel as Heilig vir die Here”** dra. Toe Jesus Christus aan die Kruis gesterf het, het God die Allerheiligste geopen vir almal wat Sy Seun Jesus aanvaar het om die gedeelte binne te kan gaan en om dan die doping van die Heilige Gees te kan ontvang.
- 9.** Die Hoof Gordyn. Niemand behalwe die Hoë Priester was toegelaat agter hierdie Hoof Gordyn. Agter hierdie Gordyn was die Allerheiligste en dit was waar die Ark van die Verbond bewaar was. Die Hoof Gordyn is die sesde item of voorwerp in die Tabernakel = hierdie is die doping van die Heilige Gees in die Nuwe Testament verlossingsplan. Die nuwe Tempel van God, jou gees. Die Heilige Gees doop jou dan met 'n kombinasie van die 7 Geeste van God en 'n string van Karaktereenskappe, Gawes, Vrugte, Vermoëns en nog meer. 'n Baie spesiale oomblik in elke Kind van God se lewe. En die Wedergebore status word slegs bereik wanneer die doping van die Heilige Gees plaasgevind het.

As jy gelei word deur die Heilige Gees binne in jou, alleenlik dan kan jy 'n Kind van God genoem word.

**Wedergebore, Skoongewas in die Bloed van Jesus, Geesgevulde, Kind van God.**

**10.** Die Allerheiligste. Agter die Hoof Gordyn, in die agterste gedeelte van die binne tent. Item/ voorwerp 7 is die Ark van God. En binne die Heilige deel is daar nog drie ander items.

- A. Die 2 tablette met die wet van God soos geskrywe in Eksodus 20.
- B. 'n Kruik gevul met manna wat uit die woestyn verkry was gedurende die tyd van Eksodus.
- C. Die staaf van Aaron met bloeisels.

Aan die ander kant van die Gordyn = Aanvaar jou Dissipelskap en ontvang jou Bediening in die Koningryk van God. Leer die wet van God aan die nuwe Dissipels, en leer hulle van God se voorsieningskrag en die seëninge wat jy sal ontvang in die gees en ook fisies.

Volgens Jesus in Matteus 28 vers 19 & 20,  
Die Groot Opdrag van Jesus Christus

*19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

*20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.  
Amen.*

Hierdie leer ons die volgende stappe onself te neem en ook om dit ten volle te bemeester, sodat ons dit aan ander weer kan leer en hulle kan lei tot by die Hemel.

**Dimensie 1:** Die buitekant van die Tabernakel = Ons lewe sonder God in sonde in 'n sondige wêreld.

**Dimensie 2:** Die binnehof binnekant die Tabernakel = Alle sondaars was welkom in hierdie gedeelte buite die hoof tent in die binnehof. Om te kom en offergawes te bring vir God vir hulle sondes = aanvaar Jesus Christus , Doping in water en Bybel studie.

**Dimensie 3:** Die Heilige gedeelte van die Tabernakel, die binne tent. In hierdie gedeelte was slegs die Tempel Priester toegelaat. Jy moet jou Priesterskap aanvaar as jy in hierdie gedeelte wil ingaan. Hier moet jy dan ook meer as 80 % van jou tyd aan God bestee en naby aan Sy teenwoordigheid wandel = Bou

Gebedslewe, Lofprysing en Aanbidding. Bou jou Geloof en hou aan voortdurend om vergifnis te gee en te ontvang.

**Dimensie 4:** Die Allerheiligste. Slegs die Hoë Priester was toegelaat om in hierdie gedeelte in te gaan, en slegs een maal 'n jaar en dan ook met sy oë toe = Hierdie is die werke wat jy verrig in die Koningryk van God in jou Bediening waar jy absoluut deur die Heilige Gees gelei en vertroos word.

Stap 11 volg. Word goedgekeur en geseël deur die Merk van God.

**Dimensie 5:** Die Ark van God = Die Hemel in sy volle glorieryke mag. Die Ewige lewe, Nuwe Jerusalem, die Paradys of die Tuin van Eden soos dit ook genoem word. Hierdie sal ons slegs beërwe na die Groot Wit Troon Oordeel plaasgevind het.

Stap 12: Ons finale eindbestemming.

Deur jou Dissipelskap te aanvaar, word jy toegelaat om tussen die dimensies fisies, nie in die Gees nie, te beweeg. Jy kan van 4 na 3 of na 2 of 1 toe beweeg en nuwe dissipels gaan maak. Dit was die opdrag van Jesus Christus minute voor Sy opvaarding na die Hemel toe.

Neem die sondaar van dimensie 1 – begin as 'n sondaar  
Na dimensie 4 – 'n Geesge vulde Kind van God.

Dimensie 1 = Sondaar in 'n sondige wêreld sonde God in hulle lewens.

Dimensie 2 = Wedergebore

Dimensie 3 = Heilige Christene

Dimensie 4 = Geesge vulde Kind van God.

Hierdie is die opdragte van die Seun van God = Jesus Christus.

**Sy opdrag is baie duidelik!**

Neem die sondaar van Dimensie 1 tot 4 so vinnig as moontlik om uiteindelik 'n nuwe Dissipel te word.

*(Daarom gaan en leer alle nasies), Lei die sondaar na Jesus toe (doop hulle in die Naam van die Seun) van verlossing na die water doping (doop hulle in die Naam van die Vader), van die reinigingsproses tot die Heiligheid. En van die Heiligheid na die doping van die Heilige Gees (en van die Heilige Gees),*

**En van die Geesgevulde na die dissipelskap en bediening** *(leer hulle om alle dinge te observeer) in die Koningryk van God ( wat ookal Ek van jou beveel).*

*Vanaf stap 1 tot 12 “Lewe met die Ewigheid in my Gedagtes”*

Maar dit is hier waar die Kerk van God vir Jesus gefaal het. Ons lei en ondersteun nie ons pasgebore lammers nie tot by nuwe Dissipelskap status in die geestelike lewe nie.

‘n Groot persentasie word by stap 6 en 7 agtergelaat, en dan val hulle uiteindelik terug na hulle ou lewenstyle toe, en slegs net ‘n klein persentasie Wedergebore Christene bereik die Heiligheid by hulleself.

Hulle sit vas in Dimensie 2 en sommiges gaan tot in Dimensie 3.

As ons Dimensie 4 bereik is dit slegs deur God se genade en as ons, ons nuwe siele na die Dimensie toe kan lei is dit net ‘n reuse WOW in die Hemel. As een siel hierdie punt van sy of haar geestelike lewe bereik, is daar hewige feesvieringe in die Hemel.

**11.** Nogsteeds in die Allerheiligste gedeelte, in die binne tent van die Tabernakel = Hier sal ons die balans van die 7 Geeste van God ontmoet. Hier begin jy ook om jou Bediening wat God jou gegee het uit te lewe in die dienste wat jy in die Koningryk van God verrig. Jy gebruik jou Vermoëns wat jy deur die Gees ontvang het, jou Gawes en Vrugte om die Koningryk van God tot sy volle potensiaal uit te brei hier op aarde.

En now wag jy om geseël te word met die Merk/Seël van God vir die Ewigheid. Die manier waarop ons moet lewe na Stap 10 word ten volle verduidelik in my Boek “Is jy Hemel gereed”.

**12.** Nogsteeds in die Allerheiligste, die Ark van die Verbond en van God = Die Ewige lewe. Die Koningryk van die Hemel, die Nuwe Jerusalem. You eindbestemming wanneer jy al die stappe bemeester het.

**Maar hierdie studie is oor die Vuur altaar van vandag!**

Stap 5 van die 12 stappe na die Hemel, die tweede item/voorwerp in Dimensie 2; dit is om vergifnis te gee en om vergifnis te ontvang vanaf God.

Daar is 3 plekke in die Tabernakel Verlossingsplan waar jy vergifnis kan gee en kan ontvang.

Daar is 3 plekke in 3 verskillende dimensies in ons geestelike lewe waar jy die kans gegun word om skoon te word en van 'n on-vergewensgesindheid ontslae van te raak. God weet dat dit ons menslike natuur is om te sondig en Hy weet dat ons 'n humeur het. Alhoewel ons, ons beste probeer om nie te sondig nie en so gereeld as moontlik te vergewe, sal daar altyd een of ander vorm van sonde of on-vergewensgesind in ons siele vassteek.

God voorsien 3 plekke.

**Plek 1:**

By die ingang by die Tabernakel/Tempel = Erken jy is 'n sondaar en sonder God. Hier moet ons ontslae raak van sonde en ON vergewensgesindheid en aan beweeg na die volgende stap.

**Plek 2:**

By die Vuur altaar = Jesus Christus het Homself as perfekte opoffering vir ons sondes gegee. Sy bloed het ons skoon gewas van sonde.

**Plek 3:**

Die tafel van brood en wyn offer = Die Heilige Nagmaal. Die aand maaltyd is die maaltyd van vergifnis, genesing, beskerming en die nagedagtenis maaltyd.

Matt 26 v 28

Op elke plek word die sonde minder en minder en by plek 3 is die sonde veronderstel om te verdwyn en oombliklike vergifnis word dadelik gegee en ook gevra.

Maar Ongelukkig: By plek 2 is waar 'n baie groot persentasie Christene vassit oppad na die Hemel toe. As gevolg van ON-vergewensgesindheid en sonde wat in hulle lewens vassteek.

Ja, hulle het weg van die sonde af gedraai en het Jesus Christus hulle Redder gemaak; was gedoop in water; het die Woord van God bestudeer. Maar sonde het weer op begin bou want hulle het nie verder aan beweeg na stap 8 en 9 toe nie.

Verbeter en vergroot jou gebed gebied, lofprysing en aanbidding, bou op jou geloof en gee en ontvang voortdurend vergifnis.

Hulle het nie die Heiligheid bereik nie, en sit vas in die binnehof, reg voor die Heilige gedeelte van hulle verlossing.

### **Wat gaan jy hieromtrent doen?**

Dit is waar die Vuur Altaar van vandag 'n belangrike rol speel en hier moet jy jou siele, jou kerk lede en dalk selfs jouself tot by hierdie punt kry om verder te gaan na die Heiligheid gedeelte toe.

Hierdie is genoem in die volgende Hoofstuk genoem “ Jy kan dood gaan!”

Ons het nodig om te erken dat ons voor die Heilige afdeling staan en dat ons nie toegang tot hierdie gedeelte sal hê as ons nie stap 5 van die 12 stappe na die Hemel ten volle bemeester het nie. Ons sit vas op stap 7, Bestudering die Woord van God (Die Bybel).

En selfs op stap 9 wat die Doping van die Heilige Gees is, kan ons ook vassit. Ja, selfs in die Heiligheid kan jy vassit as gevolg van sonde en Onvergewensgesindheid. “ Sonde-vry moet jy wees”

Ek Verduidelik altyd die volgende aan nuut Wedergebore Christene: Jou siel is soos 'n prag-skone kristalglas, en wanneer dit vasgevang in sonde en onvergifnis is, is dit soos modder wat die glas besmet het. Jy sal die glas moet skoon maak met Jesus se Bloed, gespoel met water van die doping, en om dit skoon te hou, moet dit blink gevryf word met die Heiligheid van die Heilige Gees. Die Heilige Gees sal dan kosbare olie ingiet tydens die doping van die Heilige Gees, sodat dit sal oorfloei. Hierdie sal dan verhoed dat die modder weer die glas kan binnedring.

Maar hierdie is nie wat gebeur in die Moderne Kerke nie; ons het skoon glase wawyd oop gelos vir die duiwel om te kom vul met sy sonde. Ons het nie die Wedergebore tot by die ingieting van die olie wat tot beskerming lei, gelei nie.

‘n Groot persentasie Christene moet van stap 9, die doping van die Heilige Gees, af aanbeweeg. Identifiseer hulle huidige posisie op hulle pad na die Hemel toe en neem hulle dan terug na stap 5 toe. En laat hulle eers hierdie stap bemeester, en dadelik daarna moet jy bid vir die Doping van die Heilige Gees. Moet nie wag nie.

As jy gaan wag gaan sonde en on- vergewensgesindheid weer terug kom en gaan weer die glas besmet. Versoeke, onbekende sondes en emosionele sondes sal weer inkom, keer op keer as die glas nie gevul word met die beskermende olie van die Gees van God nie.

Laastens: Die Vuur altaar van Vandag! Kom ons kyk hoe dit gedoen kan word in die Nuwe Testament Verlossingsplan.

### **Stap 1:**

Die Christene moet aangesê word dat hy/sy nie dimensie 3 of 4 kan binnetree terwyl hulle in die geestelike stand is waar hulle nou is nie. En hulle kan nie die Hemel behaal sonder om nie gebore te word uit water en die Gees nie. Hulle moet totaal en al heeltemal sonde vry wees om aan te kan gaan. Alle sondes moet voor God geplaas word en vergifnis moet gegee word en ook ontvang word. Geen Bindings van enige aard, of vloeke sal in dimensie 4 welkom wees nie.

Om hulle die waarheid te vertel sal hulle vry maak!

En as jy hulle nie lei nie, sal jy aan Jesus Christus moet antwoord by die Groot Wit Troon Oordeel.

### **Stap 2:**

Die Christen moet self ondersoek doen en hulle harte en siele deursigtig ondersoek; hulle sal deur die Gees oortuig word van die dinge wat tussen hulle en God staan.

Maak nou ‘n lysie:



- a. Die wet van God Eks. 20 en die wet van Jesus Matt 5.
- b. Enige slegte dinge wat in die siel versteek/vassit.
- c. Emosionele sonde – diep binne versteek.
- d. ON – vergewensgesindheid.

Wanneer die lysie voltooid is (Die Christen moet eerlik met hulself en met God wees) moet die persoon volkome oopmaak teenoor God. Sien hierdie as die laaste veranderinge. Beweeg dan aan om met God op stap 3 te praat.

### **Stap 3:**

‘n Vuur altaar sal buite die Huis voorberei word waar die Sel groep gehou word. By hierdie vuur altaar moet daar ‘n getuie wees, verkieslik iemand Geestelik en onbekend aan almal in die groep. ( Slegs dan sal almal eerlik en opreg oopmaak teenoor God). As dit ‘n lid van die groep of kerk is, dan sal die kandidate nie gemaklik voel om vrylik oop te maak teenoor God nie, weens skaamheid/verleentheid wat dit sal veroorsaak.

Die Christen moet dan hardop met God praat, sodat die getuie, getuienis van die gesprek tussen die sondige Christen en God Almagtig kan wees. Die Christen sal alles wat tussen hom/haar en God staan, een vir een noem en dan daardie ding wat hom/haar vashou in bindings (slawerny) in die vuur plaas.

Dinge soos: Alkohol, dwelms, fotos van geliefdes, name wat op ‘n stuk papier geskrywe is met die naam van die persoon wat hulle nie kan vergewe nie. Enige iets waaraan hulle kan dink wat tussen hulle en God kan staan en wat verhoed dat hulle nie Dimensie 3 kan ingaan nie. Dimensie 3 = Die Heiligheid en Dimensie 4 = Die Allerheiligste.

Afskrifte van foots of die sonde kan neergeskryf word op ‘n stukkie papier en dan in die vlamme geplaas word.

Sonde soos: Haat, trots en meer emosionele sondes. All fisiese sondes moet items wees wat in die vuur geplaas word. Die kandidaat sal begin huil as hulle die goed sien brand. Vergifnis sal ontvang word en die persoon sal nou totaal en al vry wees van sonde. As daar geen trane is nie, is daar geen vergifnis. Daar moet een of ander vorm van hartseer plaasvind. ‘n Diep impak is op die siel gemaak en ‘n denkpatoon veranderinge is ontvang.

#### **Stap 4:**

Die getuie bevestig nou aan die kandidaat dat God die gebed verhoor het en Hy vergeef hulle, hulle sondes en ON vergifnis. En as hulle heeltemal oop gemaak het teenoor God, dan sal God die volgende stap doen – die Doping van die Heilige Gees. Teen hierdie stadium kan die kandidaat deur die Heilige Gees gedoop word. Want die Heilige Gees wag al vir baie lank om die kandidaat te vul en hom/haar ‘n Kind van God te maak.

#### **Stap 5:**

Van hier af sal die kandidaat dan binne die Kerk ingaan waar ‘n groep Geesge vulde Kinders van God te wagte sal staan vir hom/haar. Maak doodseker dat hierdie mense inderdaad Geesge vulde Kinders van God is wat vir hierdie nuwe kandidaat gaan bid om die Heilige Gees te ontvang.

Salf die kandidaat met heilige olie en bid vir die fantastiese Doping van die Heilige Gees, en staan dan terug en sien die wonderwerk van Wonderwerke, gebeur.

Lees oor “die vertroosting Doping Span” in my boek  
**“Not just a Spirit”**

As die Heilige Gees doping nie plaasvind nie, dan is daar twee redes daarvoor.

1. Die candidate hou nog vas aan sonde of ON vergifnis en moet beraad word. En nadat berading gegee is, moet hulle terug na die Vuur altaar toe om skoon te maak.
2. Die kandidaat is bang (in vrees) vir die doping van die Heilige Gees. Onseker oor wat moet volg, miskien skaam dat hulle in die Gees mag val. Verduidelik aan hulle dat die Heilige Gees ‘n sagmoedige Gees is en hulle nooit sal laat skaam kry nie. Laat die kandidaat dan op ‘n stoel sit en hou hom/haar vas en gee hom/haar ‘n drukkie, totdat daardie persoon gemaklik en gerus is. En dan ontvang die doping van die Heilige Gees.

### **Stap 6:**

Leer die nuut Geesge vulde Kind van God oor die Gawes van die Gees, die Vrugte wat hulle moet dra en dissipelskap wat hulle moet aanvaar en om hulle bediening in die Koningkryk van God te identifiseer.

Die Vuur altaar van vandag is 'n kombinasie van Teologie en Sielkunde wat saam 'n fantastiese weg voorsien en die Christen werklik help wat op stap 7 en 8 van die 12 stappe na die Hemel toe, gestagneer het.

Die verlossing en die Vryheid van Bindings en vloeke is baie meer as wat enigeen kan dink. Wonderlike wonderwerke gebeur tydens die Vuur Altaar diens.

## **Hoofstuk 8: Jy kan dood gaan.**

Ons sien in die voorbeeld gebed wat Jesus Christus vir Sy dissipels gegee het, dat hy klem lê op Vergifnis – om te gee en te ontvang. In hierdie spesifieke volgorde – Jy Gee en dan Ontvang Jy!

Vergifnis is 'n belangrike aspek in jou verhouding met mense en God, en voordelig tot jou gesondheid en welstand. En dit gaan jy in hierdie Hoofstuk leer.

Matt 6 v 9 – 13

- 9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;*  
*10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*  
*11 gee ons vandag ons daaglikse brood;*  
*12 en **vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;***  
*13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

As ons nie die wat teen ons gesondig het vergewe nie, sal God ons nie ons ons sondes vergewe nie. Dit is so eenvoudig soos dit!

Met ON vergewensgesind in jou binneste gaan die gesprekvoerings horlosie tussen jou en God stil staan. God luister maar gaan nie reageer nie, totdat vergifnis nie gegee is nie.

Matt 6 v 14 en 15 bevestig dat ons die wat teen ons gesondig het moet vergewe. Sonder vergifnis sal ons nie die Seëninge van die Hemel soos aan ons beloof is deur God se Woord, die Bybel, nie ontvang nie.

- 14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.*  
*15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.*

Kol 4 v 6 sê dat ons vrylik moet vergeef soos God vrylik vergeef.

Regdeur my bediening het ek telkemale gesien hoe dat ON vergewensgesindheid werklike die liggaam, sowel as die verstand en gees affekteer. Dit kan jou gesindheid negatief affekteer en kan selfs die dood veroorsaak.

Jy kan dood gaan as gevolg van ON-vergifnis.

Gedurende my bediening by die “Kerk op Wiele”, het ek saam mense ‘n paar keer gebid, nee honderde kere eerder, en die oorsprong van hulle kwale, siektes en probleme was as gevolg van onvergewensgesindheid. Mense wat vir jare siek was, maar Medici kon bevestig dat daar geen mediese bevindings was vir die redes vir hulle kwale en siektes nie. Maar steeds was hulle simptome, ‘n mediese probleem. Iewers het iemand teen hulle gesondig en hulle het nooit daardie persoon vergewe in hulle hart/verstand en gees nie. En hierdie is die oorsaak van verskeie fisiese en fisiologiese probleme en kan uiteindelik tot die dood lei.

Gedurende ons bediening het ek ‘n massa onvergewensgesindheid in Christene gevind. Onvergewensgesindheid is ‘n gasheerplek vir demoon besetting.

Een dame het onopgeloste kwessies met haar pa gehad, en ek moes ‘n demoon uit haar uitdryf, voordat sy die Doping van die Heilige Gees kon ontvang. Hierdie kwessies het egter opgehou tot haat en woede en dit het haar siel en gees oopgemaak vir demoon besetting.

Ons het van dorp tot dorp gegaan, en ‘n week in elke dorp deurgebring waartydens ons ongeredde sondaars sowel as Christene bedien het om hulle met die Heilige Gees te doop. Ons het dinamiese boodskappe gebring, maar God het al die werk gedoen. Op Woensdae het ons leringe gegee van alle dinge wat tussen jou en God staan. En die volgende nag het ons ‘n genesing, bevryding en vryheid diens gehad.

Ons boodskap was: bring al die dinge na die altaar toe wat tussen jou en God staan en dan het ons dit op die Vuur Altaar geplaas. Dinge van die verlede asook dinge waarmee jy nou besig is.

En onvergewensgesindheid was een van die grootste gebedsonderwerpe.

Kandidate kom na die vuur altaar, en sodra hulle met God begin praat en vergifnis gee deur ‘n foto, of ‘n naam op ‘n stukkie papier, in die vlamme te plaas, dan begin die genesing.

Trane sal altyd vloei en 3 uit elke 10 Christene ontvang die doping van die Heilige Gees net daar en dan by die Vuur altaar en die balans van die salwingsolie volg minute later.

Sodra hulle vergifnis gegee het, en hulle vergifnis ontvang het, sal daar genesing in die liggaam, verstand en gees plaasvind. En wat 'n pragtige prentjie elke keer!

Ek wil vir jou die storie vertel van 'n dame wat een aand na die vuur altaar gekom het in Oudtshoorn in die Kaap Provinsie, Suid-Afrika.

Die dame het haar rebelse seun vir 10 jaar in haar hart vas gelaat lê. Sy kon hom nie vergewe het omdat hy van God af weggedraai het nie. Sy het hom grootgemaak om Godvresend te wees. Maar hy het teen God en haar gerebelleer!

Ons voorstel aan haar was dat sy 'n foto van haar seun moes bring en dit op die vuur altaar moet plaas, en hom in die hande van God moet oorgee. Sy moes hom vergewe het en hom vrygestel het sodat God met hom kon werk.

Sy het so gedoen en met die foto van haar seun het sy gekom en in 'n lang ry gaan staan om by die vuur altaar te kom. Teen die tyd wat sy by die vuur altaar gekom het, het daar alreeds trane van haar wange af geloop. Soos ek haar deur die stappe gelei het, het sy aanhoudend gehuil. En toe dit tyd was vir haar om met God te praat en om die foto in die vuur te plaas, het sy die woorde gespreek: "God, ek gee Jaco vir U om met hom te werk." Hierdie woorde het haar laat uitbars in hartsogtelike snikke.

Soos die foto die vlamme geraak het, het daardie jong seun se blou oë myne deurboor tot diep binne my siel, en ek sal nooit die gesig op daardie foto vergeet nie. Die vuur het die foto vernietig tot uiteindelik net as oorgebly het.

Die dame het onbeheersd begin huil en sonder dat sy besef het sy daar en dan genesing vir haar rug ontvang. Sy het met ietwat van 'n geboë rug geloop en jy kon duidelik sien dat dit haar gepynig het as sy geloop het. Haar hele liggaam het geruk soos sy gehuil het van 'n gebroke hart vir haar seun, en met daardie uitstorting van haar emosies, het haar rug reguit getrek en oombliklik gesond geword.

Sy het gehuil en gehuil en die altaar werkers moes haar kom wegneem van die vuur altaar af om haar met die olie te salf. Sy was gedoop met die Heilige Gees minute later. Sy was nou gerus; Jaco was nou in God se Hande.

Na die Doping van die Heilige Gees, het die altaar werker haar na die gebedstent geneem terwyl ek voorts die lang ry kandidate gehelp met hulle vrymaking.

Na 'n paar minute het die Heilige Gees my aangespoor om 'n goeie kykie van die mense in die lang ry van mense wat wag om met God te praat te kry, en aan die einde van daardie lang ry staan die eenaar van daardie blou oë in die foto; Jaco. Die dame wat etlike minute gelede haar hart voor God kom uitstort het, se seun Jaco, staan in die ry gereed om sy saak met God te kom reg maak. My siel het gejubel in ekstase! Jaco so moeder het geen idee gehad nie, maar God was alreeds besig om haar vrae te beantwoord. Ek het aan een van die Pastore versoek om Jaco agter in die ry te gaan haal en na vore te bring.

Soos hy na die altaar geloop het, het ek uiters nuuskurig geword. Jaco het verduidelik dat hy nie by die vorige aand se diens was nie, maar dat hy die preking oor die groot luidsprekers wat teen die kante van die waentjie vas was, gehoor het. Hy het rugby gespeel toe hy die boodskap gehoor het, en hy het geweet die Gees van God praat met hom om hom terug te roep na Hom toe. Hy het met God gepraat en het God om vergifnis gevra vir sy rebelsheid en het daarby 'n magdom artikels in die vuur geplaas. Alles daarvan was items wat deel gehad het in sy rebelsheid en sondige natuur.

Die trane het onbeheersd uit sy pot blou oë gestroom. Hy was gedoop met die Heilige Gees minute later.

Maar die groot wonder het gekom toe die altaar werker wat vir hom verantwoordelik was hom gelei het na die gebedstent. Net soos sy moeder uit die gebedstent gekom het, het hulle mekaar by die ingang ontmoet. Ek het nog nooit in my lewe soveel geluk en trane terselfdertyd gesien nie. Die moeder het in vreugdekrete op na die Hemel uit basuin: Dankie God, U het my seun terug aan my gegee!

Ons sien in hierdie wonderwerk dat ON-vergewensgesindheid seëninge terug hou wat hartseer en selfs siektes en kwale kan veroorsaak.

Daardie nag was daar verskeie gevalle van ON-vergewensgesindheid. 'n Ander dame het ook na die vuur altaar gekom. Sy was 'n paar jaar gelede verkrag en

kon nog nooit haar verkragter vergewe nie. Daardie nag het sy die verkragter se naam op 'n stuk papier geskryf en hom vergewe vir dit wat hy teen haar gesondig het.

Sy ook het die doping van die Heilige Gees ontvang. Sy het my later vertel dat sy en haar man sukkel om swanger te word. En my woorde aan haar was: "God het alles vanaand by die vuur altaar genees"

'n Paar maande later het ons die nuus ontvang; sy was swanger met hulle eerste kindjie.

Genesing en seëninge volg nadat jy jou siel vrygemaak het van ON-vergifnis.

Soms gryp die hartseer, jou geliefdes en ander mense jou siel vas en vestig dan binne in jou as ON-vergifnis. En as dit nie vrygemaak word nie kan dit opbou tot siektes en kwale en kan selfs jou gees oopmaak vir demone.

In 2010 is my swaer met 'n long probleem, en toe later met emfiseem, gediagnoseer. Die dokters het uitgewys dat stof en sy rook verslawing die oorsaak van die siekte is.

Die stof van sy vorige en huidige werksomgewings - en die rook het begin toe hy probleme met sy vader en swaers van sy kant van die familie, opgetel het. Ja, die stof en die rokery was deel van die probleem, maar die hoof probleem was die ON-vergifnis!

Nick se storie het jare gelede begin toe sy vader en sy twee swaers aan hom 'n diepsee-boot verkoop het. Hy het aan hulle gevra of die visvang boot seevaardig is, en hulle het hom verseker dat hy is. Hy het die boot by hulle in goeie gemoed gekoop maar was verbaas toe die boot in die hawe gesink het. Hy het versoek om sy geld terug te kry en hulle het hom geweier. Hierdie het 'n heuwige familie rusie veroorsaak en dit was net nooit uitgesorteer nie. Vir baie jare het hy nooit met enige een van hulle gepraat nie en het homself en sy gesin heeltemal onttrek van die res van die familie.

Nick se moeder het gesterwe en hy en sy gesin moes die begrafnis bywoon. Hulle het 800 km gery na die begrafnis toe en toe hy in die Kerk die begrafnisbriefie ontvang, sien hy eers dat hy en sy seun uitgesluit was as draers van die doodskis. Hy kon nie sy eie moeder se kis dra tot by haar finale rusplek nie.



Hy was so ontsteld en kon die eers by die graf huil nie. Hy het terug huis toe gegaan en homself voorgeneem om nooit weer met sy vader, sy twee sisters en twee swaers te praat nie.

Sy moeder was begrawe op sy verjaardag die 13de Julie, en van daardie jaar af kon hy nog nooit weer sy verjaardag gevier het nie. My suster en sy kinders het geweet om hom alleen te laat op sy verjaardag en dat hulle 'n paar dae daarna sy verjaardag sou vier. Nadat hy met die long probleem en later met die emfiseem gediagnoseer is, het sy gesondheid erg agteruit gegaan, en sewe maande later het hy in ICU se hoërsorg eenheid opgeëindig.

Hierdie ON-vergifnis het vir jare aangehou tot eendag toe hy homself op sy doodsbed bevind het.

Op die 13de Julie 2011 het die dokters aan my suster en hulle kinders vertel dat Nick dit nie deur die aand sal maak nie.

Toe sy familie weg is het 'n ouerige dame na hom toe gekom. Hy kon haar nie sien nie, want hy het op sy maag op die hospitaal bed gelê.  
“Seuna, jy gaan vandag sterwe as jy nie jou pa en jou twee swaers vergewe nie.”  
Was haar woorde aan hom.

Al wat hy kon sê is: “Pa en familie ek vergewe julle!

Skielik het hy twee sterk hande gevoel wat hom op sy rug afgedruk het en sy longe was dadelik gevul met lug. Hy was oombliklik genees. Die volgende dag was hy uit die hospitaal uit ontslaan.

Ja, sy longe het nogsteeds letsels van die skade gehad as gevolg van die stof en die oormatige rokery.

Sy genesing het op sy verjaardag gebeur. Wat 'n verjaardag persent!  
Sy getuienis vir die volgende twee jaar was “ON-vergifnis kan jou dood maak!”

Dit is medies deur 'n Nobel pryswenner bewys, dat meeste van ons mense se siektes en kwale is die oorsaak van emosionele stress, soos on-vergewensgesindheid. Dit veroorsaak 'n grys-area in 'n mens se brein en dit veroorsaak siekte en kwale en kan selfs kanker veroorsaak.

Wanneer die emosionele stres of vergifnis, vergewe is, draai hierdie grys-area weer terug na normaal.

Jesus moedig ons aan om ons naaste te vergewe, net soos God ons sal vergewe vir ons sondes. Ons moet ons familie, vriende en selfs ons vyande oombliklik en op 'n daaglikse basis, vergewe.

*Psalm 65 v 3 Ongeregtige dinge het die oorhand oor my gehad, maar U versoen ons oortredinge.*

God is lief vir ons dit is hoekom Hy ons vrylik sal vergewe!

*Psalm 86 v 5 Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep.*

Jesus beklemtoon – vergewe jou naaste 70 maal 7 keer daagliks. Neem hierdie goeie advise van die Meester.

Doen dit – dit is goed vir jou gesondheid en jou verhouding met die Drie-Eenheid, vriende en familie.

3 woorde kan jou lyding nou dadelik stop sit.

**Ek vergewe jou! Vergewe my asseblief!**

Nick het die 14de Augustus 2013 gesterf, hy het vergewe, was skoon gewas in die Bloed van Jesus, gedoop in water en in die Gees, geseël vir die Ewigheid en nou by God.

---

Hierdie hoofstuk word aan wyle Nick Smit van Saldanha in die Kaap Provinsie van Suid-Afrika.

Nicolaas Smit

Gebore: 13de Julie 1949 & op sy finale reis na die Hemel: 12de Augustus 2013.  
Hy is nie oorlede nie, hy sal vir ewig in die Koningryk van die Hemel woon.

---

## Hoofstuk 9: In die Naam van .....

Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees

In die groot opdrag van Jesus Christus in Matt 28 v 19, Jesus gee Sy laaste opdragte aan Sy dissipels en vandag Sy Kinders van God, die volgers van Jesus – Ons – Ek en jy.

Ons kan duidelik sien in hierdie skrifvers dat Jesus die woord “EN” om ‘n skeiding tussen die 3 Dopings te maak. Nee dit is nie een Doping nie, dit is 3 Dopings in die 3 Name van die Drie-Eenheid.

Doop hulle in die Naam van die Vader (1)

EN

Die Naam van die Seun (2)

EN

In die Naam van die Heilige Gees (3)

Kom ons kyk na hierdie 3 Dopings wat Jesus ons beveel het om te doen in die lewens van die Nuwe Dissipels. Is hierdie die Doping in water wat die meeste Pinkster Kerke dink dit is? Sommiges glo dit is die Doping in water wat ons nodig het om die persoon 3 keer onder die water te doop. Onderdompel die kandidaat 3 keer onder die water.

Die 1ste keer in die Naam van die Vader

Die 2de keer in die Naam van die Seun (Jesus)

En die 3de keer in die Naam van die Heilige Gees

Selfs by sommige Kerke vind die dopings plaas.

Doping van babas deur die sprinkeling van water oor hulle voorkoppe.

Ander Pinkster Kerke glo in slegs een doping maar al 3 Name met een onderdompeling en dan op, en uit die water uit.

Dit is nie wat Jesus ons as Sy volgelingen vertel het nie.

Ja een van hierdie Dopings is die Doping in Water, soos Jesus die voorbeeld was in Matt 3 v 16.

Die Doping van Jesus Christus, die Seun van God Almagtig.

Ja die Doping was deur God ontwerp – Gegee aan Johannes die Doper en Jesus moes gedoop word volgens God se bevele.

Dit was 'n instruksies van God af en is deel van God se verlossingsplan.

### **In die Naam van die Vader**

Jesus was gedoop in water, soos opdrag gegee is deur God. En Johannes het Hom gedoop in die Naam van die Vader.

Stap 6: van die 12 Stappe na die Hemel toe. Onthou dat Jesus sonder sonde was, so Hy het nie 'n Redder nodig gehad soos ons nodig gehad het nie. Dit is die rede hoekom hierdie die eerste Doping is. In hierdie Doping word die Liggaam gedoop.

Die 2de Doping was aan ons gegee, toe Jesus aan die kruis gesterf het.

### **In die Naam van die Seun**

Jesus moes gesterf het aan die kruis en die Bloed moes gevloei het Vanuit Sy Liggaam sodat ons gedagtes (Siele) gewas kon word deur die Bloed van Jesus. Die Bloed van Jesus moes ons skoon was van ons sondes. Ons moet gedoop word in die Bloed van Jesus.

Stap 3 in die 12 Stappe na die Hemel.  
Doping van die gedagtes (Siel)  
Die 3de Doping was aan ons gegee in Handeling 2.  
Die Doping van die Heilige Gees.

### **In die Naam van die Heilige Gees**

Ook geprofeteer deur Johannes die Doper en ook deur Jesus – die belofte van die vertrooster. Matt 3 v 11

Ons sien die Doping van die Heilige Gees neem beheer oor die gees van mens. Die doping van die Heilige Gees in die openbaring boek “Not just a Spirit”

### **Om op te som:**

**In die Naam van die Vader** die water graf, deur God opdrag gegee.

Die doping van die liggaam om sonde-vry te word onder die water en wanneer jy opstaan uit die water uit, dan is jy gewas – Wedergebore Christen. Al Jesus se volgelingen moet op hierdie manier gedoop word.

Die Doping van die Vader stap 6 van die 12 stappe na die Hemel.

### **In die Naam van die Seun**

Skoon gewas in Bloed en Wedergebore deur die lyding en dood van Jesus op die kruis van Golgota – dit is die doping van die gedagtes (Siel).

Gedoop in die Bloed van Jesus, skoon gewas van sonde.

Die Doping van Jesus Stap 3 van die 12 Stappe na die Hemel.

### **In die Naam van die Heilige Gees**

Die vertrooster doping soos belof deur Jesus.

Kom in en maak ons gees skoon van sonde en bring saam Hom die 7 Geeste van God en saam Hom die 9 Gewas en 9 Vrugte van die Gees.

Beskerming en leiding teen sondes vir die Geesgevolle Kinders van God.

Die Doping van die Heilige Gees – Stap 9 van die 12 Stappe na die Hemel.

Hierdie is dan die stap-vir-stap verlossingsplan vir die Nuwe Testament en dit is uiters belangrik om te volg.

**Stap 3:** Die Doping van die Seun.

Gedagtes/Siel skoongewas deur die Bloed van Jesus Christus.

**Stap 6:** Die Doping van die Vader.

Liggaam skoon gewas van sonde met water.

**Stap 9:** Die Doping van die Heilige Gees.

Jou Gees skoon en word skoon gehou deur die Heilige Gees vir jou om uiteindelik geseël te word vir die Ewigheid.

Volg hierdie riglyne; dit is volgens God se Meestersplan vir Verlossing.

As jy gedoop is met hierdie 3 dopings, is die Ewige lewe jou finale eindbestemming.

Selfs die salwing van olie kan in hierdie formule gedoen word.

Ek salf jou in die naam van die Vader die **Almagtige** God en in die naam van die Seun wie aan **die kruis** gesterf het en in die naam van die Heilige Gees die sagte en sagmoedige **Duif** vanaf die Hemel.

***Kom haal u Genesing, Beskerming, Vryheid, Voorsiening en  
Bevryding vanaf die Hemel se OTM.***

## **Hoofstuk 10: Die vergifnis, genesing en bevrydingsmaaltyd.**

In hierdie studie gaan ons leer oor die hoof redes vir Heilige Nagmaal – Die Pasga maaltyd tydens die Paasfees.

In die Bybel se geskiedenis het die oorsprong van die maaltyd begin op die dag en nag wat Moses die Israeliete Vanuit hulle slawerny uit Egipte gelei het.

*Exo 12:1 En die HERE het met Moses en Aäron in Egipteland gesprek en gesê:*

- 2 Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.*
- 3 Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.*
- 4 Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.*
- 5 Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.*
- 6 En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.*
- 7 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.*
- 8 En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.*
- 9 Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.*
- 10 Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand.*
- 11 En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan julle voete en julle staf in julle hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pasga van die HERE is dit.*
- 12 Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.*
- 13 Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.*

- 14 *En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.*
- 15 *Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet uit Israel uitgeroei word.*
- 16 *En op die eerste dag moet daar 'n heilige samekoms wees; ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees. Daar mag géén werk op dié dae gedoen word nie; net wat deur elkeen geëet moet word, dit alleen mag deur julle berei word.*
- 17 *Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.*

Hierdie maaltyd was jaarliks gehou, en daarna op die 14de April van elke jaar om die bevryding uit slawerny te vier. Hierdie maaltyd was 'n feesviering van die nagedagtenis en vryheid uit slawerny vanuit Egipte uit.

Die Hebreeuse naam “Pesach”

Die oorspronklike Pesach was 'n maal waar 'n lamp geslag was en die bloed van die lamp was gebruik en aan die deur kosyne geplaas vir beskerming teen die Engel van die Dood wat Egipte besoek het daardie nag.

Die Pesach(Pasga) was later verander na 'n maaltyd van brood en wyn waar Jesus en Sy dissipels in die bo-kamer aan tafel geëet het. Dit was die nag voor Jesus deur Judas verraaï was.

*Mat 26:17 En op die eerste dag van die ongesuurde brode kom die dissipels na Jesus en sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die pasga te eet?*

18 *En Hy antwoord: Gaan na die stad na 'n sekere iemand en sê vir hom: Die Meester laat weet: My tyd is naby. By jou sal Ek die pasga hou met my dissipels.*

19 *Daarop het die dissipels gedoen soos Jesus hulle beveel het, en hulle het die pasga berei.*

20 *En toe dit aand geword het, was Hy met die twaalf aan tafel.*

21 *En terwyl hulle eet, sê Hy: Voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraaï.*



- 22 *Toe word hulle baie bedroef en begin elkeen van hulle aan Hom te sê: Is dit miskien ek, Here?*
- 23 *Toe antwoord Hy en sê: Hy wat saam met My sy hand in die skottel insteek, hy sal My verrai.*
- 24 *Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens verrai word! Dit sou vir hom goed gewees het as daardie man nie gebore was nie.*
- 25 *En Judas, wat Hom sou verrai, antwoord en sê: Is dit miskien ek, Rabbi? Hy antwoord hom: Jy het dit gesê.*
- 26 *En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.*
- 27 *Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.*
- 28 *Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.*
- 29 *Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader.*
- 30 *En nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg.*
- Luk 22:14 En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom.*
- 15 *En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly.*
- 16 *Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.*
- 17 *En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle.*
- 18 *Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie.*
- 19 *Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis.*
- 20 *Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.*
- 21 *Maar kyk, die hand van hom wat My verrai, is by My aan tafel.*
- 22 *Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is, maar wee daardie man deur wie Hy verrai word!*
- 23 *Toe begin hulle onder mekaar te vra wie van hulle dit tog kon wees wat dit sou doen.*

## **Op die dag van die Pasga**

Jesus se dissipels het die vraag gestel. Waar sal U die Pasga wil hou die jaar HERE?

Jesus het verklaar. Een van julle sal My na die maaltyd verrai en daar is selfs geprofeteer hieroor, dat dieselfde een van julle sy hand saam met Myne in die broodbak sal steek.

Hy is die een wat die Meester sal verrai, nog daardie selfde aand.

Tydens die maaltyd het Jesus Judas as die een uitgewys. Maar steeds het Jesus met die maaltyd voortgegaan.

In hierdie skrifvers kan ons sien dat Jesus die probleme wou uitsorteer voordat Hy by die Pasga maaltyd(Nagmaal) aangesit het. Hy het die probleem opgebring voordat dit in die pad kon gekom het. En sodat daar vrede tydens die maaltyd sou wees. Ek glo dat Jesus Judas vergewe het voordat Hy aangegaan het met die maaltyd. Maar Judas het nie om vergifnis gevra nie en na die maaltyd het hy weggegaan om Jesus te verrai. Maar Jesus het ook geweet dat Judas net binne God se planne gewerk het. God se bevel was, Jy sal verrai word, gearresteer word, verhoor word, gevonnissen en gekruisig word vir hulle sondes. En Jy sal sterf aan die kruis van Golgota om sonde en die dood te oorwin.

Jesus het voortgegaan met die Nagmaal en nadat Hy gebed het en God bedank het, het Hy die brood geneem en dit gebreek met die woorde, "Dit is My Liggaam," en later die wyn, met die woorde: "Dit is My Bloed"

Neem, eet en drink, dit is die nuwe verbond en doen dit vir vergifnis van jou sondes.

Jesus het ook beloof dat Hy nie die Nagmaal weer sal gebruik totdat ons eendag saam met Hom in die Hemel is nie.

Ons sien in die Tabernakel van God en later ook in die Tempel van God dat die tafel van brood en wyn, in die Heilige afdeling was en 'n presiese replika van die Nagmaal maaltyd is. En dit is nou deel van die verlossingsplan volgens die Nuwe Testament – die nuwe verbond.

In die openbaring van die 12 stappe na die Hemel toe sien ons 3 plekke van vergifnis.

Stap 1 / Plek 1 – Die slag van die lam, erkenning dat jy ‘n sondaar is.

Stap 5 / Plek 2 – Gee en ontvang vergifnis by die vuur altaar.

Stap 8 / Plek 3 – In die plek van Allerheiligste, die tafel van brood en wyn offering. Nou die Pasga = Heilige Nagmaal.

By hierdie 3 plekke op jou roete na die Paradys sal jy verander word om vergifnis te gee en te ontvang: “Here, Ek vergewe die wat teen my gesondig het en vergewe my asseblief my sondes, God.”

Die 3 plekke is baie belangrik vir ons in ons geestelike lewens, vir geestelike groei en moet deel van ons daaglikse takies wees op ons reis na die Ewige Lewe.

Ons moet dit neem en dit bemeester, elke stap ten volle, voordat ons na die volgende stap toe kan aanbeweeg. Ons moet vergifnis gee voordat ons Jesus in ons harte kan aanvaar’ ons moet vergifnis gee voordat God ons, ons sondes kan vergewe. Die Bloed van Jesus sal ons siele/verstande skoonwas van enige en alle sondes. Stap 3 van die 12 stappe na die Hemel.

Ons moet ook vergifnis ontvang en gee voordat ons Jesus deur die doping met water kan volg, sodat ons liggame skoon van sonde gewas kan word. Stap 6 van die 12 stappe na die Hemel.

Ons moet vergifnis ontvang en gee voordat ons die Doping van die Heilige Gees kan ontvang.

Die openbaring boek, “Not just a Spirit.”

Ons moet sonde-vry wees om die Gees van God te ontvang, Stap 9 van die 12 stappe na die Hemel.

Dit beteken dat die Heilige Nagmaal – die Pasga maaltyd word ‘n plek waar vergifnis gegee en ontvang word. Nie net alleen vir die ontvang van vergifnis van die Drie-Eenheid af nie, maar ook om vergifnis te gee aan jou familie, vriende en

vyande. Judas het nie om vergifnis gevra nie, maar Jesus het hom oombliklike vergifnis gegee. Sy skuld gevoel het hom tot selfmoord gedryf.

Die Pasga maaltyd – Die Heilige Nagmaal is ‘n vorm van vergifnis, ons moet vergewe en vergifnis vra voordat ons by die Tafel van Brood en Wyn aansit.

Hierdie is die vergifnis maaltyd.

Die tweede deel van hierdie maaltyd was genesing. Jesus het dit genoem toe Hy die brood raak en dit breek. Hierdie is My Liggaam wat gewond sal wees vir julle genesing.

“DEUR SY WONDE IS ONS GENEES”.

Ja, vir hoofpyne, kanker, verstandlike probleme, vrees en ‘n magdom ander siektes en kwale.

Hierdie is die Genesings Nagmaal maaltyd.

Dan die 3de deel van die Heilige Nagmaal, die beskerming wat ons ontvang deur die Bloed van Jesus. Ja die Bloed van Jesus maak ons skoon van ons sondes, maar dit het ook beskermingskragte. Dit is ‘n kragtige bedekking teen die aanvalle vanaf Satan en sy volgelinge.

Niks kan teen die Kragtige Bloed van Jesus staan nie. Die Bloed van die Lam van God beskerm ons teen alle kwaad. Nie eens die Dood kan hierdie beskutting van die Bloed oorskry nie.

Ons as Christene kan die Bloed van Jesus plaas vir ons beskerming.

Dit is die Beskerming Nagmaal maaltyd.

So die volgende keer as jy die Heilige Nagmaal gebruik, onthou die 3 belangrike aspekte van hierdie dinamiese maaltyd voordat jy die brood en die wyn neem. Gee vergifnis aan familie, vriende en jou vyande wat jou leed aangedoen het, en vra dan vir God ook vir vergifnis vir jou sondes. Sondes wat jy nie meer voortgaan om te doen nie. Besef dat as jy die Brood – die Liggaam van Christus, gebruik, dat jy Sy Liggaam wat gewond was vir jou genesing van jou liggaam, verstand en gees, gebruik.

Paulus leer ons die manier waarop ons die Nagmaal moet gebruik.

Die gebruik van die Heilige Nagmaal.

- 1Kor 11:23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; 24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. 27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. 28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. 29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. 30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap. 31 Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. 32 Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie. 33 Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar; 34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.*

Paulus verklaar dat hy hierdie van Jesus Christus ontvang het. Ons sien alle aspekte van die Nagmaal maaltyd.

Die vergifnis, genesing, bevryding en die beskermings-maaltyd.

Ons moet ons Liggaam, Verstand en gees behoorlik assesser voordat ons by die tafel van die Heilige Nagmaal gaan aansit.

1. Het ons nogsteeds sondes in ons lewens?
2. Het ons on-vergewensgesindheid iewers in ons sisteme.
3. Het ons enige kwale of siektes in ons liggame, verstande en gees?
4. Het ons vrees en intimidasie simptome in ons gees?

Hierdie is 'n plek waar vergifnis gegee en ontvang word en 'n plek van genesing, emosioneel en fisies. Hierdie is 'n plek van vrede en kalmte.

Hierdie moet gedoen word so gereed soos wat ons as Kerk van God saamkom.

Stap 8 van die 12 Stappe na die Hemel

Wanneer ons hierdie Vergifnis, Genesing en Beskermings maaltyd gebruik moet ons verby stap 7 in ons reis wees. Hierdie moet ons herhaal en herhaal totdat ons dit vervolmaak het (bedoelend ons moet geen sonde in ons lewens hê nie, geen on-vergifnis nie). Totdat ons ten volle genesing ontvang het en geen vrees meer vir mens of enige kwaad het nie.

*Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*

*19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

*20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*

By stap 8 moet jy tussen die Tafel van Brood en Wyn, die Wierrook altaar en die Goue Lamp Staanders beweeg. Hierdie is 'n deurlopende sirkel wat jy moet aanhou doen totdat jy die Heilige Nagmaal se missie en die doel daarvan ten volle bemeester het. Waar jy Gebed, Lofprysing en Aanbidding ten volle bemeester het en jou Geloof is sterk in die HERE.

Bemeester al hierdie aspekte van die Heilige Plek voordat jy die Gordyn wat die Heilige gedeelte van die huidige plek in jou geestelike lewe skei, nader.

Slegs wanneer jy hierdie 3 plekke binne die Heilige afdeling bemeester het, sal die Gordyn oop gaan vir jou. Die Gordyn = Die Doping van die Heilige Gees.

Stap 8: Gebed, Geloof en voortdurende vergifnis. Volgende stap.

Stap 9: Doping van die Heilige Gees.

Ons moet van die Heilige Nagmaal gebruik maak om van sondes wat in ons lewens is, ontslae te raak: ons moet die Nagmaal gebruik om gesond te word van alle emosionele en fisiese siektes en kwale. Ons moet leer om tot die Drie-Eenheid te bid, te lofprys en te aanbid en om op ons Mosterdsaadjie geloof te bou, voordat ons die Allerheiligste kan binne gaan.

Let asseblief: jy sal nie die doping van die Heilige Gees ontvang met enige sonde of on-vergewensgesindheid in jou lewe nie. Jy moet super skoon wees voordat God Sy kosbare olie in jou gees gaan giet.

Geniet die Pasga maaltyd – Die Heilige Nagmaal is ‘n plek van Vergifnis, Genesing en Beskerming, gebruik dit elke keer, so gereeld as wat jy kan. Weet net dat Satan jou stories deur valse profete gaan vertel, sodat jy nie die belangrike instelling sal gebruik om in die Hemel te kom nie.

Hierdie stap is uiters belangrik en slegs ‘n klein hoeveelheid Christene sal dit ooit bemeester.

Onthou die Bloed van Jesus was ons skoon van sondes en terselfdertyd beskerm dit ons. Gebruik dit wys.

Bemeester hierdie stap en beweeg na die intieme stap in jou geestelike lewe; Die Doping van die Heilige Gees.

Wanneer jy die Doping van die Heilige Gees ontvang het, sal die volgende outomaties kom;

1. Die Gees sal jou weg van sonde af lei.
2. Die Gees sal jou herinner dat jy oombliklik moet vergewe.
3. Die Gees sal jou lei tot in die Hemel.
4. Die Gees sal jou beskerm teen siektes, beserings en kwale.
5. Die Gees sal jou vertroos.

Woon elke Heilige Nagmaal wat jy kan saam mede Christene, by.

Bemeester dit en beweeg aan op die Pad na die Paradys.

Stap 9: Die Doping van die Heilige Gees

Stap 10: Aanvaar jou Dissipelskap.

Stap 11: Word verseël met die Merk van God vir die Ewigheid.

Stap 12: Wanneer jy tot afsterwe kom of die Wegraping saam Jesus, jou finale tuiste = die Hemel.

## **Hoofstuk 11: Die Wierrook altaar van vandag.**

Reg voor die hoof Gordyn van die Tabernakel was die Wierrook Altaar. Hierdie was die laaste item in die Heilige gedeelte voordat jy die Allerheiligstes binne gegaan het deur die Hoof Gordyn.

In die Nuwe Testament verlossingsplan, is dit die plek van Gebed, Lofprysing en Aanbidding.

Dit is net hier by die Teenwoordigheid van God, waar jy naby die Ark van God is.

Die Gebed en Aanbidding sal in die volgende hoofstukke behandel word, maar in hierdie hoofstuk gaan ons praat oor die 7 Plekke waar ons met God praat en Hom loof en prys.

En hoe nader ons aan die Hemel kom in ons geestelike lewens, kry ons verskeie plekke van Gebed, Lofprysing en Aanbidding.

Waar kommunikasie met God beter raak.

Die beste plek om met God te praat is wanneer jy langs Hom staan.

Ons moet nader aan God beweeg.

Ek vra jou die volgende vraag: Waarom praat Jesus so saggies wanneer Hy met jou praat en waarom fluister God as Hy met jou praat?

Hulle wil hê dat jy nader aan hulle moet beweeg.

As ons kyk na die Gebed, Lofprysing en Aanbidding punte binne in die Tabernakel sal ons beter verstaan. Ons moet nader aan God en Jesus beweeg, en uiteindelik moet ons die Gees van God in ons gees hê.

Kom ons kyk na die 7 plekke.

### **Plek 1.**

Buitekant die Tabernakel: Hier is jy nogsteeds 'n sondaar in 'n sondige wêreld. Die sondaars-gebed – Stap 1 van die 12 Stappe na die Hemel.



**Plek 2.**

By die ingang van die Tabernakel: Wanneer jy besef dat jy weg van sonde af moet draai en na Jesus toe moet draai. En aanvaar om 'n nuwe pad na God toe te loop. Hier begin jou aktiewe gebedslewe.

Stap 2 van die 12 Stappe na die Hemel.

**Plek 3:**

By die Vuur Altaar en voor die wasbak. By die punt waar jy Jesus Christus as jou Persoonlike Verlosser aanvaar en Hom volg deur die Doping in water.

Stap 3 tot 6 van die 12 Stappe na die Hemel

**Plek 4:**

In die binnehof van die Tabernakel. Skoongewas van sonde in die Bloed van Jesus en gedoop in water.

Nou 'n Wedergebore Christen.

Nog besig om te leer oor die Drie-Eenheid in die Bybel en besig om te leer om te Bid.

En gereed om die Heilige gedeelte van die Tabernakel in te gaan –Stap 7 van die 12 Stappe na die Hemel.

**Plek 5:**

In die binne-tent – Die Heilige gedeelte van die Tabernakel. Gebed, Lofprysing en Aanbidding, Geloofs-opbouing en voortdurende vergifnis deur die verloop van jou elke dag. Met 'n baie kragtige aktiewe gebedslewe. Naby aan die Doping van die Heilige Gees en om meer dinamies in jou Gebed, Lofprysing en Aanbidding te word.

Stap 8 van die 12 Stappe na die Hemel.

## **Plek 6:**

In die Allerheiligste net langs die Ark van God.

Nadat jy deur die Heilige Gees gedoop is

“Die vertrooster Dopings span”

Ontvang jy karakter van God en karakter van Jesus

Ontvang jou gawe/gawes en vrugte van die Gees

Ontvang jou bediening in die Koningryk van God en aanvaar jou dissipelskap.

Jou gebed, lofprysing en aanbidding is op ‘n stadium van optimum in jou lewe.

Met die Gees van God in jou nou, het jy die tabernakel en of tempel van God

geword. Jy het nou een-tot-een, direkte kommunikasie. Geesgevulde kind van

God. Jy het ‘n koninklike telefoonlyn na God toe. Stap 9-11 van die 12 stappe

na die hemel.

## **Plek 7:**

Gebed, lofprysing en aanbidding in die hemel saam met Jesus en God reg langs jou.

Wat ek graag vir jou wil uitwys is dat jy nader aan God gaan beweeg in jou geestelike lewe. Gebed, lofprys en aanbidding gaan beter en beter word.

Ja, God sal altyd jou gebede hoor. Maar dit is vir jou soveel beter om nader aan God te beweeg.

Die 2 uiteindes: Plek 1 en Plek 7.

My aansporing aan jou is om by Plek 6 uit te kom so gou as moontlik. Verkry ‘n versekerde lyn – ‘n koninklike telefoon – ‘n rooi lyn direk na God toe.

Teen hierdie stadium is gebed, sange, lofpysing en aanbidding, gedigte en nog meer goed, baie dinamies.

Reg langs God! Beweeg nader aan die hemel – Kom by Stap 11 van die 12 stappe na die hemel. God en Jesus nooi jou uit – **“Kom nader!”**

## Hoofstuk 12: Jy vra nie.

In hierdie hoofstuk gaan ons kyk na die Gebede van die Bybel en primêre punte bymekaar sit. Ons gaan identifiseer wat deel van 'n suksesvolle gebed en gebedslewe behoort te wees.

Ons gaan na elke gebed kyk en dan 'n Volkmaakte Gebed saamstel. 'n Gebed wat alle punte van ons gesprekke met God dek.

As ons al die versies opbreek, dan sal ons hoofsaaklike 4 verskillende areas sien waaruit ons 'n Dinamiese Gebed kan saamstel.

1. Gebede in die Ou Testament
2. Gebede wat Jesus Christus gegee het
3. Gebede in die lewe van Jesus Christus
4. Gebede in die briewe aan die Kerke

Ons sal sien dat elke gebed leiding van 'n Hemelse Gebed verkry het.

Elke aspek wat jy gaan leer word in 'n kode aangedui;

**BG** = Belofte van God na Gebed.

**GI** = Gebed Instruksies.

**SIG** = Sluit in jou Gebede in.

Hieruit sal ons 'n lys van aksies vasstel wat jy in jou daaglikse gebede kan inkorporeer.

*Matt 7:7 **Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.***

Jakobus 4:2 ***en julle het nie, omdat julle nie bid nie.***

***3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid***

## **1. Gebede in die Ou Testament**

- Gen 20:7 Gee dan nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet; en hy sal vir jou bid, dat jy kan lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy sekerlik sal sterwe, jy en almal wat aan jou behoort.*
- 8 Abiméleg is toe die môre vroeg op en het al sy dienaars geroep en die hele saak voor hulle ore vertel. Toe was die manne baie bang.*
- 9 En Abiméleg het Abraham laat roep en hom gevra: Wat het jy ons aangedoen? En wat het ek teen jou gesondig, dat jy oor my en my koninkryk 'n groot sonde gebring het? Dinge wat nie mag gebeur nie, het jy my aangedoen.*
- 10 Verder sê Abiméleg vir Abraham: Wat was jou bedoeling dat jy dit gedoen het?*
- 11 En Abraham antwoord: Ek het gedink daar is regtig geen vrees vir God in hierdie plek nie, sodat hulle my oor my vrou sal doodmaak.*
- 12 En sy is ook werklik my suster; sy is my vader se dogter, maar nie my moeder se dogter nie; en sy het my vrou geword.*
- 13 En toe God my uit die huis van my vader laat omswerf het, het ek aan haar gesê: Dit is die guns wat jy van jou kant aan my moet bewys—op elke plek waar ons kom, moet jy van my sê: Hy is my broer.*
- 14 Toe neem Abiméleg kleinvee en beeste, ook slawe en slavinne, en gee dit aan Abraham. Ook sy vrou Sara het hy aan hom teruggegee.*
- 15 En Abiméleg sê: Daar lê my land voor jou oop; woon waar dit goed is in jou oë.*
- 16 En vir Sara sê hy: Hier gee ek aan jou broer duisend sikkels silwer. Kyk, dit is vir jou 'n bedekking van die oë met betrekking tot elkeen wat by jou is, sodat jy in elke opsig geregverdig is.*
- 17 Toe het Abraham tot God gebid, en God het Abiméleg gesond gemaak; ook sy vrou en sy slavinne, sodat hulle kon baar.*

Abraham het to God gebid as middellaar tot op vers 17 en 'n gebed van vergifnis van vers 7 af.

- Gebed bring vergifnis
- Gebed bring Genesing

Isak het tot God gebid vir die vrugbaarheid van sy vrou, en God het hom drievoudig geantwoord.

*Gen 25:21 En Isak het die HERE gesmeek met die oog op sy vrou, want sy was onvrugbaar; en die HERE het hom verhoor, sodat sy vrou Rebekka swanger geword het.*

- Gebed bring veelvoudige antwoorde van God af. God seën ons meer oorvloedig as wat ons kan droom.

### Hanna se gebed vir haar seun

*1Sa 1:10 En bitter bedroef het sy tot die HERE gebid en bitterlik geween;*

*11 en sy het 'n gelofte gedoen en gesê: HERE van die leërskare, as U waarlik die ellende van u diensmaagd aansien en aan my dink en u diensmaagd nie vergeet nie, maar u diensmaagd 'n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe; en geen skeermes sal op sy hoof kom nie.*

*12 En toe sy lank gebid het voor die aangesig van die HERE en Eli op haar mond ag gee—*

*13 want Hanna het in haar hart gespreek: net haar lippe het geroer, maar haar stem kon nie gehoor word nie—het Eli gedink dat sy dronk was.*

*14 En Eli sê vir haar: Hoe lank wil jy jou soos 'n dronk mens gedra? Sit jou wyn van jou af weg.*

*15 Maar Hanna antwoord en sê: Nee, my heer, ek is 'n vrou beswaard in my gemoed: wyn of sterk drank het ek nie gedrink nie, maar ek het my siel voor die aangesig van die HERE uitgestort.*

*16 Hou tog nie u dienaars vir 'n deugniet nie, want vanweë my baie sorg en verdriet het ek tot nou toe gespreek.*

*17 En Eli antwoord en sê: Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou bede gee wat jy van Hom gebid het.*

- In Gebed, maak beloftes aan God want dit wys motivering en dit verwag 'n antwoord van God.

- Bid vir genesing vir jouself.

- Gebed met trane en emosies is baie kragtig. Huil voor die Here, maar dit moet opreg wees. Trane is die taal van die Hemel. God verstaan jou trane.

- Gebed in die gedagtes is toegelaat, maar die hardop gebed is meer kragtig.

- Gebed is om jou hart voor die Here uit te stort.

- Gebed in hartseer is welkom by God, maar na jou gebed moet jy opbeur en vreugdevol word want God gaan jou gebede beantwoord ~ jy moet net geloof hê.

## Samuel se gebed aan God

1Sa 1:27 Om hierdie seun het ek gebid, en die HERE het my bede aan my gegee wat ek van Hom gebid het.

28 So staan ek hom dan ook af aan die HERE al die dae wat hy leef; hy is aan die HERE afgestaan. En hy het die HERE daar aanbid.

- God sal antwoord, jy moet net wag op die Here.

- Hou jou beloftes wat jy aan die Here gemaak het tydens jou gebede, selfs al maak dit seer!

## Dawid se gebed van danksegging

*2Sa 7:18 Koning Dawid het toe ingegaan en voor die aangesig van die HERE gebly en gesê: Wie is ek, Here HERE, en wat is my huis, dat U my tot hiertoe gebring het?*

*19 En dit was nog te gering in u oë, Here HERE, sodat U ook aangaande die huis van u kneg tot ver in die toekoms gespreek het; en dit is die wet vir mense, Here HERE!*

*20 Maar wat sal Dawid nog verder met U spreek? want U ken u kneg, Here HERE.*

*21 Ter wille van u woord en volgens u hart het U hierdie hele groot saak gedoen, om dit aan u kneg bekend te maak.*

*22 Daarom is U groot, HERE God! Want daar is niemand soos U, en daar is geen God behalwe U nie, volgens alles wat ons met ons ore gehoor het.*

*23 En wie is soos u volk, soos Israel, 'n enige nasie op die aarde, wat God vir Hom as 'n volk gaan verlos het, en om vir Hom 'n naam te maak; en om groot dinge te doen vir hulle en vreeslike dinge aan u land voor u volk uit wat U verlos het vir U van Egipte, van die heidene en hulle gode?*

*24 En U het u volk Israel vir U bevestig as 'n volk vir U tot in ewigheid; en U, HERE, het vir hulle 'n God geword.*

*25 Laat dan nou, HERE God, die woord wat U oor u kneg en oor sy huis gespreek het, in vervulling gaan tot in ewigheid, en doen soos U gespreek het;*

*26 sodat u Naam groot kan wees tot in ewigheid deurdat hulle sê: Die HERE van die leërskaare is God oor Israel; en die huis van u kneg Dawid sal voor u aangesig bestendig wees.*

*27 Want U, HERE van die leërskaare, God van Israel, het die oor van u kneg geopen en gesê: Ek sal vir jou 'n huis bou; daarom het u kneg vrymoedigheid gevind om hierdie gebed tot U te bid.*

- Kom na God toe in gebed soos jy gemaklik voel, sittend, staande, knielende of selfs terwyl jy lê.
- Prys God omdat Hy na hierdie gebed luister.
- Bedank Hom omdat hy nog altyd in die verlede na jou omgesien het.
- Bedank God vir die beloftes in Sy Woord (die Bybel) wat hy vir almal vrylik gee.
- Bevestig dat God jou en jou hele liggaam beter as enige ander een ken.
- Jy het volgens God se wil in die verlede ontvang, en jy sal steeds volgens God se wil in die toekoms ontvang.
- Loof en prys God vir Sy goedheid en genade.
- Dank God vir die wonderwerk wat oppad is in jou lewe.
- Bevestig dat God die groot Beskermer is.
- Bedank God vir jou familie en vriende.
- Bevestig dat jy verlore sonder God in jou lewe is.
- Dank God vir die Hemel en vir die Ewige Lewe.
- Bevestig dat die Woord van God die enigste Waarheid is.
- Vra vir Sy seëninge.
- Vra vir God om jou eiendom uit te brei.
- Dank God vir Sy seëninge aan jou.

### Salomo se gebed van toewyding

- 1Kon 8:22 Toe het Salomo voor die altaar van die HERE gaan staan, teenoor die hele vergadering van Israel, en sy hande uitgebrei na die hemel*
- 23 en gesê: HERE, God van Israel, daar is bo in die hemel of onder op die aarde geen God soos U nie, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir u knegte wat voor u aangesig wandel met hulle hele hart,*
- 24 wat vir u kneg, my vader Dawid, u belofte aan hom gehou het; ja, met u mond het U dit gespreek en met u hand volbring soos dit vandag is.*
- 25 Hou nou ook, HERE, God van Israel, die belofte wat U aan u kneg, my vader Dawid, gedoen het, naamlik: Daar sal vir jou nooit 'n man voor my aangesig ontbreek wat op die troon van Israel sal sit nie as jou seuns net hulle weg in ag neem deur te wandel voor my aangesig soos jy voor my aangesig gewandel het.*
- 26 Laat dan nou, o God van Israel, u woord tog waargemaak word wat U gespreek het tot u kneg, my vader Dawid.*
- 27 Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het.*

- 28 *Wend U dan tot die gebed van u kneg en tot sy smeking, HERE my God, deur te luister na die geroep en die gebed wat u kneg vandag voor u aangesig bid;*
- 29 *sodat u oë oop mag wees nag en dag oor hierdie huis, oor die plek waarvan U gesê het: My Naam sal daar wees! sodat U mag luister na die gebed wat u kneg na hierdie plek toe sal bid.*
- 30 *Luister dan na die smeking van u kneg en van u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe sal bid; ja, mag U hoor elke gebed na u woonplek, na die hemel toe, en as U dit hoor, vergewe dan.*
- 31 *As iemand teen sy naaste sondig en hulle hom 'n eed oplê om hom tot selfvervloeking te bring en hy voor u altaar in hierdie huis kom sweer,*
- 32 *wil U dan hoor in die hemel en handel en u knegte reg verskaf deur die skuldige skuldig te verklaar en sy wandel op sy hoof te lê en die regverdige regverdig te verklaar deur hom te gee na sy geregtigheid.*
- 33 *As u volk Israel verslaan word voor 'n vyand, omdat hulle teen U gesondig het, en hulle hul tot U bekeer en u Naam bely en tot U bid en smeek in hierdie huis,*
- 34 *wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u volk Israel vergewe en hulle terugbring na die land wat U aan hulle vaders gegee het.*
- 35 *As die hemel toegesluit bly, dat daar geen reën is nie, omdat hulle teen U gesondig het, maar hulle na hierdie plek toe bid en u Naam bely en van hulle sonde hul bekeer, omdat U hulle verootmoedig,*
- 36 *wil U dan hoor in die hemel en die sonde van u knegte en van u volk Israel vergewe—want U leer hulle die goeie weg waar hulle in moet wandel—en gee reën op u land wat U aan u volk as 'n erfenis gegee het.*
- 37 *As daar hongersnood is in die land, as daar pes is, as daar brandkoring, heuningdou, sprinkane, kaalvreter is, as sy vyand hom in die land, in sy poorte dit benoud maak, watter plaag, watter siekte ook al,*
- 38 *enige gebed, enige smeking wat enigeen van u hele volk Israel sal doen, as elkeen die plaag van sy hart ken, sodat hy sy hande na hierdie huis toe uitbrei—*
- 39 *wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart ken—want U alleen ken die hart van al die mensekinders—*
- 40 *sodat hulle U kan vrees al die dae wat hulle leef in die land wat U aan ons vaders gegee het.*
- 41 *Ja, ook na die uitlander wat nie van u volk Israel is nie, en uit 'n ver land ter wille van u Naam kom—*
- 42 *want hulle sal hoor van u grote Naam en u sterke hand en u uitgestrekte arm—as hy kom en bid na hierdie huis toe,*



- 43 wil U dan hoor uit die hemel, u vaste woonplek, en doen volgens alles  
waaroor die uitlander U sal aanroep, sodat al die volke van die aarde u  
Naam mag ken, om U te vrees soos u volk Israel, en mag gewaar word dat u  
Naam uitgeroep is oor hierdie huis wat ek gebou het.
- 44 As u volk uittrek in die oorlog teen sy vyand op die pad waarop U hulle  
stuur, en hulle bid tot die HERE in die rigting van die stad wat U verkies  
het, en van die huis wat ek vir u Naam gebou het,
- 45 wil dan in die hemel hulle gebed en hulle smeking hoor en aan hulle hul reg  
verskaf.
- 46 As hulle teen U sondig—want daar is geen mens wat nie sondig nie—en U  
op hulle toornig is en hulle aan 'n vyand oorgee en hulle veroweraars hulle  
as gevangenes wegvoer na die land van die vyand, ver of naby,
- 47 en hulle dit ter harte neem in die land waarheen hulle as gevangenes  
weggevoer is, en hulle hul bekeer en U smeek in die land van die wat hulle  
weggevoer het, en sê: Ons het gesondig en verkeerd gehandel, ons was  
goddeloos—
- 48 en hulle hul tot U bekeer met hul hele hart en met hul hele siel, in die land  
van hul vyande wat hulle weggevoer het, en hulle bid tot U in die rigting  
van hulle land wat U aan hulle vaders gegee het, van die stad wat U verkies  
het, en die huis wat ek vir u Naam gebou het,
- 49 wil dan in die hemel, u vaste woonplek, hulle gebed en hulle smeking hoor  
en aan hulle hul reg verskaf,
- 50 en vergeef u volk wat hulle teen U gesondig het, ja, al hulle oortredinge wat  
hulle teen U begaan het; en laat hulle barmhartigheid vind voor die wat  
hulle weggevoer het, dat dié hulle barmhartig kan wees.
- 51 Want hulle is u volk en u erfdeel wat U uit Egipte uitgelei het uit die  
ystersmeltoond.
- 52 Mag u oë dan oop wees vir die smeking van u kneg en vir die smeking van  
u volk Israel, om na hulle te luister so dikwels as hulle U aanroep.
- 53 Want U het hulle vir U as erfdeel afgesonder uit al die volke van die aarde,  
soos U deur die diens van u kneg Moses gespreek het toe U, Here HERE, ons  
vaders uit Egipte uitgelei het.
- 54 Net toe Salomo gereed was om hierdie hele gebed en smeking tot die HERE  
te bid, het hy voor die altaar van die HERE opgestaan uit sy knielende  
houding, met sy hande na die hemel uitgebrei;

- Wys respek (Vrees) vir God.
- Loof God.
- Bedank God omdat Hy Sy beloftes hou.

- Herinner God aan Sy wonderlike beloftes aan jou.
- Maak nederige en ernstige versoeke in gebed.
- Bevestig dat God die Regverdige Regter is.
- Bid en bedank God vir Sy Skepping, die reën, die sonskyn en meer.
- Vra God om jou te leer.
- Dank God vir Sy wonderwerke in jou lewe, noem hulle een vir een.
- Bevestig dat jy voor Sy strawwe sal buig.

### Elia se Gebed vir Reën – Seëninge van God

*1Kon 18:41 Toe sê Elía vir Agab: Trek op, eet en drink, want hoor, die gedruis van die reën!*

*42 En Agab het opgetrek om te eet en te drink; maar Elía het op die top van die Karmel geklim en hom op die grond neergebuig en sy aangesig tussen sy knieë gesteek.*

*43 Daarop sê hy vir sy dienaar: Klim tog op, kyk uit na die see. En hy het opgeklim en uitgekyk en geroep: Daar is niks nie. Toe sê hy: Gaan weer—sewe maal.*

*44 En die sewende maal roep hy: Daar gaan ‘n wolkie soos ‘n man se hand op uit die see. Toe sê hy: Gaan op, sê vir Agab: Span in en trek af, dat die reën jou nie terughou nie.*

*45 En in ‘n oogwink was die hemel swart van wolke en wind, en ‘n groot reën het gekom; en Agab het op die wa geklim en weggetrek na Jísreël;*

*46 maar die hand van die HERE was oor Elía, sodat hy sy heupe omgord en voor Agab uit geloop het in die rigting na Jísreël.*

- God sal Sy antwoord aan jou stuur. Getuig aan ander wat God vir jou gedoen het.
- Hê en wys geloof.
- Hê en wys respek aan God.
- Manifesteer jou Geloof.
- Wag vir antwoorde van God af, moenie opgee nie.
- Verwag ‘n wonderwerk, God antwoord altyd in die veelvoud.

## 'n Baie kragtige versteekte gebed in die Bybel

### Jabes se gebed

*1Kron 4:9 En Jabes was meer geëerd as sy broers; en sy moeder het hom Jabes genoem en gesê: Ek het met smart gebaar.*

*10 En Jabes het die God van Israel aangeroop en gesê: **As U my ryklik seën en my grondgebied vermeerder en u hand met my sal wees en U die onheil afweer, sodat my geen smart tref nie!** En God het laat kom wat hy begeer het.*

- Vra God vir seëninge in oorfloed.
- Vra God om jou grondgebied te vergroot.
- Vra God om jou te beskerm en saam jou te wees in alles wat jy doen.
- Vra God om jou te weerhou van onheil.
- Dank God omdat Hy jou gebedsversoeke verhoor.
- 'n Versoek asook 'n gebed.

### Koning Dawid se Gebed tot God.

*1Kron 29:10 En Dawid het die HERE geloof voor die oë van die hele vergadering, en Dawid het gesê: U sy geloofd, HERE, God van ons vader Israel van ewigheid tot ewigheid.*

*11 Aan U, HERE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan U, HERE, kom toe die koningskap en die selfverhoging as Hoof oor alles.*

*12 En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag, en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak.*

*13 En nou, onse God, ons loof U, en ons prys u heerlike Naam.*

*14 Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee.*

*15 Want ons is vreemdelinge en bywoners voor u aangesig soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee, en daar is geen verwagting nie.*

*16 HERE onse God, hierdie ganse rykdom wat ons berei het om vir U, vir u heilige Naam, 'n huis te bou—dit kom uit u hand en dit behoort alles aan U.*

*17 En ek weet, my God, dat U die hart toets en behae het in opregtheid; ek het in die opregtheid van my hart al hierdie dinge vrywillig gegee; en nou het*

*ek met blydskap gesien hoe u volk, hier aanwesig, vrywillig aan U gegee het.*

*18 HERE, God van Abraham, Isak en Israel, ons vaders, bewaar dit vir ewig, so 'n gesindheid in die gedagtes van die hart van u volk, en rig hulle hart tot U;*

*19 en gee aan my seun Salomo 'n volkome hart om u gebooie, u getuienisse en u insettinge te hou, en om alles te doen en om die paleis te bou wat ek voorberei het.*

- Loof en prys God voor ander mense, selfs voor sondaars.
- Loof God vir Sy Grootheid en Krag.
- Bevestig dat God in beheer van alles is.
- Alles is in God se hande.
- Bevestig dat God jou hart en gedagtes ken.
- Bevestig dat God oor jou waak hou.
- Bevestig dat God jou liefhet.
- Manifesteer jou lofprysing en aanbidding. M.a.w om te buig voor God.

#### Koning Salomo se Gebed

*2Kron 6:14 en gesê: HERE, God van Israel, daar is in die hemel of op die aarde geen God soos U nie, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir u knegte wat voor u aangesig wandel met hulle hele hart,*

- As 'n Kind van God, juig in jou seëninge.
- Dank God vir Sy onfeilbare Liefde.

#### Nehemia se Gebed vir vergifnis en seëninge

*Neh 1:4 En toe ek hierdie woorde hoor, het ek gesit en ween, en ek het dae lank getreur; en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel*

*5 en gesê: Ag, HERE, God van die hemel, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en u gebooie onderhou—*

*6 laat u oor tog opmerkzaam en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u kneg wat ek vandag voor u aangesig bid, dag en nag, vir die kinders van Israel, u knegte, terwyl ek die sondes van die kinders van Israel bely wat ons teen U gedoen het; ook ek en my familie het gesondig.*

- 7 *Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U, en ons het die gebooie en insettinge en verordeninge wat U aan Moses, u kneg, beveel het, nie gehou nie.*
- 8 *Dink tog aan die woord wat U aan Moses, u kneg, beveel het, naamlik: As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi;*
- 9 *maar as julle jul tot My bekeer en my gebooie onderhou en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal Ek hulle daarvandaan versamel en hulle bring na die plek wat Ek verkies het om my Naam daar te laat woon.*
- 10 *Hulle is tog u knegte en u volk wat U verlos het deur u grote krag en deur u sterke hand.*
- 11 *Ag, Here, laat u oor tog opmerkzaam wees op die gebed van u kneg en op die gebed van u knegte wat verlang om u Naam te vrees; en laat dit tog vandag u kneg geluk, en verleen hom barmhartigheid voor die oë van hierdie man. Ek was naamlik skinker van die koning.*

- Roep tot die Here.
- Vas vir dae.
- Loof en aanbid die Here.
- Vra God om na jou smeking te luister.
- Bely jou sondes en vra vir vergifnis.
- Vra God vir Sy beskerming en om jou red uit jou probleme uit.
- Vra vir sukses en seëninge.
- Bevestig aan God dat jy Sy dienskneg sal wees.

### Nehemia se Gebed tot die Here

- Neh 9:6 U is alleen die HERE, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is, en U hou dit alles in die lewe, en die leer van die hemel buig hulle voor U neer.*
- 7 *U is die HERE, die God wat Abram uitverkies het en hom uit Ur van die Chaldeërs uitgelei het en sy naam tot Abraham gemaak het.*
- 8 *En U het sy hart getrou bevind voor u aangesig, en U het met hom die verbond gesluit om die land te gee van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriëte en Feresiete en Jebusiete en Girgasiëte, om dit aan sy nageslag te gee; en U het u woorde vervul, want U is regverdig.*

- 9 *En U het die ellende van ons vaders in Egipte aangesien en hulle geroep by die Skelfsee gehoor,*
- 10 *en U het tekens en wonders gedoen aan Farao en aan al sy dienaars en aan die hele volk van sy land; want U het geweet dat hulle vermetel teen hulle gehandel het, en U het vir U 'n Naam gemaak soos dit vandag is.*
- 11 *En die see het U voor hulle geklowe, sodat hulle op droë grond dwarsdeur die see getrek het; maar hulle vervolgers het U in die kolke gewerp soos 'n klip in sterk waters.*
- 12 *En U het hulle gelei met 'n wolkkolom bedags en met 'n vuurkolom snags om die pad vir hulle te verlig waar hulle langs moes trek.*
- 13 *En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel, en U het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie gegee.*
- 14 *En u heilige sabbat het U aan hulle bekend gemaak, en gebooie en insettinge en 'n wet deur die diens van u kneg Moses hulle beveel.*
- 15 *En U het hulle brood gegee uit die hemel vir hulle honger en water vir hulle uit die rots laat uitkom vir hulle dors, en aan hulle gesê om die land in besit te gaan neem waaromtrent U u hand opgehef het om hulle dit te gee.*
- 16 *Maar hulle, naamlik ons vaders, het vermetel gehandel en hulle nek verhard en nie na u gebooie geluister nie;*
- 17 *ja, hulle het geweier om te luister en nie gedink aan u wonders wat U by hulle gedoen het nie; maar hulle het hul nek verhard en in hul wederstrewigheid 'n hoof aangestel om terug te gaan na hulle slawerny. Maar U is 'n God van vergewing, genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en U het hulle nie verlaat nie.*
- 18 *Selfs toe hulle 'n gegote kalf vir hulle gemaak en gesê het: Dit is jou gode wat jou uit Egipte laat optrek het! —en hulle groot, afskuwelike dinge gedoen het,*
- 19 *het U in u grote barmhartigheid hulle tog nie verlaat in die woestyn nie; die wolkkolom het nie bedags van hulle gewyk om hulle op die pad te lei nie, en die vuurkolom ook nie snags om vir hulle die pad te verlig waar hulle langs moes trek nie.*
- 20 *En u goeie Gees het U gegee om hulle te onderrig, en u manna het U nie van hulle mond teruggehou nie en aan hulle water gegee vir hulle dors.*
- 21 *En veertig jaar lank het U hulle onderhou in die woestyn; hulle het nie gebrek gehad nie; hulle klere het nie verslyt en hulle voete nie geswel nie.*
- 22 *En U het aan hulle koninkryke en volke gegee en dié volgens bepaalde grense verdeel; en hulle het die land van Sihon, ja, die land van die koning van Hesbon, en die land van Og, die koning van Basan, in besit geneem.*

- 23 *En U het hulle kinders vermenigvuldig soos die sterre aan die hemel en hulle in die land ingebring waarvan U aan hulle vaders gesê het dat hulle sou ingaan om dit in besit te neem.*
- 24 *En die kinders het ingegaan en die land in besit geneem, en U het die inwoners van die land, die Kanaäniete, voor hulle onderwerp en dié in hulle hand gegee, hulle konings sowel as die volke van die land, om met hulle te handel soos hulle dit goedvind.*
- 25 *En hulle het versterkte stede en 'n vet land ingeneem, en huise in besit geneem vol allerhande goeie dinge, uitgekapte putte, wingerde en olyfbome en vrugtebome in menigte, en hulle het geëet en versadig en vet geword en weelderig gelewe deur u grote goedheid.*
- 26 *Maar hulle het wederstrewig en opstandig geword teen U en u wet agter hulle rug gewerp; en u profete wat hulle gewaarsku het, om hulle na U terug te bring, het hulle gedood en groot, afskuwelike dinge gedoen.*
- 27 *Daarom het U hulle oorgegee in die hand van hulle teëstanders, dat dié hulle in benoudheid sou bring. Maar wanneer hulle in die tyd van hulle benoudheid U aangeroep het, het U uit die hemel gehoor en na u grote barmhartigheid aan hulle verlossers gegee, dat dié hulle uit die hand van hul teëstanders kon verlos.*
- 28 *Maar sodra hulle rus gehad het, het hulle weer kwaad gedoen voor u aangesig, en U het hulle oorgelewer in die hand van hul vyande, dat dié oor hulle sou heers; as hulle U dan weer aanroep, het U uit die hemel gehoor en hulle na u barmhartigheid baiekeer gered.*
- 29 *En U het hulle gewaarsku om hulle na u wet terug te bring, maar hulle het vermetel gehandel en nie geluister na u gebooie nie, en teen u verordeninge, daarteen het hulle gesondig, waarvan geld dat 'n mens dit moet doen, dat hy daardeur kan lewe; en hulle het 'n wederstrewige skouer gegee en hulle nek verhard en nie geluister nie.*
- 30 *En U was baie jare lankmoedig oor hulle, en U het hulle gewaarsku deur u Gees, deur middel van u profete; maar hulle het geen gehoor gegee nie. Daarom het U hulle oorgegee in die hand van die volke van die lande.*
- 31 *Maar in u grote barmhartigheid het U hulle nie volkome vernietig en hulle nie verlaat nie, want U is 'n genadige en barmhartige God.*
- 32 *Onse God, groot, magtige en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou, laat dan nou al die moeilikheid nie gering wees voor u aangesig nie wat ons, ons konings, ons owerstes en ons priesters en ons profete en ons vaders en u hele volk oorgekom het van die dae van die konings van Assur af tot vandag toe.*
- 33 *Maar U is regverdig in alles wat oor ons gekom het; want U het getrou gehandel, maar ons het goddeloos gehandel;*

- 34 en ons konings, ons owerstes, ons priesters en ons vaders het u wet nie volbring en na u gebooie en u getuienisse waarmee U hulle gewaarsku het, nie geluister nie.
- 35 En hulle het in hul koninkryk en by u groot seën wat U hulle geskenk het, en in die wye en vet land wat U aan hulle oorgegee het, U nie gedien nie en hulle nie van hul verkeerde handeling bekeer nie.
- 36 Ons is vandag slawe, en die land wat U aan ons vaders gegee het om die vrug en die volle seën daarvan te geniet—daarin is ons slawe.
- 37 En dit vermeerder sy opbrings vir die konings wat U oor ons gestel het om ons sondes ontwil, en hulle heers oor ons liggame en oor ons vee na hulle willekeur, en ons is in 'n groot benoudheid.
- 38 Maar op grond van dit alles sluit ons 'n vaste verbond en beskryf dit; en op die verseëlde stuk het ons owerstes, ons Leviëte, ons priesters geteken.

- Bid saam as 'n groep of kerk.
- Bid en vas.
- Word nederig voor God.
- Spandeer tyd met God in gebed.
- Loof en aanbid die Here.
- Bevestig God se Name. Die God wat voorsien, genees, beskerm, voorsien van seëninge en oor jou waak.
- Gebruik die Griekse en Hebreeuse Name van God in gebed. Byvoorbeeld: Jehovah Shammah en Yahweh Nissi.

God gee aan ander bevele om jou te seën.

*Job 42:8 Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid; want hom alleen sal Ek in guns aanneem, sodat Ek aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie; want julle het nie reg van My gespreek soos my kneg Job nie.*

9 *Toe het Élifas, die Temaniet, en Bildad, die Suhiet, en Sofar, die Naämatiet, heengegaan en gedoen soos die HERE aan hulle gesê het; en die HERE het Job in guns aangeneem.*

- God sal jou heilig.
- God sal mense gebruik om jou te seën.
- God sal in meervoud en oorgenoeg gee.
- Wees dankbaar vir wat jy het.



- Loof God in die goeie en slegte tye van jou lewe.

### Die Psalmis sing 'n gebed.

*Psalm 4:1 Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. 'n Psalm van Dawid.  
2 As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed!*

- Versoek 'n antwoord van God.
- Bevestig dat God 'n regverdige God is.
- Bevestig dat jy geloof het in God se vermoëns.
- Vra vir God vir genade in jou lewe.

### Die Psalmis sê

*Psa 65:2 Aan U kom 'n lofsang toe, o God, in Sion, en aan U moet die gelofte betaal word.*

- God antwoord gebede.

### God sê Hy sal sy oë vir ons wegsteek as ons bid met sonde in ons lewens.

*Jes 1:15 En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed.*

- God sal nie op gebed reageer wanneer die gebed in sonde gedoen is en sonde wat opsetlik gedoen is nie.

### Jesaja bevestig aan God

*Jes 38:5 Gaan sê vir Hiskía: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, jou trane gesien; kyk, Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg,*

- God hoor alle gebede.
- Hy sien al die trane.
- Hy sal jou liggaam, gees en verstand genees.
-

### God se belofte as ons bid.

*Jes 56:7 hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.*

- God sal jou gebede ter harte neem.
- Hy sal vreugde en vrede gee na die gebed.
- Hy sal jou, jou sondes vergewe.
- Hy sal jou lofprysing en aanbidding aanvaar.
- Jy sal welkom in die huis van gebed wees.

### Jeremia se Gebed aan die Here

*Jer 14:7 Hoewel ons ongeregthede teen ons getuig, o HERE, doen dit om u Naam ontwil; want ons afkerighede is baie, ons het teen U gesondig.*  
*8 o Verwachting van Israel, sy Verlosser in tyd van benoudheid! Waarom sou U wees soos 'n vreemdeling in die land en soos 'n reisiger wat uitdraai om te vernag?*  
*9 Waarom sou U wees soos 'n man wat verslae is, soos 'n held wat nie kan verlos nie? U is tog in ons midde, o HERE, en u Naam is oor ons uitgeroep. Verlaat ons nie!*  
*10 So sê die HERE van hierdie volk: Só het hulle daarvan gehou om te swerwe, hulle het hul voete nie teruggehou nie; daarom het die HERE geen behae in hulle nie. Nou sal Hy aan hulle ongeregtheid dink en hulle sondes besoek.*  
*11 Verder het die HERE vir my gesê: Bid nie vir hierdie volk ten goede nie.*

- Ons sondes sal deur God verwyder word, voordat ons na God gaan in gebed moet ons eers om vergifnis te vra vir ons sondes.
- God sal nie na die gebede luister van diegene wat opsetlik sondig nie.

### Daniel se Gebed aan die Here

*Dan 9:3 En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan gebed en smeking te wy.*  
*4 En ek het tot die HERE my God gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou,*

- 5 *ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van u gebooie en verordeninge afgewyk.*
- 6 *En ons het nie geluister na u knegte, die profete, wat in u Naam gespreek het tot ons konings, ons owerstes en ons vaders en tot die hele volk van die land nie.*
- 7 *Aan U, Here, kom die geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is, aan die manne van Juda en aan die inwoners van Jerusalem en aan die hele Israel, die wat naby en die wat ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrou wat hulle teen U begaan het.*
- 8 *Here, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen U gesondig het.*
- 9 *By die Here onse God is barmhartigheid en vergewing, want ons het teen Hom opgestaan*
- 10 *en na die stem van die HERE onse God nie geluister om te wandel in sy wette wat Hy ons deur die diens van sy knegte, die profete, voorgehou het nie.*
- 11 *Maar die hele Israel het u wet oortree en afgewyk deurdats hulle nie na u stem geluister het nie; daarom is die vloek en die eed oor ons uitgestort wat geskrywe is in die wet van Moses, die kneg van God, want ons het teen Hom gesondig.*
- 12 *En Hy het sy woorde in vervulling laat gaan wat Hy oor ons gespreek het en oor ons rigters wat ons bestuur het, deur groot onheil oor ons te bring wat onder die ganse hemel nie gebeur het soos in Jerusalem nie;*
- 13 *soos in die wet van Moses geskrywe is—al hierdie onheil het oor ons gekom, en ons het die aangesig van die HERE onse God nie om genade gesmeek deur ons te bekeer van ons ongeregthede en ag te gee op u waarheid nie.*
- 14 *Daarom was die HERE wakker oor die onheil, om dit oor ons te bring; want die HERE onse God is regverdig by al sy werke wat Hy doen, maar ons het nie na sy stem geluister nie.*
- 15 *Nou dan, o Here onse God wat u volk uit Egipteland met 'n sterke hand uitgelei en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is, ons het gesondig, ons was goddeloos.*
- 16 *o Here, laat tog volgens al u geregtigheid u toorn en u grimmigheid van u stad Jerusalem, u heilige berg, afgewend word, want om ons sondes en die ongeregthede van ons vaders ontwil is Jerusalem en u volk 'n voorwerp van versmading vir almal rondom ons.*
- 17 *Hoor dan nou, onse God, na die gebed van u kneg en na sy smeking, en laat ter wille van die Here u aangesig skyn oor u heiligdom wat woes lê.*

18 *Neig u oor, my God, en hoor, open u oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar u Naam oor uitgeroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid.*

19 *Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my God; want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep.*

*Gabriel Brings an Answer*

20 *Terwyl ek nog spreek en bid en my sonde en die sonde van my volk Israel bely en my smeking voor die aangesig van die HERE my God neerwerp, ter wille van die heilige berg van my God,*

21 *terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer.*

22 *En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee.*

23 *By die begin van jou smekinge het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.*

- Gebed wat in sak en as gebed word en selfs om te vas is 'n goeie gebedsinstrument.
- Word nederig voor God.

## **2. Die Gebede van Jesus.**

### Gebed instruksies van Jesus Christus die Seun van God

*Matt 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;*

- Vergewe diegene wat teen jou gesondig het.

## Die Gebed van Jesus

Mat 6:5 En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

7 En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

11 gee ons vandag ons daaglikse brood;

12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

- Gebed moet nie 'n vertoning wees nie.

- Bid tot God in privaatheid.

- God ken al jou hartsgeheimenisse.

- God sal antwoord.

- Bid ordelik, moenie voort babbel nie.

- God weet wat jy nodig het nog voordat jy Hom kan vra, maar jy het steeds nodig om dit aan Hom in gebed te vra.

- Loof en Aanbid God in Gebed.

- Bid tot God.

- Bevestig dat jy God se wil in jou lewe aanvaar.

- Bevestig dat God jou ken en Hy sal jou voorsien van jou daaglikse behoeftes.

- Bevestig aan God dat jy jou oortreders vergewe het.

- Vra God om vergifnis vir jou sondes.

- Vra vir God vir Sy beskerming.

- En versoek aan Hom om jou van onheil te weerhou.

### Lukas se weergawe van die Gebed van Jesus

- Luk 11:1 En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.*
- 2 En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*
- 3 gee ons elke dag ons daaglikse brood;*
- 4 en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*
- 5 En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode,*
- 6 want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie—*
- 7 en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.*
- 8 Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.*
- 9 En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.*
- 10 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.*
- 11 En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee;*
- 12 of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee?*
- 13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?*

- Hê geloof in gebed.

- Bid voortdurend totdat jy 'n antwoord ontvang het.

- God sal jou gebed beantwoord.

- God sal ontvangs van jou gebed bevestig deur die Heilige Gees.

### Jesus leer uithou vermoë in gebed.

- Luk 18:1 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,*  
*2 en gesê: Daar was 'n regter in 'n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie.*  
*3 En daar was in daardie stad 'n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty.*  
*4 En 'n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie,*  
*5 tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelijk kom en my in die gesig slaan nie.*  
*6 Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê.*  
*7 Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?*  
*8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?*

- Bid en moet nooit opgee nie.
- God sal antwoord, dit mag dalk bietjie tyd neem, maar Hy sal antwoord.
- God wil 'n mate van geloof sien.
- Gaan na God in gebed in die Naam van Jesus Christus.

### Jesus beantwoord 'n vraag oor gebed

- Mat 21:21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.*  
*22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.*

- Bid sonder ophou.
- Hê geloof en wys geloof deur dit te manifesteer deur jou geloof oor te sit in aksies.
- Moenie twyfel in God se vermoëns nie.
- Maak jou hand oop en ontvang.

### **3. Gebede in die lewe van Jesus**

*Mat 14:19 Toe gee Hy die skare bevel om op die gras te gaan sit; en Hy neem die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en dank; en nadat Hy die brode gebreek het, gee Hy dit aan die dissipels en die dissipels aan die skare.*

*20 En almal het geëet en versadig geword, en hulle het die oorskot van die brokstukke opgetel, twaalf mandjies vol.*

*21 En dit was omtrent vyf duisend manne wat geëet het, buiten die vroue en kinders.*

*22 En Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant, terwyl Hy die skare wegstuur.*

*23 En nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.*

- Bid altyd en vra vir God se seëninge aan jou en in alles wat jy doen.

- Bid in privaatheid.

#### **Jesus het in Getsémané gebid**

*Mat 26:36 Toe kom Jesus met hulle in 'n plek met die naam van Getsémané, en Hy sê vir die dissipels: Sit hier onderwyl Ek daar gaan bid.*

*37 En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedéüs saam en begin bedroef en benoud word.*

*38 Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.*

*39 En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.*

*40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?*

*41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.*

*42 Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.*

*43 Toe kom Hy en vind hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar.*



*44 En Hy het hulle met rus gelaat en weer vir die derde maal gaan bid en dieselfde woorde gesê.*

- Wanneer jy God vir 'n antwoord in gebed vertrou, vra vir ander kinders van God om saam jou God te vertrou.
- Bid God se wil oor jou lewe.
- Bid om jouself te skerm teen versoeking.
- Bid selfs al is jy doodmoeg, jy moet gebedsdissipline hê.
- Bid menige male totdat jy vrede as bevestiging ontvang het dat God jou gebedsversoek gehoor het.
- Na gebed, aanvaar God se antwoord, selfs al is dit NEE.

Jesus wys die tyd en plek vir gebed.

*Mar 1:35 En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid.*

- Bid tydens stilte tye, vroeg in die more, laat in die nag. Wanneer jy nie gepla gaan word nie.

Jesus het alleen in God se teenwoordigheid gaan bid.

*Mar 6:46 En nadat Hy van hulle afskeid geneem het, het Hy na die berg gegaan om te bid.*

- Bid alleen en ongestoord.

Jesus het in die tuin gebid

*Mar 14:32 Toe kom hulle in 'n plek waarvan die naam Getsémané was. En Hy sê vir sy dissipels: Sit hier onderwyl Ek gaan bid.*

*33 En Hy neem Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom en begin ontsteld en benoud te word.*

*34 En Hy sê vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak.*

*35 En toe Hy 'n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan.*

36 *En Hy sê: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.*

37 *En Hy kom en vind hulle aan die slaap en sê vir Petrus: Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie?*

38 *Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.*

39 *Hy gaan toe weer weg en bid dieselfde woorde.*

- Enige iets is moontlik met God, bid net.
- Bid saam met ander gelowiges en wees eengesind in gebed.
- Gebed sal jou skerm teen die planne van die vyand.

Volg die 12 Stappe na die Hemel en die Hemel sal vir jou oopgaan.

*Luk 3:21 En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan;*

- Wanneer jy met die Heilige Gees gedoop word, sal die Hemele vir jou oopgaan.

Gebedsdisipline

*Luk 5:16 Maar Hy het Hom in verlate plekke teruggetrek en gebid.*

- Bid elke dag, met gereeld bid sessies deur die dag en nag.

Jesus het uithou vermoëns in gebed gewys

*Luk 6:12 En Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring.*

- Spandeer tyd saam met God in gebed, selfs al neem dit dag en nag.

Verdere leringe van gebed

*Luk 9:18 En toe Hy besig was om alleen te bid, was die dissipels by Hom, en Hy vra hulle en sê: Wie sê die skare is Ek?*

- 19 En hulle antwoord en sê: Johannes die Doper, en ander: Elía, en ander dat een van die ou profete opgestaan het.
- 20 En Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord en sê: Die Christus van God!
- 21 Toe gee Hy hulle 'n streng bevel en gebied hulle om dit aan niemand te vertel nie.
- 22 En Hy sê: Die Seun van die mens moet baie ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en op die derde dag opstaan.
- 23 En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.
- 24 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red.
- 25 Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen?
- 26 Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele.
- 27 Ek sê vir julle met waarheid: Daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God gesien het nie.
- 28 En omtrent agt dae ná hierdie woorde het Hy Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem en op die berg geklim om te bid.
- 29 En terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy aangesig anders geword en sy klere skitterend wit.

- Getuig aan ander wanneer jy antwoord van God in gebed ontvang het.
- Wanneer jy bid is jy in Heilige teenwoordigheid.

Jesus se dissipels het Hom gevra om hulle te leer hoe om te bid.

*Luk 11:1 En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.*

- Leer ander hoe om te bid.

### Verdere leringe van Jesus oor gebed.

*Luk 22:32 Maar Ek het vir jou gebed, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.*

*41 En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi, en neergekniel en gebed*

*42 en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!*

*43 En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk.*

*44 En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebed, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.*

*45 Toe staan Hy van die gebed op en kom by sy dissipels en vind hulle aan die slaap van droefheid.*

- Bid met geloof en gebed bou geloof.
- Wanneer jy bid sal jy versterk word.
- Bid met krag.

### Jesus leer meer oor gebed.

*Joh 17:1 Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—*

*2 soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.*

*3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.*

*4 Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.*

*5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.*

*Joh 17:6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.*

*7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.*

*8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.*

*9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.*

- 10 *En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik.*
- 11 *En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.*
- 12 *Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.*
- 13 *Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydschap volkome in hulle kan hê.*
- 14 *Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.*
- 15 *Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.*
- 16 *Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.*
- 17 *Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.*
- 18 *Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.*
- 19 *En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.*
- 20 *Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo—*
- 21 *dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*
- 22 *En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.*
- 23 *Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.*
- 24 *Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.*
- 25 *Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.*
- 26 *En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.*

- Kyk op na God wanneer jy bid.
- Loof en prys God gedurende gebed.
- Ons moet bevestig dat die sondige wêreld ons as Christene haat.

- Bid – Hou ons veilig van Satan en sy volgelinge.
- Bid – God openbaar U asseblief aan ons.

Paulus bevestig wat Jesus geleer het.

*Heb 5:7 Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs—*

- God sal jou gebede, smeking en trane beantwoord wanneer jy na Hom toe kom in die Naam van Jesus Christus.

#### **4. Gebede in die briewe aan die Kerke**

Paulus leer die Geesge vulde Romeinse Kerk hoe om te bid.

*Rom 8:26 En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.*

- Die Heilige Gees sal namens ons bid, wanneer ons nie self kan bid nie en slegs wanneer die doping van die Heilige Gees plaasgevind het.
- Die Heilige Gees sal die bemiddelaar word.

*1Kor 14:13 Daarom moet hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit kan uitlê.*

*14 Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar.*

*15 Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.*

*16 Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?*

*17 Want jy dank wel goed, maar die ander een word nie gestig nie.*

- Bid in die Heilige Gees en in tonge as jy met die Heilige Gees gedoop is.
- Loof en aanbid God in tonge.
- Wanneer jy in tonge bid, is jou verstand onvrugbaar.
- Hierdie is die Geestelike kommunikasie tussen jou en God, die duiwel kan die gesprekke nie verstaan nie.

*Efe 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges*

- Bid so gereeld jy kan.
- Bid in die Heilige Gees en in tonge as jy met die Heilige Gees gedoop is.
- Bly waaksaam gedurende gebed vir enige gees van duisternis en sy volgelinge.

*Fili 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.*

- Bid tot God vir enige iets en alles, ongeag hoe groot of klein dit ookal mag wees.
- Bid vir dit wat jy nodig het.
- Bedank God asof jy dit alreeds ontvang het, want dit wys geloof.
- Wys geloof en maak oop jou hand en ontvang.

*Kol 4:2 Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging;*

- Beoefen discipline tydens tye van gebed.
- Wees waaksaam vir die werking van die Heilige Gees en die werking van die gees van duisternis.
- Bid met 'n dankbare hart.

Bid sonder ophou

*1Tess 5:17 Bid sonder ophou.*

- Bid voortdurend sonder ophou totdat jy 'n antwoord ontvang het.

## Paulus leer Timoteus oor gebed

- 1Ti 2:1 In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense;*
- 2 vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.*
- 3 Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,*
- 4 wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.*
- 5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,*
- 6 wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd,*
- 7 waartoe ek aangestel is as 'n prediker en apostel—ek sê die waarheid in Christus, ek lieg nie—'n leraar van die heidene in geloof en waarheid.*
- 8 Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis.*

- Bedank God altyd vir wat Hy nog gaan gee.
- Versoek God se genade.
- Bid vir verstand en waarheid.
- Bid in die Naam van Jesus Christus.
- God se gawe aan ons “ Die Goeie Nuus”.
- Bevestig jou dissipelskap en jou bediening in die Koningryk van God, om te leer, te doop, om geloof te wys (Manifesteer jou geloof deur aksies) en praat die waarheid.
- Bid sonder woede.

## Die Krag van Gebed.

- Jak 5:13 Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing.*
- 14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.*
- 15 En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.*
- 16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.*



17 *Elía was ‘n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;*  
18 *en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.*

- Bid vir die siek en die beseerdes = Gebed van Genesing (ook die Gebed vir Geloof)
- Salf hulle met die Heilige Olie = Gebed van Beskerming
- Bid met geloof = Gebed van Voorsorg
- Bid en vergewe – gee en ontvang vergifnis = Bevrydingsgebed
- Bid vir seëninge = Vryheid van probleme en voorsien asseblief gebede.

Sien Voorskrif Gebede vanuit die Hemel

#### Juda se Gebed

*Jud 1:20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid*

- Bid met Geloof!
- Bid soos deur die Heilige Gees aangewys word. (As jy die doping van die Heilige Gees ontvang het)

#### ‘n Gebed van Lofprysing!

*Jud 1:24 Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlijkheid te stel met gejuig,*  
*25 aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen.*

- Eindig jou gebed altyd met ‘n lofprysing en aanbidding aan God.
- En eindig jou gebed altyd met “Amen”

**God & Jesus, dankie dat U ons leer hoe om te bid! Amen en Amen.**

### **Hoofstuk 13: Bid oor alles.**

Om bekommerd te wees is een van ons menslike emosies wat Satan die meeste teen ons Christene gebruik. Ons bekommer ons oor alles.

Ons is bekommerd oor wat ander mense van ons sê, ons is bekommerd oor wat ons gaan aantrek, eet, drink; ons is tot bekommerd oor die volgende ding wat ons gaan doen. Ons is bekommerd oor ons finansies, ons ouderdom en oudag, oor die toekoms en ons is selfs ook bekommerd oor ons verlede. Sal ek deur my familie en vriende aanvaar word? Ons is bekommerd oor ons gesondheid.

Ons is bekommerd oor iets elke minuut van die dag.

Waarom is hierdie emosie die hoofsaaklike rede vir 'n groot persentasie van ons siektes? Bekommernisse verander in verskeie lewensbedreigende siektes, soos maagsere, stressaanvalle, paniekaanvalle, hipertensie, beroertes en selfs hartaanvalle.

En dit is presies wat Satan wil hê.

Hy plaas elke minuut, uurliks, daagliks talle idees in ons koppe, waaroor ons dan bekommerd raak.

Ek is skoon bekommerd nou oor al jou bekommernisse.

Hoekom is ons as Christene dan oor enige iets bekommerd? Die rede is baie eenvoudig.

Ons vertrou nie ons God nie. God Almagtig, die Skepper van die hele Heelal.

Dieselfde God wat die see, die land, die bome, die planete, die son, die riviere, al die diere en ook vir my en jou geskape het.

Ongeloof is die enigste rede waarom ons bekommerd oor enigiets sal wees.

Kom ons kyk waaroor Jesus bekommerd was. Hy praat oor hierdie onderwerp in Sy 1ste preek op die berg.

Bekommernisse is ons lewens, ja, die enkele grootste emosie waarmee ons worstel.

- Mat 6:25 Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?*
- 26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?*
- 27 Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?*
- 28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie;*
- 29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie.*
- 30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?*
- 31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?*
- 32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.*
- 33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*
- 34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.*

- Mat 21:21 Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.*
- 22 En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.*

My antwoord is baie eenvoudig; plaas jou geloof op iets wat jy kan sien.

Manifesteer jou geloof, sit jou geloof in aksie.

Begin met iets klein,

- 1 Kor 3:5 Wie is Paulus dan, en wie Apollos anders as dienaars deur wie julle gelowig geword het? En dit soos die Here aan elkeen gegee het.*
- 6 Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.*

- 7 *So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei.*
- 8 *Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang.*
- 9 *Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.*

Ons plant en water, maar God maak die saad van Geloof groei.

Jesus sê, moenie bekommerd wees oor die klein materialistiese dinge nie, daar is meer in die lewe as net dit.

Kyk na die diere, God voorsien vir hulle.

Jesus noem ons “kleingelowiges” Hy vergelyk ons met die goddelose.

Ja hospitale is vol Christene; siek pasiënte sonder geloof.

God kan genees, Hy het in die verlede, en Hy sal nogsteeds genees in die toekoms. Maar die geheim van die Hemel is om te Bid, glo en ontvang.

Sonde staan tussen hulle en God.

Hierdie sonde in ons lewens is die hoofrede hoekom ons weg beweeg het van God. Dit veroorsaak dat ons op ons eie vermoëns begin staat maak om in ons daaglikse behoeftes te voorsien. Miskien is ons gelukkig en dit gaan goed met ons vir jare. Maar dan begin die bekommernisse en finansiële probleme kom dan na ons kant toe, maar sonder ‘n verhouding met die Drie-Eenheid, gaan bekommernis voortgaan om paniekaanvalle te veroorsaak. Paniekaanvalle word beroertes en beroertes verander na ‘n hartaanval.

Jesus verklaar ook in

*Mat 6:8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.*

Die sleutel woord is “vra”. Bid, hê geloof en ontvang.

Om te bid is maklik as jou verhouding met die Drie-Eenheid herstel is. Jesus het selfs ‘n model-gebed gegee aan die wat nie kan bid nie.

*Mat 6:9 hierdie dan is hoe julle moet bid:*

***Onse Vader wat in die hemel is:  
Mag U Naam verheerlik word?  
Mag U Koningkryk kom:  
Mag U wil geskied net soos op die aarde soos in die hemel.  
Gee ons vandag ons daaglikse brood.  
Vergewe ons ons sondes,  
Soos ons die vergewe wat teen ons gesondig het.***

Begin om jou verhouding met die Drie-Eenheid te vernuwe, herstel jou Mosterdsaadjie geloof, en begin om met God te kommunikeer deur gebed.

Jesus verklaar:

***“Ons het nie, want ons vra nie en ons ontvang nie, want ons bid nie.”***

Ons probleem is ons gebroke verhouding met die Drie-Eenheid, God die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees. Ons het nodig om ons verhouding te herstel.

Neem die 12 stappe na die Hemel. En herstel hierdie dinamiese verhouding hoe gouer hoe beter.

Stap 1: Erken jy is ‘n sondaar.

Stap 2: Draai weg van sonde af.

Stap 3: Aanvaar Jesus Christus as jou Redder.

Stap 4: Geloof in die Drie-Eenheid.

Stap 5: Gee en ontvang vergifnis.

En hou so aan totdat jy die uiteindelijke stap bereik het = Stap 11 Geseël vir die Ewigheid. “ Apart gestel as Heilige vir die HERE”

Jesus staan Huidiglik voor jou Hart se deur, Hy klop, en Sy stem is duidelik, laat my inkom en die verhouding kom herstel.

Jesus verklaar is:

*Matt 6 v 33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

Waar is hierdie Koningkryk? En hoe vind ek dit?

Hier is die 12 Stappe na die Hemel.

Volg elke stap en bemeester dit ten volle, stap-vir-stap, glo, moenie bekommerd wees nie en ontvang.

Begin om God te vertrou vir die klein (In jou oë) goedjies. Byvoorbeeld: As jy bid vir 'n bevordering by jou werksplek, of selfs 'n verhoging in jou salaris.

Gaan koop 'n nuwe beursie of 'n nuwe brood blik. Plaas dit in maklik sigbare plekke in jou leefareas, en elke keer as jy bid, wys na die item toe. Om te sien is glo en God sal voorsien, God sal die daad maak groei. En God sal antwoord en so beweeg jy aan na groter dinge toe, dag-na-dag en jou geloof sal groei.

Bid, hê geloof, moenie bekommerd wees nie en ontvang.

Onthou om God te dank vir die antwoord, selfs al het jy dit nog nie ontvang nie. Wys jou geloof in ons Groot God.

“Dankie God, U het alreeds die bevordering wat perfek vir my is, in plek vir my geskuif, Loof U Magtige Naam.”

Dan die wonderlike ding wanneer ons in geloof bid!

Maak jou hand oop en ontvang!

Eendag sal jy terug kyk en lag vir hierdie dinge waaroor jy bekommerd was.

Hoekom was ek so stupid om oor alles bekommerd te wees en oor niks te bid nie?

***Hoekom is ek steeds bekommerd oor alles, en bid ek oor niks.***

***Doen die teenoorgestelde***

***Wees bekommerd oor niks en Bid oor alles!***

Bid, en vra selfs vir die kleinste goed, God weet wat jy nodig het, vra net, dit is alreeds beplan.

Die sleutelwoorde

1. Bid in die wil van God.
2. Herstel jou verhouding met God.
3. Bid.
4. Moenie bekommerd wees nie.
5. Wag vir God se antwoord.
6. Aanvaar God se antwoord.
7. Bid sonder om op te gee.
8. Bedank God vir voorsiening, selfs wanneer jy nog nie ontvang het nie.

Die antwoord is beplan, en sal binnekort by jou wees.

## Hoofstuk 14: Loof God, 24 uur 'n dag.

Lofprysing en aanbidding word altyd vergelyk met sing en die speel van musiek en wanneer ons kerk bywoon en ons leer “kom ons staan en prys God deur die koorgedeelte te sing.” Dan weet ons dat ons vir die volgende 10 – 15 minute God loof en prys. Ons sal dan 'n paar lieder sing en in sommige kerke sal ons selfs hande klap en hande ophef as ons loof en prys en aanbid.

Ons sal dit vir 5-6 lieder doen en dan is ons lofprysing en aanbidding sessie vir die dag klaar. Miskien doen ons dit volgende week weer as ons kerk bywoon.

Dan sê ons vir onself, dit was onoortreflik, ons het 'n fantastiese lofprysing en aanbidding sessie gehad “Dit was so lekker” met 'n dun gesingde stem en rooi-geklapte hande. Ons het God aanbid en geprys vir 'n paar minute – dit was vir 'n maksimum van 10 tot 20 minute, een maal 'n week.

NEE! God soek nie net hierdie 10-20 minute 'n week nie. Hy wil hê dat ons Hom 24 uur 'n dag moet loof en prys en aanbid.

In die boek Openbaring – het Johannes opgeneem dat daar slegs 'n half uur se stilte in die Hemel sal wees, en die res van die tyd sal dit gevul wees met lofprysing en aanbidding. Behalwe vir daardie halfuur – sal daar heeltyd lofprysing en aanbidding tot God en Jesus wees.

Presies teenoorgestelde van wat huidiglik op die aarde gebeur!

Op Aarde sal jy dalk in 'n goeie kerk 6 dienste 'n week aantref. Daar sal lofprysing en aanbidding vir 10–12 minute daaglik wees. Soms tot 'n maksimum van 'n uur se lofprysing en aanbidding per week.

'n Spieëlbeeld van wat in die Hemel sal gebeur.

Maar kan ons rerig vir God loof en prys 23 en 'n half uur 'n dag hier op die Aarde?

Ek het eenmaal 'n storie gelees van 'n klein seuntjie wat bekommerd die vraag gerig het aan sy pastoor: “Gaan ons in die Kerk banke sit in die Hemel en die hele dag lank sing? Dan wil ek nie Hemel toe gaan nie!”



Ek kon die frustrasie van hierdie seuntjie verstaan en ek glo God doen ook.

Ons as Christene verstaan hierdie skrifgedeelte verkeerd. Om God te prys en te aanbid beteken nie net ons moet musiek sing, hande klap, dans en musiek instrument te speel om glorie aan God te bring nie.

‘n Voorbeeld om my punt te bewys: in Openbaring 4 word daar genoem dat op die nuwe Aarde daar geen Oseaan of seestrand sal wees nie. Maar vir ons as mense is die see een van die mooiste plekke op aarde, en ons vergelyk die see en strand met die vakansie tye waartydens ons sandkastele gebou het en pret gehad het. Op die nuwe Aarde is daar geen Oseaan. Ek wil nie soontoe gaan nie!

Hoekom het Johannes nie die Oseaan op die nuwe Aarde gesien nie, maar ‘n prag-skone Kristal Oseaan reg voor die Troon van God?

Onthou die Hemel is ontwerp en voorberei vir elkeen se eie persoonlikheid.

Gemaak vir my en jou!

Maar my ervaring van die Hemel sal verskillend van joune wees. Die Hemel sal wees wat jy dit voorstel om te wees. My geestelike oë sal die Hemel verskillend ervaar as joune. Dit sal uniek vir elke een wees.

Die Hemel sal die volkome beeldskone prag wees net soos jy dit voorstel om te wees.

Ons moet verstaan dat vir Johannes die oseaan ‘n baie skrikkerige plek was. Meeste van die keer wat hy op die oseaan was, was dit in klein bootjies en elke keer was angsbevange vir hom. Hy was ‘n paar keer op ‘n skipbreuk en was as gevangene aangehou op ‘n eiland omring deur die oseaan. Vir hom was die oseaan nie ‘n aangename plek nie, so in sy visie van die nuwe Aarde was daar “Geen oseaan” wow!

Ja, Johannes was lief daarvoor om 24 uur van die dag te lofprys en te aanbid. Want dit was wat sy geestelike oë die Hemel wou gehad het dit moet wees. Dit is waarom die singende Engele hom so beïndruk het.

Maar dit is nie die boodskap nie! God se boodskap is:

Ons kan God loof en prys en aanbid sonder om liedere heeldag lank te sing.

Hoe sal ons dit dan doen? Sal dan nou jou volgende Vraag wees.

Eenvoudig, God is intensief geïnteresseerd in Sy Skepping (Ek en Jy) en om Sy Skepping elke minuut van die dag te aanskou gee aan Hom lofprysing en aanbidding. Ja, ons moet gesange sing, bid, aanbid, liedere en gedigte skryf en nog veel ander dinge vir God – Hy is gaande oor lofprysing en aanbidding.

**Maar ons probleem as mense is ons spandeer meer tyd op sonde teen God as wat ons sing tot God.**

God is baie lief daarvoor om Sy Skepping te aanskou. ‘n Voëltjie wat prag liedere sing en uit volle bors fluit is vir God die mooiste aanbidding. Wanneer die voëltjie sorgloos op die wind sweef en wanneer hy die klein wurmpie wat hy met soveel genot, eet, glimlag God. God geniet dit as die klein voëltjie homself laf hou en in vrolike sirkels om en om vlieg deur die lug.

Wanneer die klein voëltjie op ‘n takkie sit en sy veertjies skoonmaak met sy bekkie, hou God hom aandagtig dop in alles wat hy doen. God kyk van nader as die voëltjie vir sy maat ‘n nessie bou. En God hou daarvan om te kyk hoe die nuut uitgebroeide voëltjies tjirp vir kossies. God sien tot die gebreekte eierdop vêr onder die groot boom wat die moeder voëltjie uit die nes uit geskop het.

Die skepping / natuur loof en prys God 24 uur van ‘n dag.

Die hele skepping sing en dans nie, maar die hele skepping loof en prys God.

Ja die voël kan sing!

Maar wat van die krokodil in die rivier?

Hoe loof en prys hy sy Skepper?

Hy prys en aanbid sy God deur om te doen wat God hom ontwerp het om te doen en niks anders nie.

Dit is die geheim!

Hy loof en prys God deur net in die son te lê met sy kake wawyd oop. En hy aanbid God deur net doodstil in die water te lê terwyl hy vir sy prooi wag. Net sy

oë en neus steek bo die water uit waar hy stil lê en wag. Net soos God hom geskape het om te doen!

Ek glo God sit en kyk na die krokodil, en kyk na hoe hy al nader en nader en nader aan sy prooi kom. En dan skielik spring hy en gryp hy sy prooi met sy kragtige kake met ontsaglike krag en in een grasiëuse beweging draai hy soos 'n ballerina tot diep onder die water. Ek wil graag glo: God spring elke keer in afgewondenheid en in verwondering as Hy dit sien gebeur.

Ja vir jou en my, is hierdie 'n ontstellende Toneel. Maar vir God is hierdie mooi en dit is die manier hoe hy die krokodil geskape het.

Net soos hierdie ou krokodil, moet ons God aanbid en loof en prys in alles wat ons doen, net soos Hy ons ontwerp het om te doen!

Ons moet vir God se Skepping omgee en vir almal in ons lewens lief wees, insluitend God, Jesus, ons familie, vriende en selfs ons vyande. Jesus het ons twee opdragte gegee soos in die Evangelie van Matteus en wanneer ons dit doen soos dit geskrywe staan dan;

Loof en prys ons God 24 uur van 'n dag!

Wanneer ons God heeldag aldag loof, prys en aanbid dan doen ons dit waarvoor Hy ons geskape het om te doen!

1. Liefde vir die Drie-Eenheid en Hulle eiendom.
2. Liefde vir jou naaste soos jy jousef liefhet!

Hoe loof en prys ek God sonder om die heeldag gesange te sing?

- a. Ek sien om na en versorg Sy skepping – die natuur en my medemens.
- b. Ek versorg myself – Sy skepping.

Hoe loof en prys ek Jesus sonder om heeldag gesange te sing?

- c. Hê geloof in Sy vermoëns.
- d. Jesus het nuwe dissipels nodig.

e. En maak seker ons is saam met Hom in die Hemel eendag.

Hoe loof en prys ek die Heilige Gees sonder om gesange heeldag te sing?

f. Laat die Heilige Gees toe om te kom en binne in ons gees te woon.

g. Laat die Heilige Gees toe om te troos en ons te lei.

h. Laat die Heilige Gees toe om sonde aan ons uit te wys.

i. En luister na die sagte stem van die Drie-Eenheid.

Ek mag dalk nie mooi kan sing nie, of kan dalk nie 'n musiek instrument speel nie, of dalk gedigte voorlees of liedere skryf en aan God speel nie. Ek mag dalk nie mooi kan teken of verf nie.

Hoe op dees aarde sal ek dan God kan loof en prys? Sommige van ons het nie enige talente ontvang nie.

Nee, jy het nie talente nodig om God 24 uur 'n dag te loof en prys nie. God kan verheerlik word in alles wat ons doen. Hoe klein dit ookal vir jou mag lyk.

Loof en aanbid jou Groot God deur jou vriende en familie liefdevol te behandel en selfs aan jou vyande moet jy liefde betoon. As ek met my kinders speel, wanneer ek net luister as iemand hulle harte met my uitpraat oor iets, in dit alles loof en aanbid ons God.

Wanneer ek bedtyd by my kinders sit en aan hulle 'n Bybel storie vertel en selfs wanneer ek en vroulief meningsverskille het en dit op 'n mooi manier oplos; is ons besig om God te aanbid.

Ek kan God loof en aanbid deur net te doen wat God my gevorm en geskape het om te doen volgens Sy wil. Dit hoef nie perfek te wees nie.

God hou Sy oog op Sy skepping elke minuut van elke dag en let na hoe ons ons familie, vriende en selfs ons vyande behandel en hoe ons na Sy skepping omsien.

God geniet alles wat jy doen en sê. As ons gebruik wat Hy ons gegee het, byvoorbeeld liefde.

God wil hê dat ons 3 dinge doen. God se 123 plan.

1. Sien om na Sy Skepping en dit sluit jou in.
2. Hy wil dat jy Sy eiendom moet beskerm.
3. En om Hom en alle ander mense lief te hê.

Maar ons doen net die teenoorgestelde. Ons klap, skop, skreeu, slaan, vloek en so meer.

Ja, slegte dinge gebeur in ons lewens en God stuur dit as 'n toets aan ons om te kyk hoe ons op alles gaan reageer in die 123 plan van God. Hy kyk hoe ons 'n probleem hanteer. En as ons die 123 plan in aksie gebruik dan sal ons die toets slaag en aan beweeg na beter dinge toe. Maar as ons die toets faal, dan moet ons dit oor doen; weer en weer. Die beproewinge en toetse sal kom totdat ons dit slaag.

Slaag die toets en beweeg aan. Bly kalm en standvastig. Weet dat God in beheer van alles is. Moenie na depressie oorgaan nie. Hê geloof in die Drie-Eenheid se vermoëns.

Die manier hoe jy op 'n toets reageer en hoe jy dit hanteer is ook 'n getuienis aan die wêreld dat jy 'n Kind van God is.

Jy moet geloof in jou God hê. Deur geloof te hê in die Drie-Eenheid is hoe jy jou liggie in die duisternis skyn. Loof en aanbid God 24 uur van 'n dag deur om geloof in Hom te hê en om te doen waarvoor Hy jou geskape het om te doen!

Selfs as ons 'n rustige nagrus het, loof en prys ons God. Ja! Deur rustig te slaap! Wanneer ek sonder enige kommer slaap en die volgende môre met 'n glimlag opstaan! Dan het ek God die hele nag deur geloof en geprys! Ek het GEGLO dat Hy in my elke behoefte sal voorsien en dat Hy my sal beskerm en my veilig sal hou en weg van alles boos sal hou sodat geen smarte en pyn na my kant toe sal kom nie!

Deur om God Almagtig te vertrou is om Hom 24 uur van 'n dag te loof en te prys!

## **Hoofstuk 15: Aanvaar Dissipelskap.**

Geesge vulde Kinders van God ontvang en aanvaar Dissipelskap.

Daar is 'n groot aantal Bedieninge in die Koningkryk van God maar Geestelike werkers/Dissipels is die mees belangrikste noodsaaklikheid in die Koningkryk van die Hemel.

Hulle werk in die kraamsaal in die Koningkryk van God. Ja, almal van ons as Christene het nodig om Dissipelskap te aanvaar en vandaar af moet ons na ons Bedieninge toe beweeg. Maar almal van ons moet werk – begin ons Bedieninge binne in die kraamsaal van God se Hospitaal.

Die plek van veranderinge, waar sondaars Wedergebore word as Christene. Teen hierdie tyd is Satan die mees aktiefste in die verlossingsproses. Hy probeer sy uiters bes vir hierdie geboorte om nie suksesvol te wees nie. Dit beteken dat ons as Dissipels van Jesus moet ten volle opgelei wees om hierdie geboorte (wedergeboorte) met uiterse sorg en liefde te kan hanteer.

Die stappe 1 tot 6 is die mees kritiekste tyd in die Wedergebore Christen se lewe. En as ons Satan in die kraamsaal toelaat, sal daar hoegenaamd geen nuwe lammertjies wees nie.

In die Groot Opdrag van Jesus af kan ons verskeie stappe in die wedergeboorte in die kraamsaal sien.

Matt 28 v 19

Die woorde: “Gaan dan heen!”

Daardie 3 woorde het sluit in verskeie stappe. Dit beteken dat ons as dissipels moet toegerus / opgelei / voorbereid word vir die belangrike diens in die Koningkryk van God.

Ons as dissipels moet heeltemal deur die 10 stappe van die 12 stappe na die Hemel werk. Ons moet elke stap volledig voltooi en bemeester.

Van stap 1 – 10 waartydens die Woord (Bybel) Kennis opgedoen word en Gedoop word in die Gees – dan eers kan ons gaan en nuwe dissipels gaan maak. As ons nie 100% voorbereid is nie, sal ons nie in staat wees om die werk in die

kraamsaal tot die beste van ons vermoëns te kan doen nie, en Satan sal wen – geen nuut Wedergebore Christene sal ooit weer gebore word nie.

Hierdie is die norm in die modern Kerke van vandag. Ons het lammers wat ander lammers lei, die blindes lei die blindes en niemand kom in die Hemel nie. Dit is die meester plan van die koning van die duisternis – Satan.

Hulle neem nuut Wedergebore Christene en stoot hulle tot in die kraamsaal binne in die Bediening. En die Koningkryk van God groei dan nie.

Alle dissipels moet ten minste op stap 10 van hulle geestelike lewe wees.

In 'n normale hospital opset kan ons nie die skoonmaker in die gang gaan haal en hom/haar in die kraamsaal indruk om die babas te vang nie. Beide die baba en die moeder sal sterwe. Nee, die personeel van die kraamsaal is hoogs gekwalifiseerd in hul beroep.

So is dit ook hoe ons as Dissipels van Jesus MOET wees.

'n Ander fout wat ons moderne Kerke begaan, is sodra die nuwe lammertjies gebore is dan druk ons hulle in die veld in om vir hulle self te sorg. Ons organiseer groot Evangelisasieaksies en red miljoene mense, maar ons neem hulle nie verder deur die stappe nie. Ons verkry miljoene lammers, maar ons lei hulle nie tot volwasse skape nie.

En dit is wat Satan wil hê. Die beste misleiding ooit, is vir jou om te dink dat jy iemand na Jesus toe gelei het. En dan eendag wanneer jy by die Troon Kamer van God kom by die Groot Wit Troon Oordeel, dan sê jy aan Jesus: “ Ek het groot gebeurtenisse gehou en miljoene mense to by U gebring.” Maar Jesus sal dan vir jou vra: “waar is daardie miljoene mense waarvan jy praat; hoekom het hulle nie die Hemel behaal nie?”

Ek sal veel eerder een Wedergebore na die poorte van die Hemel lei, as wat ek 1 miljoen na Jesus toe lei en hulle net in die veld los waar die wolwe vir hulle wag.

As Satan ons kan kry om te glo dat ons of ons Wedergebore lammers oppad is na die Hemel, en ons glo hom, dan is hy 'n gelukkige duiwel!

Ons moet doodseker maak dat ons Wedergebore lammers die Hemel bereik. Ons moet hulle deur die stappe neem – al 12 stappe na die Hemel. En ons kan

hulle slegs los as ons seker is hulle is op stap 10. Wanneer hulle Volwasse dissipels van Jesus is en wanneer hulle reg is om nuwe dissipels te maak.

Dissipelskap is nie om miljoene lammers te maak nie. Nee, Dissipelskap is 'n een-op-een voortsettings sisteem. Ek as dissipel van Jesus moet al die pad saam die ander persoon loop en seker maak dat hy/sy stap 10 bereik. Op stap 10 sal hy/sy Dissipelskap van Jesus aanvaar, en dan sal hy/sy weer op hulle beurt nuwe dissipels maak.

Slegs Geesge vulde kinders van God op stap 10 van hulle geestelike lewe moet toegelaat word om in die kraamsaal van die Koningkryk van God te werk. Al die ander Christene kan en sal saad draers wees.

Ons as dissipels moet die verantwoordelikheid vir die siele wat ons tegemoet kom en na Jesus toe lei, aanvaar.

Slegs wanneer die Wedergebore Christene stap 9, die Doping van die Heilige Gees bereik het, kan jy ophou om hom/haar te lei. Dit is wanneer die Heilige Gees hulle dan verder tot in die Hemel sal lei.

Elke Volwasse dissipel moet een Wedergebore Christen tot by stap 9 lei en sodra die persoon stap 10 voltooi het en self 'n dissipel word, dan sal julle 'n span van 2 Geesge vulde dissipels wees wat saamwerk en so sal julle groei na 4, 8, 16 en so meer.

Dit is die rede waarom daar miljoene Christene regoor die wêreld is, maar slegs 'n handjie vol van hulle sal ooit die Hemel bereik.

Maak doodseker dat jyself op stap 10 is en lei die volgende persoon tot by stap 10. En lewe dan om tot op stap 11 te kom.

Geseël vir die Ewigheid

En maak dubbel doodseker elke stap is ten volle bemeester voordat jy na die volgende stap toe aanbeweeg. As iemand jou vra om saam met jou vir 'n myl te loop, loop saam met hom vir 2 myle.



## Die Groot Opdrag van Jesus.

**Gaan** (neem die stappe na die Hemel en lei die Wedergebore Christene deur die stappe na die Hemel)

**Dan heen** (Wees 'n volwasse dissipel, Geesge vulde Kind van God, wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die siele wat jy na die Hemel toe gaan lei)

**En maak nuwe dissipels van alle nasies. En doop hulle in die Naam van die Vader** (Die water doping)

En **in die Naam van die Seun** ( gewas in die Bloed van Jesus Christus)

En **in die Naam van die Heilige Gees** (Doping van die Heilige Gees).

**En leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het** (Leer die nuwe dissipel)

En **maak seker hiervan** (maak doodseker dat hulle die Hemel bereik).

---

Email: [radiotrulight@gmail.com](mailto:radiotrulight@gmail.com) Telefoon: +27 65 986 0375  
Pastor Dirk – [pastor.dirk@trulightradioxm.org.za](mailto:pastor.dirk@trulightradioxm.org.za)